

Weg! Ry & Sleep

Kamp in Namibië


3 bestemmings in en om Etosha

WEN

'N ADENDORFF-
GEREEDSKAPSTROLLIE
TER WAARDE VAN
R12 950

SLAGVELDSTORIES

Volg Boer, Brit en Zoeloe in KZN



R140,00 (BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$145,00

NAWEEK IN DIE KAAP Ry Kaappunt toe... en span uit by Miller's Point | **RYGOED** GWM P300 & Tata Curvv | **ZAMBESISTREEK** Kry jou ry deur Namibië se pypsteel | **OUBAAS SE HONNE!** 8 kampplekke vir jou dierekinders | **KAMPGOED** 4 Liberty-waens & Adventure Xtreme Ultimate


WOONWATOETS
BRUISER 4x4 EXPANDER

Luuksheid in die boendes

OP SY NOMMER DIE 4x4-PROF ONTSYFER DIE TAAL OP JOU BANDE



★★★★★
Onvergelykbaar!

Verbeel jou... jy ry die onbekende in, verby waar teer ophou, sonder om een oomblik op gemak in te boet.

Die Quattro is die nuutste luukse avontuurwa van Mobi Lodge, dit is jou ideale metgesel as jy op soek is na 'n uiters bekwame 4x4-karavaan, wat herdefinieer wat moontlik is, deur ongeëwenaarde avontuurlustigheid te kombineer met egte 5-ster gerief.

Benewens al die onmisbare Mobi-eienskappe, bied die Quattro:

- Dubbel-as vering vir maksimum stabiliteit
- 'n Ruim badkamer met 'n stap-in stort
- 'n Permanente sitkamer met panoramiese uitsig wat omskep in 'n dubbelbed
- 'n Stylvolle binnenshuise koffiestasie

As die mees premium model in die reeks, gee die Quattro jou méér van alles:

- Meer volkome gerief met 'n elektriese skuif-slaapkamer en 5-meter luifel
- Meer spasie met 'n verlaagde vloer-kas
- Meer gemak met lugversorging en ingeboude waaier-eenhede

Soos jy van Mobi Lodge verwag, spog hy met hoë gehalte plaaslike vakmanskap, pragtige afwerkings, en aerodinamiese lyne wat maak dat die Quattro moeiteloos sleep.

Besoek 'n vertoonlokaal naby jou om die ruimte en klas van die Mobi Lodge Quattro self te beleef!

NOU OOK
BESKIKBAAR IN
Kalahari



MOBI LODGE CONTINENTAL


Die Mobi Lodge Continental is 'n luukse avontuurwa, met 'n uitskuif-slaapkamer, hotelgraad eiland-dubbelbed en 'n ruim en-suite badkamer, wat ongeëwenaarde gerief bied.



MOBI LODGE XL

Sleep klein & kamp GROOT! Die Mobi XL is 'n rewolusionêre veldkaravaan wat luukse kampering herdefinieer met sy kompakte maar duurzame ontwerp.

Die winter is verby



Ek is nog altyd versot op hierdie tyd van die jaar. Die lente het nou al 'n klompie weke gehad om die winter behoorlik die deur te wys en ons is sterk op pad na die einde van die jaar.

Dis asof daar iets magies in die lug is wat 'n mens nuut laat asemhaal. Die sagte geur van bloeiers, die warmte van die sonstrale en die belofte van langer dae wat vra vir avontuur. Ná 'n lang, stil winter is dit asof die wêreld self weer lewe kry, en dít beteken nêr een ding: Dit is tyd om weer in te pak, in die pad te val en die natuur binne te vaar.

Vir mense soos ons is hierdie maande meer as net 'n seisoensverandering. Dit is ook die uitnodiging na plekke waar ons nog nie was nie en om die winterstof van ons tente, waens en rygoed af te vee.

Min dinge klop die opwinding van daardie eerste kamp-naweek ná die winter. Die geur van gebraaide vleis in die lug, die geluid van voëls wat in boomtoppe sing en die sterrehemel bo jou kampvuur. Dit is hierdie klein oomblikke wat ons herinner aan die eenvoud en vreugde van die lewe buite die stadsgedruis.

Die natuur wag met ope arms, en noudat die koue maande agter ons is, is daar nie meer 'n verskoning nie. Sien jou om die kampvuur!

Ek herinner jou graag dat die 2025-uitgawe van ons Woonwakoopgids nou op die rak is. Leon het ouder gewoonte die lei-sels gevat en die enigste alles-wat-jy-moet-weet-gids oor die plaaslike woonwabedryf in een tydskrif saamgevat.

Die Koopgids is 'n vertoonvenster waar jy meer as 300 verskillende modelle kan sien en met mekaar vergelyk. Dit is 23 meer as verlede jaar se aanbod, met 'n verstommende 47 nuwe modelle wat in die laaste 12 maande die lig gesien het. Trouens, oor die afgelope drie jaar het die verskeidenheid modelle met meer as 20% gegroei.

Buiten die nuutste foto's sluit die gids ook al die basiese inligting soos mates, gewigte, boumateriale en pryse in.

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

Inhoud

#69 | Oktober-November 2025



ROETES WAT ROEP 76



4x4-BESTEMMING 56



KAMPBESTEMMING 40

4

ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

8 POSBUS

18 NUUS

28 NUWE KAMPGOED

36 NUWE RYGOED

80 DIEREVAKANSIE

84 RY-INDRUK

88 WOONWATOETS

92 4x4-PROFESSOR

96 KAMPKOS

113 BLOKRAAI

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS



5

2

5

3

1

4

2

OORGRENSGESPREK 74

NAWEEKKAMP 68

#69 VOORBLADFOTO – SOPHIA VAN TAAK

“Veroorsaak olifante met opset 'n verkeersknoep soos dié? Hierdie troppie het die pad tussen die Etosha-kampe Olifantsrus en Okaukuejo byna 'n halfuur lank ordentlik versper deur heen en weer te mik, maar nooit heeltemal opsy te staan nie. Wie weet, dalk wou hulle net met die twee kalfies spog. (Lees die artikel op bl. 40.)”



Kameraverstellings Nikon D610, f13, 200ste van 'n sekonde, 380 mm, ISO 100

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAAR OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD peter@subteks.co.za

KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

FINANSIËLE BESTUURDER LANA GOLIATH

BEDRYFSHOOF EDWINA LYNERS

HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

danie.nell@media24.com 082 859 0542

KLIËNTBESTUURDER SHARLENE SMITH

sharlene.smith@media24.com 083 583 1604

KLIËNTBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

sanetha.meintjies@media24.com 082 957 9747

INKOMSTEHOOFT NERISA COETZEE

nerisa.coetzee@media24.com

HOOF: DIVERSE PROJEKTE FRANCOIS MALAN

francois.malan@media24.com

ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF LAILA MAJIET

KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI

REDAKTEUR SPESIALE PROJEKTE GERDA ENGELBRECHT

gerda.engelbrecht@media24.com

PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH

SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

KONTAK ONS

ANN DU BOIS 011 713 9529 ann.dubois@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

087 353 1300 | +27 21 065 0033 (internasionaal)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1287

SMS "diens" na 31069 | subs@media24.com



DRUKWERK NOVUS PRINT
Alle regte voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van
die Ouditburo vir Sirkulasie

© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24

SAVANNAH 3 BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.5m

SAVANNAH 4 BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m

SAVANNAH 5 BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m

SENIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT

- > 320GSM SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > 540GSM SWAARDIENS PVC-GRONDSEIL
- > 8.5MM GEËLEKTROPLATEERDE HOË TREKASTE STAALRAAM
- > BINNE/BUITE VENSTER SLUITING
- > HITTE LUGGAT MET BINNESLUITING



3VENSTERS
BINNE- EN
BUITESLUITING

SENIOR
3.0m x 3.0m x 2.2m

RANGER SAFARI BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.8m

JUNIOR WANDERER BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR WANDERER BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m

JUNIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.65m

SAHARA DELUXE



6.0m x 2.9m x 2.65m

SAHARA LODGE



8.0m x 2.9m x 2.65m

SAHARA GRAND



8.0m x 2.9m x 2.5m

Startopening

Ingeboude
badkamer

EXTREME ICE BOX

Hou ys

vir tot 7 dae

- 20L - 50cm x 35cm x 36cm **R1 999⁰⁰**
- 40L - 61cm x 43cm x 43cm **R2 999⁰⁰**
- 60L - 80cm x 43cm x 43cm **R3 999⁰⁰**
- 90L - 89cm x 49cm x 49cm **R5 500⁰⁰**
- 120L - 101cm x 53cm x 48cm **R6 200⁰⁰**
- 140L - 90cm x 58cm x 57cm **R6 999⁰⁰**
- 200L - 135cm x 50cm x 54cm **R11 999⁰⁰**



PLAT INLE-
SKANIERE

RATELBANDGLEUWE (KAN DEKSEL
OOPMAAK TERWYL DIT VAS IS)

SWAARDIENS
PE-GEVORMDE NYLON DOP

SWAARDIENS
SILIKOON KNIPPE

RUBBER-
VERSEËLDE DEKSEL

GEÏNTEGREERDE
LINIAAL OM
VISTE MEET OP
DEKSEL

ROLWIELE
90L/ 120L/ 140L/ 200L

PU-SPONS VULSEL

SLUITBAAR

VLEKVRYE STAAL
BOTTELOOPMAKER

RATELGLEUWE

TOUHANDVATSELS MET
SAGTE GREEP

RUBBERVOETE

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

takealot

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



EZ-UP KAMPBED



DELUXE KLEIN KAMPBED



DELUXE GROOT KAMPBED



OPBLAAS MATRAS 5CM



SPONS OPROLMATRAS



BUNDU-WASBAK



OPVOU-WASBAK 13L



12-STUK EMALJE-STEL



TENTCO EETSTEL (4 PERSONE)



TENTCO EETSTEL (6 PERSONE)



OPVOU-GRAAF



3-RAK DELUXE KASSIE



4-RAK DELUXE KASSIE



KOMBUISKABINET DELUXE



ALUMINIUM DUBBEL SKOTTELGOEDWASTAFEL

Ingesluit: 2 wasbakke en droograk



VEELDOELIGE STAALTAFEL



R1 100⁰⁰

MAKLIK OM ROND TE DRA

*Bykomstighede
uitgesluit

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleep@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. Ry & Sleep behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

‘Wat maak die Vrystaters hier?’

Met ons aftrede vanjaar besluit ek en my vrou, Verna, om met 2024 se Weg Namibië in die hand te gaan toer in Namibië, Zambië en Botswana.

Ons vertrek einde April 2025 en besluit om sover moontlik met ons driemantent te kamp.

Die Suzuki Vitara draf voor met die 5 voet-sleepwa agterna, gelaai met toerusting en ’n matras op die deksel. Ons trek eerste in by die Augrabieswaterval ná ’n draai op Keimoes en Kakamas. Ons loer ook in by die Pienk Padstal en gaan kyk by Kanoneiland na die brug oor die Oranjerivier.

Dis ’n belewenis om die waterval in volle vloed te sien, maar die badkamers in die kampplek is teleurstellend.

Die volgende dag ry ons Namibië by Onseepkans binne en besoek Karasburg, ’n plek waar jy ál jou benodighede kan aanskaf. Voor ons twee nagte in Hobas oornag, maak ons keel nat by die Grünau-hotel.

Dit het ’n week gelede gesous en ons val vas in die nat sand, maar kry onself met ’n graaf uit die penarie. Ons bewonder die prag van die Visriviercanyon en besoek ook die Canyon Roadhouse.

Nautedam is die volgende dag aan die beurt – hier bestel ons twee klein koppies koffie by die jenewerkelders wat ’n stewige R50 elk kos. Daarna koop ons heerlike biltong, vetkoek en goedkoper koffie by Die Biltongplaas, 50 km voor Aus. Op Aus is dit tyd vir ’n koue bier. Ons sien ook die wilde perde van die woestyn en hulle is so mak soos lammetjies. >



BRIEF

Barend wen ’n koelsak ter waarde van R485. Of jy nou kamp, pieknik hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir ’n kosblik én genoeg ruimte vir ’n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir ’n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met ’n PVC-laag uitgevoer, wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook ’n handvat wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook ’n skouerband as jy jou hande los wil hê.

campcover.co.za

Ope-naweek!

15 - 16 November 2025

Kom besigtig ons opwindende nuwe modelle.
Nuwe Okto Wasp, Okto Castello Gravellor, 3 Sterk Gecko
veld-woonwaens, en die liggewig, B-lisensie gereed,
Vagabond Rogue Teardrop woonwa!



Ook te besigtig, die reeks Okto-woonwaens, Luukse Nayela en
sterk Afrispoor veld-woonwaens en die populêre Edge-Out Teardrop sleepwa.
Besoek ook ons volledig toegeruste LeisureWorld-winkel, gelukkigetrekking
vir 'n 12kg/220V National Luna ysmasjien en veel meer!



Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456



Op Lüderitz is die Kreeffees aan die gang en ons slaap die nag oor in 'n gaste-huis. Ons is eintlik op pad Solitaire toe, maar kamp by Helmeringhausen ná 'n toer deur Kolmanskop. Nog nooit het ons soveel helder sterre gesien nie. Die pad na Solitaire is in swak toestand.

Die volgende dag koop ons by Malta-höhe 'n koffie, en soos elke toeris eet ons appeltart by die Moose McGregor Desert-bakkerij op Solitaire, hoewel dit vir ons 'n effense teleurstelling is. Boonop is dit die eerste aand dat die wind toeslaan.

Ons trek in by Duin 7 op pad na Swakopmund en bewonder die mense wat dit uitklim met iets te drink in die hand. Ons kamp drie dae by Windpomp 14 by Swakop – heerlik!

Ons gaan loer in by die Walvisbaai se hawe, en nuttig terug op Swakop 'n ete by die Jetty 1905-restaurant. Ons maak ook tyd vir 'n dagbesoek aan Hentiesbaai.

Ons kies koers na Windhoek en kamp by 'n gawe kampplek met die naam UrbanCamp. Ons kuier ook heerlik by Joe's Beerhouse. Die Sachsenheim-gasteplaas by die Etosha-park is volgende, maar ons trek eers af by Tsumeb. Terwyl ons iets te drink geniet by die Minenhotel, bring 'n klomp ou weermagkente-kens teen die muur herinneringe terug.

Ruacana is volgende. Tussen Oshivello, Ondangwa, en Oshakati is aaneenlopende besighede, waaronder motorwasserye en kroë – by die Omuhama-kroeg bestel ek 'n yskoue Lion nadat ek in die mooiste Afrikaans gegroet word. "Wat maak die Vrystaters hier?" wil die eienaar weet nadat hy ons voertuignommerplaat sien. Ons kamp die aand by Eha-lodge.

Rundu volg waar ons op gras kamp by die Taranga-safarilodge en 'n Tafel-lager op die drywende kroeg geniet. Hierna trek ons in by die Ngepi-kamp. Dis hier waar ons 'n band op die sleepwa verloor – die enigste keer op die toer – én daar is perdebyneste in die vrouebadkamers. Nietemin is die besoek die moeite werd, al is dit net om telkens Verna se angs te sien en hoor wanneer die seekoeie saans tekere gaan.

Voor ons Zambië binnery, oornag ons by die Chobe-rivierkamp. Hier het jy jou eie kombuis en badkamer binne-in 'n permanente tent met 'n dek. Terwyl ons 'n drankie geniet, sien ons seekoeie, kameelperde, olifante en 'n krokodil.

Die volgende dag ry ons Botswana deur die Ngoma-grenspas binne en vorder tot by die Kazungula-grenspas om Zambië

oor die bekende en gelyknamige brug binne te ry. Aan die Zambiese kant van die grenspas word ons drie uur opgehou, maar op pad na Livingstone word ons beloon met buffels, olifante en, 'n hoogtepunt, 'n trop leeuus langs die pad.

By Livingstone bly ons drie nagte in 'n tweebedtent. Vir ons is die dorp duur. Ek word siek, maar danksy die medisyne van ons nuwe vriende Christo en Almarie Snyman van Windhoek is ek binne twee dae weer op die been. Die Victoria-waterval is, soos almal sê, 'n belewenis.

Terug in Botswana kamp ons by die Nata-lodge en dan by Woodlands Stop Over & Lodge, 'n pragtige kampplek naby Francistown. By Gaborone slaap ons oor in 'n gastehuis by Crocodile Pools.

Ons ry tuisbodem by die Skilpadshek-grenspas binne, trek op Groot-Marico af vir 'n paar bottels mampoer en oornag by ATKV se Buffelspoort-oord. Ons geniet die warmwaterswembad en besoek ook die Hartbeespoortdam.

Ná altesame 22 nagte op reis is ons terug in Bloemfontein. Ons is klaar besig om ons volgende reis – na die Kruger-wildtuin – te beplan. Intussen het ons ook 'n woonwa aangeskaf.

Dit hele rit was 7904 km en die brandstofverbruik 7,5 l/100 km – ons brandstofrekening was R12 785. Die verblyf was R17 583, en die hele reis – alle bederf ingesluit – rondom R60 000.

BAREND EN VERNA KOORSEN

Bloemfontein >



OP EIE HOUTJIE. Gewone kar, gewone sleepwa... niks keer jou om op jou eie 'n wye draai oor die grens te gooi nie.





Die Stealth Kudu Karavaan

Gerief wat jou volg



Gaan Enige Plek:
2 500 kg as, 17"
veldrybande.

Bly Af-Die-Netwerk:
100Ah litiumbattery,
Victron-laaistelsel,
tot 200L water.

Leef Gerieflik:
Koninggroottebed,
binnestort,
volledige kombuis.

Reis Liger:
1 350 kg Tare,
aerodinamiese
ontwerp.

Stel bekend: Die Stealth Kudu Karavaan

Jou 2-bed veldry-karavaan met volle badkamer



Geen terrein te moeilik nie, geen bestemming te ver nie – met die Kudu gaan avontuur en gemak hand-aan-hand.



www.stealthcaravans.co.za



Ter voorbereiding van ons eerste Botswana-avontuur probeer ons alles lees en kyk – van YouTube-video's tot artikels en kampstories.

Ons lees van Jacques Greeff se raad in die Junie-Julie 2025-uitgawe om vooraf vleis in Palapye te bestel. So gesê, so gedaan. Die filet en wors is van goeie gehalte, maar die skaaptjops nie heeltemal nie. Laat ons maar erken: ons is vleissnobs.

Ons is deur die Stockpoort-grenspas en kan dit aanbeveel: Dinge loop vinnig en maklik, en dis nie oorvol nie. Die grondpad tot by Mahalapye is heel aanvaarbaar. Die dorp het ook 'n moderne winkelkompleks en 'n indrukwekkende slaghuis wat ons van die pad af kan sien.

Kubu-eiland by Xhumaga is pragtig.

In Maun is dit eers weer vleistyd. Ons ontdek 'n juweel van 'n plek: Delta Meat Deli. Die oepsies en vleissnitte is puik, soos vleis moet wees.

Deur Moremi, Savuti tot by Kasane begin die volgende soektoeg na goeie vleis. Ons verken verskeie bekende inkopiesentrums, maar helaas... Ons kyk aanlyn, op Facebook en Google, én vra mense op straat, en dis waar ons van Oom Ron hoor. Hy is 80 jaar oud, vol stories, en lewer topgehalte vleis aan lodges in die omgewing. Kontak hom gerus by ron@beefboys.co.bw of ☎ 00 267 7744 8178.

Ons kry 'n perfek gesnyde ribsteak, wors en skaaptjops so dik soos 'n goeie boek. Dis duidelik gesny vir oonde en nie kampvure nie. Maar my skoondogter, Juleen Putter, stuur per WhatsApp-raad uit Suid-Afrika vir die aand se braai – pure goud:

- 1 Braai eers die vetkant.
- 2 Laat die tjop sy storie vertel – stadig en sag.
- 3 Gebruik matige hitte. Laat die binneste wakker word.
- 4 Draai die vleis om, maar nie elke paar sekondes nie.
- 5 Gee die vleis 'n ruskans ná al die hitte.


'n Mens moenie skaam wees om 'n bietjie nuuskierig te wees en vrae te vra nie. Dis hoe jy by die vleiskoning van Kasane uitkom.

GERRIT PUTTER

Secunda >



Vind die vleiskoning





INVADER

Off-Road Campers

Die kampeerwa wat jou neem
waar die pad jou ook al lei.



www.invader.co.za



KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!



'N LANG PAD MET LANG STORIES

Die R355 tussen Calvinia en Ceres is die langste ononderbroke grondpad in Suid-Afrika en 'n berugte bandvreter. Ons lesers deel hulle ervarings ná 'n foto van @noel_cloete wat op ons Facebookblad geplaas is.



Heinrick Strauss

Heinrick Strauss

Goeie kinderdae-herinneringe op hierdie pad. Toe my pa nog geleef het, het ons die pad twee of drie keer 'n jaar gery om familie in die Noord-Kaap te besoek. Dis waar ek en my broer leer bestuur het. Geen rede vir 'n 4x4 of 'n spesiale voertuig nie, net 'n doodgewone een met die regte bande: 13 duim of 14 duim, en 'n wandhoogte van 60, 65, 70 of 75. Geen lae-profielbande nie. Pa het ons geleer hoe om met 'n gewone voertuig op sandpaaie te ry en die banddruk met die regte hoeveelheid te verlaag. Later kan jy weer bande met 'n handpomp of klein kompressor – met sy koord na die sigaret-aanstekersok – oppomp. Ek mis my pa; hy het 'n oplossing vir alles gehad. As daar 'n wil was, het hy dit laat gebeur.



Koos van Zyl

Koos van Zyl

Ek ken grondpaaie, maar stoot op 'n dag té vinnig aan... en daar bars een van die Michelin-bande op my Hilux 4x4. Terwyl ek die band omruil, kom vyf van die plaaslike mense in 'n Ford Escort verby dat die stof so staan. Dit bring 'n man weer terug aarde toe.



Heinrick Strauss

Heinrick Strauss

Ja Koos, daardie mense ken die pad wat hulle met doodgewone karretjies ry. Hulle ken die oppervlak en hoe die grond lê om te ry. In Oktober verlede jaar het my broer die pad met 'n Nissan 1400-bakkie aangedurf, sonder enige probleme. Ons oorlede pa het hom goed geleer.



Mj Scholtes

Mj Scholtes

Jy is veronderstel om 'n dosyn bande saam te neem.



Rynhard Ambross

Rynhard Ambross

Ek het al met my Nissan Almera op daardie pad gery.



Kerneels Jacobus Tieties

Kerneels Jacobus Tieties

Nee wat, ek ry al amper 'n jaar met 'n stel bande: Maandae werk toe en Vrydae terug. Ek het in die Tankwa-Karoo- nasionale park gewerk.



Frederick Botes

Frederick Botes

Eish mense, dis nie raadsaam om met 'n kar op daardie pad te ry nie. Ja, die plaaslike mense ry die pad want hulle verstaan hom; dis meestal met bakkies. Wanneer die pad geskraap is, is hy gaaf, maar met baie reën is hy moeilik. Dan sal jy jou storie moet ken, anders kry jy groot probleme – jy sal maar moet kruip. Dis nie 'n pad vir splinternuwe bande nie; so 40-50% afgeloop óf glad, dan is daar nie vatplek vir die klippe nie. Dis mooi wêreld; my familie is daar op Elandsvlei. Eish, ek moet gaan kuier. >

Rhino-man KAPPIES



*Hoofbeeld toon die
Rhinoman Xpedition-kap.



- Goedgekeur deur alle groot OEM voertuig handelsmerke
- Vervaardig teen motorbedryfstandaarde
- Legendariese duursaamheid
- 2 Jaar-vervaardigerswaarborg



**DUBBELKAJUIT
XTREME KAPPIE
R 46 700 BTW ingesl.**



**DUBBELKAJUIT
XPEDITION KAPPIE
R 41 100 BTW ingesl.**



**DUBBELKAJUIT
LX KAPPIE
R 34 800 BTW ingesl.**

+(27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | www.rhinoman.co.za

**BESIKBAAR
BY:**

Rhino-man

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

**CANOPY
CENTRE**
LONDON LONDON LONDON

Waar's die nommers?



Ek het Cyril Klopper se artikel “Die geheim van die Oos-Kaapse Karoo” – oor die roete met die tien poorte en een nek – in die Junie-Julie 2025-uitgawe gelees en wil ook die roete ry.

Ek het net een probleem: Ek kry dit nie uitgestippel op Google Maps nie, en ook nie op my Tracks4Africa-kaartboek nie.

Ons is gek daaroor om grondpadpasse en deur poorte te ry, en terselfdertyd klein plekke en nedersettings te besoek. Ons het 'n klompie jaar gelede van Klipplaat af oor Swanepoelspoort deur Willowmore gery tot by die Prins Alfredpas tussen Uniondale en Knysna.

Die tien poorte lyk na 'n lekker roete op pad Addo toe.

Die vraag is watter kaarte Cyril gebruik om sy roetes te beplan? Hy verwys na die P1852-plaaspad; watter kaarte toon hierdie soort pad-nommers? Die Tracks4Africa-kaartboek, byvoorbeeld, het dit nie.

Cyril se artikel was baie leersaam en dis waarom ek dit wil ry. Ons wil dit ook beleef.

WYNAND DU PLESSIS

Cyril antwoord Ek gebruik Tracks4Africa se digitale kaart op my GPS-toestel, en ja, die kleiner plaaspaaie is ongelukkig ook nie op my GPS genommer nie. 'n Mens moet maar die plaaspaaie se nommers volg soos jy hulle langs die pad sien. Ek weet dis dalk nie duidelike hulp nie, maar dis ongelukkig die aard van die streek.



Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



GONAREZHOU- NASIONALE PARK, ZIMBABWE
Foto @scenic_africa_



DE HOOP, RICHTERSVELD
Foto @ourlifeinafrica_



KUBU-EILAND, BOTSWANA
Foto @dust_and_diesel_overlanding



WATERBERG, LIMPOPO
Foto @cruiser_chronicles_overlanding

The logo for FVELDT, featuring a stylized white triangle icon to the left of the brand name in a bold, sans-serif font.A family of four (father, mother, and two children) are camping on a rocky shore. They are dressed in warm outdoor gear like parkas and beanies. The father is pouring from a thermos, the mother is holding a mug, and the children are eating. A small table holds food and drink. A green tent is visible in the foreground, and a green folding chair is on the right. The background shows a rocky coastline under a cloudy sky.

**WAAR
JOU
AVONTUUR
BEGIN**

DIE ADVENTURER SERIES™

Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.



Beskikbaar in 'n 2-, 3- en 4-Slaap.

Nuwe kampplek vir Ouberg



Net 20km anderkant Montagu kan jy nou rus en vrede gaan opsoek by die Ouberg-reservaat. Dis 900 ha se skone Klein-Karoo-natuur waar jy jou kan tuismaak op een van vyf splinternuwe staanplekke.

By Ouberg se nuwe kampplek kry jy 'n blaaskans diep in die berge waar selfs geen selfoonsein jou kan bykom nie. (Jy is darem nie heeltemal van die buitewêreld afgesny nie, want hier is gratis wifi beskikbaar op jou staanplek.)

Elk van die staanplekke is op 'n skoon-gemaakte kol in die veld met 'n klein braaiplek (met 'n rooster) en 'n kraan waaruit jy boorgatwater kan tap. Elke staanplek het 'n rietskuiling op vier pale waarvan twee kante toegemaak is. Verder is die eienaars, Richard en Susan Gie, besig om 'n plonspoel vir kampeerdere te bou.

Die staanplekke is in 'n ry langs 'n droë loop en heet Marty, Sengi, TinTin, Stash en Digby 877 – Susan verduidelik die name is afkomstig van vriende se kampgoed.

Die badkamers is die nuutste toevoeging – voorheen het kampeerdere geriewe



van die permanente tente 'n entjie hiervandaan gedeel. Hier is twee buitestorte weerskante van 'n dubbele skottelgoed-opwasbak. Die wasbak self is onder die dak wat tot oor die stortgedeeltes loop. Die storte het 'n rietskans rondom vir privaatheid en die twee toilette is aan die rugkant van die wasbakke.

Die warm water kom van 'n gasgeiser en hierdie is ook die enigste punt in die kampplek met krag, maar net bedoel vir toestelle wat 'n ligte stroom trek.

Kampeerdere is welkom om die omgewing te voet of op 'n fiets te verken en die wild van die omgewing te sien – hier's geen gevaarlike diere nie. Jy kan ook reël

vir 'n begeleide toer saam met 'n gids (R50 p.p.) as jy meer wil weet oor die natuur en omgewing.

Jy moet met alle proviand opdaag wat jy gedurende jou kamptyd gaan nodig kry. Hier is wel hout (R30), ys (R25) en braai-pakke (R140-R190, elk bedoel vir twee mense) beskikbaar.

Die laaste 16km van die naaste teerpad af tot by die hek is grondpad.

Prys R150, R300, R350 of R400 p.n. per staanplek vir onderskeidelik vir 1, 2, 3 of 4 kampeerdere.

Kontak 📞 info@ouberg.co.za

🌐 ouberg.co.za

GPS S33.729763 E20.267555

>



**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -

KOOP AANLYN
LANDSWYD AFLEWERING
www.pretoriacaravans.co.za
info@pretoriacaravans.co.za
Tel: 012 329 2259
h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St
Gezina, Pretoria



Die Topbestemming vir...

Nuwe Karavane | Gebruikte Karavane | Onderdele | Kamptoeerusting | Toebehore



Veselglaswerk - Versekeringseise -
Yskas inbouings - Ongelukskade -
Buite kombuise - Ombouings -
Lugversorging - Herstelwerk -
Dienste - Houtvrot -
Onderstel dienste - Haelskade -

Instandhouding | Installasie | Herstel | Herbou | Verbouing

...Karavaan Spesialiste

www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za
Tel: 012 944 2487
h/ Johan Heyns Dr & Jacobs St,
Gezina, Pretoria

Nou oop in KZN!
061 474 5568



Stap 1: Vat die langpad na jou avontuur



DELTA AIR **Off-Road**

PLATINUM WEERGAWE

Vanaf R479, 999 insluitend BTW
Finansiering beskikbaar by alle groot banke.

Slaap 2 |
Automatiese Dak |
Self-opblaas tent



S6 AIR **Off-road**

PLATINUM WEERGAWE

Vanaf R499, 999 insluitend BTW
Finansiering beskikbaar by alle groot banke.

Slaap 6 |
Self-opblaas tent



Product licence for manufacture and supply granted by **opuscamper.com** Patent 2018/06212

Stap 2: Kyk hoe jou tent homself opblaas, binne 10 minute



Dit is wat mens mos
kamp noem.

Ontdek volgende vlak kampering met ons **opblaasbare tent-tegnologie**. Geen meer metaalpale nodig nie; slaan jou tent op-en-af binne minute.

Kamp was nog nooit so gerieflik nie.



Vind meer uit hier: www.alphago.co.za | 072 362 3175 | info@alphago.co.za

Jakkals kry tweede asem

Die kampplek Jakkals Asem van Andrew en Mariska Gray net anderkant Dinokeng was tot onlangs toe betreklik onder die radar omdat dit op jeuggroepe gerig was.

Sedert die Covid-19-pandemie het die prentjie egter verander en kampeerders kan hulle op die drie bosstaanplekke – Duiker, Indaba en Skilpad – tuismaak. Die egpaar het dit self ontwerp en Andrew het vir die vakmanskap gesorg.

Die nuutste toevoeging is die Maroela-staanplek, 'n private staanplek wat sy eie geriewe het.

Die eerste drie deel badkamergeriewe en is in dieselfde deel van die 21 ha-terrein ingerig, elkeen heel privaat, terwyl Maroela aan die ander kant van die perseel en meer afgesonder is.

Buiten ooreenkomste soos 'n geboude braaiplek en kraan, het Maroela ook 'n aparte kombuis en badkamer. Die kombuis het 'n oop uitleg onder 'n dak en jy kan die veld rondom jou sien. Die betonwerkblad staan soos 'n groot U onder die dak met 'n wasbak in die een kant.

Die stort is lekker ruim en op die een kant van die badkamergebou, terwyl die toilet en wasbak in die ander deel is. Die donkie staan skuins oorkant die kombuis en die opsigter hou dit aan die gang.

Jy kamp deels op geplante en veldgras, en net soos by die ander staanplekke is hier danksy twee maroelabome genoeg koelte. Maroela is groot genoeg vir 'n gesin of klein groepie vriende omdat tot drie boswaens hier inpas.

Net soos by Indaba het Maroela ook 'n houtbrandbad (of dan *hot tub*). Hier is 'n Fredlin-kragpunt vir jou woonwa en 'n drie-puntsok by die badkamers én in die kombuis.

Jy gaan dalk ystervarke en wilde hase te sien kry, maar hier is nie eintlik ander klein-wild nie. Die 7 km grondpad tot by die kampplek word goed onderhou.

Prys R250-R1 050 p.n. vir Maroela (afhangend van die aantal mense, die dag, seisoen en hoe lank jou bespreking is). Die ander 3 staanplekke kos R100-R500. Hoogstens 6 mense word per staanplek toegelaat.

Kontak 066 246 3391

info@jakkalsasem.co.za

jakkalsasem.co.za

GPS S25.334145 E28.455053

>



SilverLakes

CARAVANS & TRAILERS

950 Lynnwood Weg* Equestria * Pretoria
012 - 944 1919 * 012 - 807 5651

KARAVANE & SLEEPWAENS * VERKOPE EN VERHURINGS



KARAVANE & SLEEPWAENS
NUUT
&
GEBRUIKTE
Inruil Welkom



Venter

SLEEPWAENS / AL DIE PAD AGTER JOU!

**NUUT & GEBRUIKTE
VERKOPE
&
VERHURINGS**



**Sterk genoeg vir enige vraag!
Koop dit! of Huur dit!**

Inruil Welkom

BOKSBURG

Winkel No: 1*Venter Sentrum
h/v. Noord Rand & Rietfontein weg.

011-826 1529

PRETORIA 950 Lynnwood Weg * Equestria* Pretoria **012-8075651**

Tata is terug

Die Tata-groep is met mening terug in Suid-Afrika en het pas sy dog-termaatskappy vir passasiersvoertuie hier bekend gestel wat Tata Motors Passenger Vehicles genoem word.

Tata sê dis 'n nuwe begin vir die maatskappy ná 'n ernstige herstrukturering-proses wat onlangs plaasgevind en daartoe gelei het dat passasiers- en kommersiële voertuie voortaan deur aparte maatskappye bedryf sal word.

Saam met sy terugkoms na Suid-Afrika bring Tata vier voertuie: die Harrier, die Curvv (ons bekyk hom op bl. 36 van nader), die Punch en die Tiago.

Die Harrier is Tata se volggrootte sportnutsvoertuig met 'n 2ℓ-Kryotec-viersilinderturbodiesel en sesspoed- outomatiese ratkas, en het 5 sterre losgeslaan in die Europese NCAP-botstoets, wat aan hom die titel van die veiligste voertuig in Indië besorg het.

Volgende is die Curvv, 'n kompakte sportnuts wat aangedryf word deur Tata se 1,2ℓ-Revoton- turboaangejaagde petrolenj in met óf 'n sesganghandrat óf sewespoed- outomatiese ratkas met 'n dubbelkoppelaarstelsel. Die Curvv word in ander markte ook aangebied met 'n turbodieselenjin en met volle elektriese aandrywing.

Die Punch is 'n kruisnuts met dieselfde 1,2ℓ-Revoton-petrolenj in as in die Curvv, maar sonder 'n turboaanjaer en met 'n kleiner bakwerk. In die Punch kan jy kies tussen 'n gewone handrat en 'n geoutomatiseerde handrat (AMT) wat ratwisseling namens jou behartig, maar dit is nie so glad as 'n volledig outomatiese ratkas nie. Die Punch is in vyf afwerkingsvlakke beskikbaar – sy teikenmark is jong mense en almal wat jonk van gees is.

Laastens is die Tata Tiago bedoel vir die lewe in die stad sonder enige ambisie om grondpad te takel. Die Tiago kry dieselfde 1,2ℓ-Revoton-petrolenj in sonder 'n turboaanjaer, en jy kan hier ook kies uit 'n handrat of AMT-ratkas.

Kontak  tatacars.co.za



Harrier 2.0TD Pure (outo).....	R549 900
Harrier 2.0TD Adventure (outo).....	R649 900
Harrier 2.0TD Fearless (outo).....	R699 900
Curvv 1.2T Pute (handrat).....	R349 900
Curvv 1.2T Creative (outo).....	R419 900
Curvv 1.2T Accomplished (outo)	R519 900
Punch 1.2 Adventure (handrat)	R244 900
Punch 1.2 Adventure + S (handrat).....	R269 900
Punch 1.2 Adventure + S (AMT)	R288 900
Punch 1.2 Accomplished + (AMT)	R309 900
Punch 1.2 Creative + (AMT)	R339 900
Tiago 1.2 XM (handrat)	R184 900
Tiago 1.2 XT (handrat).....	R209 900
Tiago 1.2 XT (AMT)	R224 900

Wen saam met Adendorff!

Werk vinniger, netjieser en slimmer met hierdie gereedskapopgradering van Adendorff ter waarde van R12950.

Hier is jou kans om die MAC AFRIC-CRV-gereedskapstrolie met 207 stukke in 7 laaie te wen. Dit is 'n revolusionêre toevoeging tot enige werkstasie, met sterk 120 mm-rubberwiele wat rol na waar jy ook al moet werk. Dit bestaan uit topgehalte-gereedskap – van moersleutels tot skroewedraaiers – en alles is netjies georganiseer vir maklike toegang. Die trolie is ontwerp vir doeltreffendheid met 'n slim tafelbladuitleg, en is 'n móét vir enige werkspasie.

SMS die woord **Adendorff** plus jou volle naam, nommer, huis- of posadres, en e-posadres na **35121**.

• Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 31 Oktober 2025.

1 Enige permanente SA inwoner van ouer as 18 jaar mag vir kompetisies en weggeepryse inskryf. **2** Personelede (en hulle naaste familieledede) van die onderskeie prysborge en Media24, asook hulle adverteerders, skakelafdelings en digitale agentskappe, mag nie deelneem nie. **3** Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. **4** Pryse is nie oordraagbaar nie en mag nie in kontant omgeskakel word nie. **5** Deur jou kontakbesonderhede te verskaf gee jy ons toestemming om deur hierdie kanale met jou te kommunikeer.



Volg Ons

SPORE

Caprivi

Kazuma Pan

Hwange

Nata

Makgadikgadi
Panne

Die Ultimate Routes-span is sopas terug van hul onlangse verkenningreis; 'n oorgrens avontuur gepas vir gesinne!

Ons is opgewonde, geïnspireerd en effens stowwerig - maar propvol herinneringe, wilde ervarings en spesiale gesinstyd terwyl ons 'normale kampgoed' geniet het.

Ons groep was mal oor die welige kampeerplekke en skoonheid van die Caprivi se wildreservate, met beide land- en wateraktiwiteite om te geniet vir die hele gesin!

Ons het rustigheid van die minste-besoekte park in Zimbabwe gevind, en toe die ongetemde wildernis van die Hwange-nasionale park ervaar. Makgadikgadi-panne was 'n vol eindelose horisonne, kameeldoringkadu en trekwild wat in rivierbeddings bymekaar gekom het!

Hierdie reis is maklik gedoen met 2 Bushlappas en 'n daktent en ons het beplan vir 'n lekker kombinasie van kampering en selfsorgverblyf - uitstekende plekke geprys vir die Suid-Afrikaanse beursie.

Vir sulke roetes en meer, kontak ons gerus!

hello@ultimateroutes.co.za | ultimateroutes.co.za





Kleitrap is lekker met Renault!

Renault Suid-Afrika het in samewerking met Tennis SA en die Potchefstroomse kampus van die Universiteit van Noordwes 'n toernooi aangebied waar tennisspelers van topskole vir die eerste keer op die enigste vyf eg Italiaanse kleitennisbane in die land kon speel.

Altesame 200 spelers in die ouderdomsgroepe o.12, o.14 en o.16 het in Mei en Augustus vanjaar aan vier toernooie deelgeneem.

Die topgekeurde Heinrich Rootman (mans ope), Kaylin Kroon (o.16 meisies), Alexander Bell (o.16 seuns), Haniela Hans de Andrade (o.12 meisies) en Takuto Kasahara (o.12 seuns) het almal aan die verwagtinge voldoen deur die titels in hulle onderskeie afdelings te wen.

Haniela Hans de Andrade was die indrukwekkendste van die klomp en het net twee stelle in haar drie wedstryde verloor.

Ines Foucque (o.16 meisies), Mila Dannhauser (o.14 meisies) en Luca Muller (o.14 seuns) was ongekeur vir die toernooi, maar het nietemin die titels in hulle kategorieë verower.

Nosipho Manitshana, adjunkpresident van bemaking en kommunikasie by Renault SA, sê sy is trots dat Renault 'n bydrae kon lewer sodat jong Suid-Afrikaners ondervinding op hoëgehalte-bane kan opdoen.

Die o.12- en o.14-wenners is nie bietjie trots op hulle toekennings wat hulle by die Renault-kleibaan-uitdaging ontvang het.

Isuzu skenk skoene vir skole

Isuzu Motors Suid-Afrika het 'n poging aangewend om skole meer toeganklik te maak vir mindergegoede gemeenskappe deur 820 paar skoolskoene en -sokkies by twee laerskole in Gauteng en die Oos-Kaap af te lewer.

Die skoene is vervaardig deur My Walk, 'n nieregeringsorganisasie wat herwonne mediese afval gebruik om duursame en betroubare skoene te maak. Volgens My Walk is dit nie net omgewingsvriendelik nie, maar dit skep ook werkgeleenthede aan werkloses.

Mandla Sibonyoni, hoof van die Laerskool Mikateka in Midrand, sê kinders wat trots het in hulle voorkoms, presteer ook beter in die akademie. "Sommige van ons leerders het nog nooit skoolskoene besit nie," het hy gesê.

Die projek is een van vele deur Isuzu Motors Suid-Afrika om mense in mindergegoede gemeenskappe uit armoede te lig sodat hulle 'n positiewe bydrae tot die land kan maak.





STEWIG GENOEG VIR DIE ROETE. GERIEFLIK GENOEG OM TE BLY.

Die Rooivalk C2- en C4-modelle kombineer soliede staalwerk, unieke ontwerp en slim stelsels, sodat jy verder, langer en met volle gemak kan verken.



- Gemaak van duursame 3CR12 vlekvrystaal
- Buitekombuis, gas-elektriese geisers en sonkrag-gereed
- Veldry getoetste onderstel & opslaan-dak
- Keuse van uitleg, kleure & opgraderings

ONTWERP VIR AVONTUUR. GEREED VIR JOU.

www.rooivalkoffroadsa.com | Leanie: 083 660 9975 | Kotie: 083 226 2129 | info@rooivalkoffroad.com

Vryheid in 'n Liberty

Liberty-woonwaens se reeks van vier modelle behels 'n bed-op-wiele en 'n dubbelas-hotelkamer... en alles tussenin.

Teks **Leon Botha**

LIBERTY CARAVANS

Die Oos-Kaapse woonwavervaardiger Liberty is nie oral ewe bekend nie, want tot dusver is die meeste van sy modelle in en om Gqeberha verkoop. Nou is die eienaar, Dawid Barnard, gereed om sy vlerke te sprei.

Dawid reis al jare lank kruis en dwars oor die vasteland en het altyd met 'n tent gekamp. Dit is dié ervarings wat nou gestalte kry in sy Liberty-waens, wat verskeie luukse bied, maar ook vir die boendes gerat is.

Gebou om te hou

In enige wa is die boumateriaal van deurslaggewende belang. Uit die staanspoor is dit duidelik dat 'n Liberty gebou word om te hou.

'n Aluminiumraamwerk pas bo-op 'n gegalvaniseerde onderstel en 'n veselglaslaag rond dit af met 'n heuningkoeksamstelling as isolering. Die vloer se materiaal is soortgelyk, wat sorg vir 'n woonwa wat struktuurgewys so te sê onderhoudvry is.

Daar is vier modelle: Die kleinste een is die LC2 Go, die middelste twee die LC2 en 4, en die vlagskip heet die Cruiser. Hulle standaardtoerusting stem ooreen: 'n tweekamersstoof, battery (standaarddiepsiklus tot litium); watertenks (100-190 l), 'n 3 kg-gassilinder en 'n stoepdak.

Die LC2 Go is gegrond op 'n traandruppelwa – die binnekant bestaan omtrent net uit 'n bed met die buitekombuis agter. Teen 'n brutovoertuigmassa (BVM) van 1 200 kg sal jy hom met 'n vyfdeur-Jimny kan sleep.

Die LC2 en LC4 trek die skaal tot 1 650 kg (BVM) en val dus in die gewildste gewigklas.



LC2 GO



LC2





LC4



HANDELAARSNETWERK

Hoofkantoor en aanleg in Gqeberha plus handelaars in Gqeberha (Liberty self), George (TEX Motorcycles ☎ 044 871 0480) en Randburg (Loftus Caravan City ☎ 011 792 1456).

Kontak ☎ 084 206 0109 of 079 360 6197

✉ libertycaravans@gmail.com

🌐 libertycaravans.co.za

Pryse

LC2 GO R330 000 / LC2 R550 000

LC4 R530 000 / Cruiser R780 000



CRUISER



Die syfers in die modelnaam verwys na die slaapplek: Die LC2 het 'n koninginsgrootte bed plus binnebadkamergeriewe, terwyl die LC4 'n stapelbed, bankies en 'n koningin-grootte bed kry.

Die Cruiser het 'n BVM van 2 200-2 400 kg en tel onder die swaargewigte in die land. Dis 'n dubbelas wat in dieselfde asem as Conqueror se UEV-25, die Mobi Lodge Quattro en Nayela se Sahara X genoem kan word. Die Cruiser het 'n volledige binnebadkamer, 'n binne- en buitekombuis, 'n sitgedeelte en 'n eilandbed.

Van nader

Twee derdes van die traandrappelwaens op die mark is smaller as 2 m en het 'n BVM van 750 kg. Teen 2,08 m is net Vagabond en EdgeOut se traandrappels breër as die LC2 Go. Dawid sê die breër ontwerp is vir die ekstra ruimte langs die matras wat 'n luukse is in enige soortgelyke wa.

Die twee ooglopendste verskille tussen die LC2 Go en traandrappelgebaseerde waens is die vensters en kombuis. Traandrappelwaens se syvensters pas as 'n reël in die twee sydeure, terwyl die LC2 Go soliede deure het met vensters in die sypanele. Buksie se twee modelle, die Weekender en Plus, is die enigste ander met paneelvensters.

'n Blad wat langs die kombuis (in die stert) platslaan, is 'n welkome ekstra. Ander modelle met soortgelyke neersitplek is Red Gecko se TDX en van die TrailPod-modelle.

Die LC2 én LC4 het uitslaanbeddens, maar jy het 'n keuse as dit kom by die soort afskorting. As 'n reël hou vervaardigers by seil rondom dié soort bed, maar sommige kampeers reken dit is 'n risiko. Dawid het 'n tweede oplossing: Pleks van seil het die bed soliede kante. Van die ander vervaardigers gebruik byvoorbeeld harde panele wat uitvou om 'n soliede struktuur te vorm, maar hierdie is 'n eenstuk.

Die LC2 het 'n binnestort en spoelkasset-toilet in die agterste deel, terwyl die LC4 hier 'n bankiestel kry wat as bed platslaan met plek vir 'n ekstra stapelbed bo dit.

Hoewel jy steeds 'n netjiese buitekombuis op die Cruiser kry, is die meeste van die luukses binne. Die 160 l-staanyskas is byvoorbeeld net links van die deur met 'n blad langsaaan met 'n versonke wasbak. Die mikrogolfoond staan op die kasblad oorkant dit, en langsaaan is ook 'n bankiestel wat in 'n stapelbed verander. Die badkamer is geskei van die res van die binneruim en regs wanneer jy in die Cruiser klim. Die stort – met sy eie glasdeur – is regs, die gesigwasbak voor jou en die spoelkasset-toilet is links.

Haak en sleep

Soek solank jou staanplek in die bos, want Adventure Xtreme se nuwe Ultimate-model staan kampgereed.

Teks **Leon Botha** Foto's **Theo Wilken, East Rand Caravan World**



ADVENTURE XTREME ULTIMATE

Net soos die res van Adventure Xtreme se waens is die Ultimate se brutovoertuigmassa (BVM) op 1 600 kg vasgestel, wat beteken jy kan hom aan 'n middelslag-sleepvoertuig haak.

Die Ultimate is die enigste model in die reeks wat in sy standaardvorm slaapplek vir drie het, sê die eienaar, Jan-Albert van Niekerk. Kopers kan ook 'n stapelbed kies om 'n vierde mens te huisves.

Driekant

Die buitekombuis is in die linkerkant ingerig en die opwasplek by die stert. Die eilandbed se kopkant trek soos 'n groot laai uit die regterpaneel en word toe in plek gehou met 'n skeepsvrachthouerslot. Jy kan beswaarlik vir 'n beter deurslot op 'n boswa vra.

Die Ultimate het 'n deur in elke sykant, naby die stert. Die een waar jy in klim, is by die buitekombuis. Die storttent slaan langs die ander een op. (Die storttent pas mooi langs die uitgetrekte bed in en het ook 'n eie deur as jy nie weer deur die wa wil klim nie.)

'n Seildak slaan ook diékant uit en is meerdoelig: Eerstens vorm dit die dak van jou



buitestort, en tweedens is dit 'n skans oor die uitgetrekte bed.

Een van die opsionele ekstras is 'n wasgoedreling – die raam daarvoor is vas teen die koppenent van die bed en slaan soos 'n rak oop wanneer jy dit wil gebruik. Dit is heel prakties, want die seildak span tot oor die oopgeslane wasgoedreling.

Die opwasplek se raam is net so lank as wat die wa breed is en vou weg tot teen die romp wanneer jy dit nie gebruik nie. Dit het neersitplek heel links, en 'n los droograk plus

twee los plastiekskottels wat regs inpas. Die spuitkop met 'n verlengpyp is in die kas regs bo die opwasplek met 'n mengkraan vir warm en koue water.

Die storttent se kraan is om die hoek en die geiser in die kasdeur heel voor. Dis deel van die neuskas, waar die gassilinder ook staan.

Die buite-eenheid van die lugreëlaar (9 000 BTU, 220V) staan ook in die neuskas, en die laaier, sonpaneelbeheerder, stroombrekers en battery staan in die verste deel van die kas langs die kombuis.

>

STOF, RY & ONTDEK DIE **AVONTUUR**

Vanaf rowwe 4x4-roetes tot wilde kampplekke, is elke reis 'n kans om verder te gaan, langer te kamp en die opwindning van ware avontuur te beleef.



**OUTDOOR
WAREHOUSE**
vir elke avontuur

SKANDEER WINKEL VINDER

vir jou naaste winkel of skakel tolvry 0800 007 261



OutdoorW



Outdoorwarehouseza




SPESIFIKASIES

Model.....	Ultimate
Slaapplek.....	3
Grootte.....	5,4 x 2,1 x 2,3 m
Tarra.....	1 080 kg
Dravermoë.....	520 kg
BVM.....	1 600 kg
As.....	2 t
Wielgrootte.....	15 duim
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp.....	Aluminium
Prys.....	R454 939

HANDELAARSNETWERK Hoofkantoor in Springs en 9 handelaars in 4 provinsies.

Kontak ☎ 082 775 5346 🌐 adventurextreme.co.za ✉ admin@adventurextreme.co.za



R454 939 **ADVENTURE XTREME ULTIMATE** BVM 1 600 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*

Boswoonwa vir minstens 3 mense met 'n BVM van 1 600 kg in soortgelyke prysklas



R429 000 **BORDERX EXTREME**

Slaapplek vir 2-3, 17 duim-wiele, en romp van heuningkoeksamestelling-paneel en aluminiumraamwerk.



R431 147-R458 793** **ALOE CAMPERI XL**

Slaapplek vir 2-3**, 15 duim-wiele en 'n romp van aluminium met 2K-motorverf.



R485 000 **TUFF CATS SHUMBA 4 MAX**

Slaapplek vir 4, 17 duim-wiele en 'n aluminiumromp.

* Soos gelys in 2025 se Koopgids
** Afhangend van die uitleg



Die kombuis se werkblad slaan plat bo die wiel en die ys-vrieskas (90 l) trek op 'n glyraam uit die kas tussen die kombuis en die neuskas. Terloops, die ruimte waaruit die ys-vrieskas trek, strek deur die romp, wat beteken jy kan as opsionele ekstra 'n tweede yskas in dieselfde ruimte pas wat na die ander kant toe uittrek.

Die werkblad het geen rande nie en is heeltemal oop met niks daarop gemonteer nie. Die tweeplaatgasstoof trek op sy eie glyraam uit die kas agter dit tot bo-oor die blad. Dit is lekker prakties, want jy kan die stoof uit die pad kry wanneer jy dit nie gebruik nie en meer plek op die werkblad hê.

Die kas agter die werkblad het 'n hele paar rakke en laaie plus 'n ruimte vir 'n 19 l-mikrogolfoond.

Binnelangs

'n Dubbele hangkas – iets wat 'n mens nie dikwels teëkom nie – is in die deur regs.



Langs dit is 'n werkblad met 'n versonke gesigwasbak en kaste onder dit wat tot teen die anderkantse deur strek. Die binne-eenheid van die lugreëlaar is bo die blad. Teen dié deur is 'n spieël.

As jy van hier af na die neuskant van die Ultimate kyk, is die dubbelbed voor jou (wat regs uit die romp verleng), en by die voeten-ent is nog kaste en 'n blad wat opslaan as jy byvoorbeeld jou bed as bank gebruik om op 'n skootrekenaar te werk.

Die enkelbed is dwars op die punt.

Wat is standaard?

Die Ultimate kom omtrent volledig toegerus: Van die 270°-stoepdak, die ys-vrieskas, die lugreëlaar tot die sonpaneel, geiser, gasstoof, toegeruste kombuis (vir 6), storttent, 90 l-watertenk en 105 Ah-battery.

Onder die ekstras tel 'n mikrogolfoond, opwasplek, die wasgoedlyn en panele om die seilafdakke toe te maak.



LEI VAN VOOR

Of jy nou 'n naweek-kampeerder is wat vinnig wil wegbreek, 'n gesin van buitelewe-entoesiaste gereed vir 'n avontuur, of 'n ervare veldry-reisiger gretig om afgeleë landskappe te verken, National Luna bied 'n wye reeks produkte wat ontwerp is om aan jou verkoelingsbehoefte te voldoen.

Hul versameling sluit alles in van begrotingsvriendelike plastiek-yskaste, perfek vir spontane pieknieke en naweekuitstappies, tot toonaangewende Bluetooth®-beheerde vlekvrystaal-modelle wat gebou is om strawwe terrein en hoë temperature te weerstaan.

National Luna innoveer al vir langer as 35 jaar voortdurend en baan die weg in draagbare verkoelingsoplossings wat voorsiening maak vir geleentheidskampeeders, toegewyde oorland-reisigers, en almal tussenin.





SAKPAS-OPSIES

National Luna bied 'n reeks koste-effektiewe kampeer-yskaste wat liggewig, mobiel en begrotingsvriendelik is. Die reeks is aanvanklik in laat 2023 van stapel gestuur met die bekendstelling van die TB20, 'n laekoste-, 20-liter-draagbare yskassie ontwerp vir alledaagse kampeers, buitelewe-entoesiaste, en kleinvoertuig-eienaars op soek na 'n ruimtebesparende yskas/vrieskas. Te danke aan die gewildheid daarvan het die Travel Box-konsep uitgebrei om nog drie laekoste-opsies in te sluit: 35 liter, 40 liter, en 60 liter.



Die yskaste kan deur AC- of DC-kragtoevoer aangedryf word: 220V in jou huis of 12V in jou motor. Die twee kragkeuses maak verskeie yskas-/vrieskas-opsies moontlik, insluitend huishoudelike gebruik, onthaal langs die swembad, kampeer, visvang, bootry, braai, piekniek en meer.

Die vier Travel Box-modelle word bykomend tot National Luna se yre reeks internasionaal bekroonde vlekvrystaal-yskaste aangebied.



Sowel die 45- as 60-liter-modelle het 'n verwyderbare verdeler wat die yskas vinnig van dubbele beheer na 'n enkele kompartement omskep.

Hierdie yskaste kan boks-vrieskas-temperatuur bereik, wat hulle 'n baie doeltreffender oplossing maak in vergelyking met rotasiegevormde ysbokse met dieselfde prys. Boonop kom alle Travel Box-yskaste met 'n gratis beskermende jassie wat tot R1 400 werd is.



Die nuwe Travel Box-reeks is beskikbaar by toonaangewende buitlugwinkels landwyd, vanaf slegs R3 999 terwyl voorraad hou. Vind jou naaste handelaar hier: »



* Pryse is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing.

VLAGSKIP-REEKS

National Luna se Legacy Smart-yskaste herdefinieer draagbare verkoeling met hul uitsonderlike werkverrigting in hoë omgewingstemperature, vinnige verkoelingsvermoëns en robuuste ontwerp.

Hulle is beskikbaar in 'n verskeidenheid groottes, van 'n kompakte 35-liter eenheid tot 'n ruim 110-liter dubbel-kompartementsisteem, nommerpas vir elke avontuur. Die yskaste word vervaardig uit duursame vlekvrystaal en is gemaak om die mees uitdagende toestande te weerstaan terwyl jou kos en drankies vars en koud gehou word.

Met Bluetooth®-konnektiwiteit via die NL Connect-app kan jy die temperature oor 'n afstand monitor en beheer vir bykomende presisie en gerief.

Daarbenewens laat die innoverende Quick Change (QC)-opsie jou toe om die beheerpaneel tussen die voor- of sykant te ruil, wat maklik aanpas by hoe jy inpak. Of jy nou oor land reis of kampeer, National Luna Legacy Smart-yskaste bied uitmuntende werkverrigting en aanpasbaarheid.



» National Luna se hele reeks yskaste is nou met Bluetooth®-beheer toegerus. Die Bluetooth®-konnektiwiteit laat afstandbeheer van die yskas se temperatuur toe – en ook ander verstellings – via die NL CONNECT-app (beskikbaar vir iOS- en Android-toestelle).

Bekendstelling van die nuwe reeks vinnig omruilbare produkte

Pryse vanaf: R10 999

Kampeersers vra al jare lank vir 'n kantgemonteerde yskas waar die kontrolepaneel maklik van die voorkant van die eenheid na die kant geskuif kan word. Dit verskaf maklike toegang tot die yskas se beheerpaneel sonder om die eenheid uit te skuif of die inhoud rond te skuif.

Wel, julle het gevra en National Luna het geluister en hul nuwe QC RANGE onlangs bekend gestel, die nuutste ontwerp wat jou toelaat om self die beheerpaneel van die voorkant na die kant van eenheid te skuif – sonder enige spesiale gereedskap of kennis. En boonop spog alle QC-modelle (in die reeks) met twee nuwe Fast Charge-USB-sok om die toestel vinnig te herlaai.



» Met 16 modelle waaruit jy kan kies, sal jy vir seker die regte grootte yskas vir jou voertuig kry.

» Beheerpaneel word geruil



USB-sok



» Sluitbare knippe met ingeboude bottelloopmakers.



» Swaardiens-handvatsels met geïntegreerde vasmaakpunte.

» Kies tussen 'n enkelruimte-yskas/-vrieskas of 'n dubbelbeheer-eenheid waar jy die temperatuur vir albei ruimtes onafhanklik kan verstel – 'n baanbrekereienskap in die bedryf wat in 2002 deur National Luna ontwikkel is.

splinternuwe LAAI-YSKAS

Die splinternuwe laai-yskasreks, wat in September vanjaar bekend gestel is, beskik oor 'n merkwaardige laeprofiel-ontwerp te danke aan sy unieke ekstern-gemonteerde kompressor. Die ontwerp laat die yskassie toe om naatloos in 'n bestaande laaisisteem te pas of geïnkorporeer te word in 'n pasgemaakte opstelling. Dit skakel ook die behoefte aan 'n aftrek-yskaslaai uit, wat maklike toegang tot die eenheid bied terwyl waardevolle pakruimte bo die laaie bewaar word.

Die nuwe laai-yskasreks begin by net R12 899 en is beskikbaar in 40-liter- en 60-liter-groottes, in sowel enkel- as dubbele beheer.

»



Die vooraanstaande laaivervaardiger Big Country het onlangs 'n nuwe bergingsisteem spesifiek vir National Luna se laai-yskas ontwerp. Vir meer inligting, kontak hulle by (011) 795 9700.

Tata boul 'n goëlbal

Tata was die afgelope 10 jaar bra stil, maar dinge is weer aan die roer.

Cyril Klopper bekyn dié handelsnaam se nuwe Curvv.

Die Indiese voertuigreus het verlede jaar 'n dramatiese herstrukturering ondergaan wat na verwagting sal voortduur tot aan die einde van die jaar. Die veranderinge behels dat kommersiële en passasiersvoertuie voortaan deur twee onafhanklike sustermaatskappye gebou en verkoop sal word. Die ryding wat jy hier sien, is een van vier nuwe passasiersvoertuie wat pas in Suid-Afrika aangeland het.

Wat het ons hier?

Die Tata Curvv is 'n sportnutsvoertuig wat grens aan 'n kruisnuts, en val dus in die sogenaamde "C SUV"-kategorie. Hy is ontwerp om te herinner aan 'n koepee, maar hy't uiteraard vier deure teenoor 'n ware koepee se twee. Dit keer Tata egter nie om die Curvv as 'n sportnutskoepee te bemark nie.

Die weergawes wat in Suid-Afrika verkoop word, het almal 'n turboaangejaagde 1,2ℓ-petrolenj. Die 1,2t Pure-basismodel het 'n sesgang-handratkas (hy kos R349 900), die 1,2t Creative-middelegmodel het 'n seswespoed-dubbelkoppelaar- outomatiese

ratkas (R419 900) en die 1,2t Accomplished kry ekstra elektroniese affêrings en kos R519 900.

Ander lande, soos Indië, het meer keuses, met 'n 1,5ℓ-dieselenjin en twee elektriese weergawes met onderskeidelik 'n 45 kWh- en 55 kWh-battery. Die Curvv is aanvanklik ontwikkel om volledig elektries te wees, maar Tata moes ook daarmee rekening hou dat die wêreld, veral Afrika, nie gereed is daarvoor nie.

Al die modelle is voorwielaangedrewe en

het identiese afmetings, hoewel die gewig van die onderskeie aandrywingstelsels verskil.

Tata sê die Curvv is sy modernste ryding en die vervaardiger glo hy sal die meeste koppe laat draai van al sy nuwe passasiersvoertuie.

En sy mededingers?

Tata ding mee met die Hyundai Creta, Kia Seltos en Mahindra XUV400. Laasgenoemde is nie plaaslik beskikbaar nie en ons vervang hom met die effens groter XUV700. >



TATA CURVV



“

Die vervaardiger glo hy sal die meeste koppe laat draai van al sy nuwe passasiersvoertuie.

”

VOORLAAI-YSKASTE

National Luna spesialiseer in yskas-omskakelings van 220VAC na 12VDC, wat kampeerwa- en karavaanvervaardigers verbeterde verkoelingsopsies bied. Hierdie unieke kragtoevoer-omsettings maak die integrasie van tradisionele huishoudelike yskaste in verskeie battery- of sonkrag-gedrewe toepassings moontlik.



Hisense H310BIT



Hisense H225TTS1080



Hisense H230BTS-A-2700

IWM Cruise 49 Classic



IWM Drawer 190 Inox



INGEBOUDE YSKASTE

National Luna bied uit erkenning van die belangrikheid van ruimtedoeltreffendheid vir veldry-sleepwagvaardigers ook 'n diverse reeks voorlaai-yskaste. Hierdie yskaste is ontwerp om uitleg te optimaliseer, wat jou toelaat om ander komponente of pakplek bo-op te gebruik sonder om toegang te bemoeilik. Dié benadering laat beter benutting van beskikbare ruimte in kampeerwaens toe.

IWM Drawer 130 Inox



AS 'N HANDELSNAAM WAT WÊRELDWYD ERKEN WORD,
IS **NATIONAL LUNA** SE PRODUKTE BESKIKBAAR BY 200
BETROUBARE INTERNASIONALE VERSPREIDERS



National Luna-produkte is beskikbaar by vooraanstaande buitelewewinkels landwyd.
Skakel (011) 452 5438 vir handelsnavrae of besoek www.nationalluna.com om 'n kleinhandelaar naby jou te kry.



VAN DIE MEDEDINGERS
Kompakte sportnutse met houding
wat rondom 'n halfmiljoen rand kos



R519 900 **Hyundai Creta 1.5 Excutive IVT**
Die jongste Creta het in 2020 op eie bodem aangekom
en sy voorkoms is al twee keer vernuwe.



R510 995 **Kia Seltos 1.5 EX+**
Die Kia Seltos is net so oud as die Creta, maar
hy lyk nog jonk en gesond.



R551 399 **Mahindra XUV700 AX7**
Die XUV700 is twee jaar jonger as die Kia en Hyundai
en bied baie gegewe sy prys.

SPESIFIKASIES

Model	Curvv 1,2t Accomplished S DCA
Enjin	1 199 cc, turboaangejaagde driesilinderpetrol
Krag	88 kW @ 5 500 r.p.m.
Wringkrag	170 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	7 spoed-automaties
Brandstofverbruik	6,1 l/100 km (beweer)
Tenk	44 l
Vraggewig (BVM – tarra)	410 kg
Laairuimgrootte	500 l
Sleepgewig	Onbekend
Afmetings	4 308 (l) x 1 810 (w) x 1 640 mm (h)
Grondvryhoogte	208 mm
Wielgrootte	215/55 R18
Veiligheidsgradering	Onbekend
Waarborg	5 jaar/125 000 km
Diensplan	3 jaar/45 000 km
PRYS	R519 900



Hyundai en Kia is sustermaatskappye en die Creta en Seltos eintlik dieselfde ryding, net met verskillende kentekens. Albei het 'n groter 1,5 l-petrolenjin, maar hulle wek 84 kW en 144 Nm op teenoor die Tata se 88 kW en 170 Nm. Die XUV700 het 'n 2 l-petrolenjin wat 149 kW en 380 Nm uitskop. Dit klink dalk onregverdig dat ons die groter Mahindra met die kleiner outjies vergelyk, maar sy prys is net R20 000-30 000 meer en hy is ook 'n kruisnuts.

Al die mededingers het dieselfde aantal lugsakke, eenderse veiligheidstelsels, ewe veel sitplekke en soortgelyke waarborgtydperke.

Die Tata Curvv het die grootste laairuim – 'n uitstekende 500 l, wat 50 l groter is as die Mahindra XUV700 en 184 l meer as die twee Koreaanse voertuie. Soos jy op die foto's kan sien, staan die Tata Curvv ook die hoogste in sy sokkies (208 mm) en dit lyk vir ons of hy slag gereed is om grondpaaie te takel. 🚗

Pak slimmer

THULE[®]
SWEDEN



Reis verder



Meer avonture



Bring your life
[thule.com](https://www.thule.com)

Die mooi sonder die massas

Die Etosha- nasionale park is ikonies. Die plek is ryk aan geskiedenis en die natuurlewe is eersteklas. Maar die laaste paar jaar word dit nie meer so goed bestuur as voorheen nie en die kampe word té vol besoekers geprop. Só pypkan jy die gedruis sonder om enige van die diere mis te loop.

Teks en foto's **Sophia van Taak**




'n Trop olifante koel af by die Ombikawatergat naby die Etosha- nasionale park se Andersson-hek.

Die olifantbul is gans te naby – skaars 10m weg – en jy sit versteen. Dis ná middernag en buite die bul se onrustige slurpsuiwe is daar geen ander geluid nie. Die maan is skraap, maar 'n mens kan sweer hy kan jou sien. Of ten minste ruik. Sê nou maar hy kom nóg nader, déúr die pannetjie water tussen ons. Dalk is dit tyd om jou stadig uit die voete te maak...

Maar dan vlieg 'n kwelende kiewiet in die glaspaneel tussen jou en die bosreus vas en jy besef jy was só meegevoer dat jy vergeet het van die eenrigtingglas tussen die watergat en die skuiling. Later, wanneer jy terugstap kampplek toe, is die handjie vol tente in Olifantsrus donker en tjoepstil.

Só moet dit mos in die veld wees. >





Olifantsrus is Etosha se mees beskeie ruskamp, met slegs tien staanplekke en basiese geriewe. Die drie stanings naby die wildheining is natuurlik die gewildste. Sorg dat jy vroeg aanland as jy hier wil uitspan.



“

In die jare tagtig het die olifante se getalle in so 'n mate toegeneem dat die parkeraad noodgedwonge ganse troppe van kant moes maak.

”

OLIFANTSRUS Die Wilde Weste

Mense kom kamp al glo sedert die jare veertig in Etosha. Destyds was dit nog waarlik wild, sonder ruskampe, met net hier en daar 'n boorgat vir besoekers en 'n paar militêre buiteposte, soos Okaukuejo in die suide en Namutoni in die noordooste. Albei sou later – saam met Halali tussen die twee – ruskampe word.

Olifantsrus is Etosha se “nuutste” kampplek wat in 2014 geopen het. Danksy

dié toevoeging kan kampeerders nou ook in die westelike deel van die park oornag. Hierlangs staan die mopaniuigtes dig – en daarom die olifante ook. In die jare tagtig het hulle getalle in so 'n mate toegeneem dat die parkeraad noodgedwonge ganse troppe van kant moes maak – altesame 525 diere. Die enorme slagpaal wat steeds bo dié eertydse abattoir uittoon, is stille getuie van dié grieselrige gebeure.

Olifantsrus is piepklein. Hier's nie rondawels, 'n swembad, restaurant of vul-

stasie nie. Net tien staanplekke. Dit is wel jammer die kampkombuis het in onbruik geraak, en die eens spoggerige olifant-museum se vertoonkaste staan nou leeg. (Tekens van Namibia Wildlife Resorts se wanbestuur is oral in die park te sien.) Die kiosk se spyskaart belowe steeds baie, maar hulle kan slegs kaas-en-tamatiebroodjies en (kits)koffie voorsit. Tog werk die wifi! Die wagwoord – “Dolomite 2010” – verklap wel wanneer laas iemand met 'n sweem van 'n toekomsvi-



sie hier aan die stuur van sake was.

Die staanplekke het darem elkeen 'n afdakkie, maar hulle word net so effentjies met latte en skadunet van mekaar afgeskort. Jou braaiplek is 'n geroeste drom of net 'n sementblad op die grond. Maar jy kom nie hiernatoe vir geriewe nie. Nee, jy kom vir die beste watergat in die ganse park.

Dié is 'n tweeverdiepingkonstruksie ánderkant die wildheining. Jy stap op 'n houtbruggie soontoe en kan bo sit

en die veld kilometers ver deur oop luike betrag, of onder agter ruite – op snoethoogte met die suipende wild. Anders as in die groter ruskampe waar die watergate ook die kuiergate is, geld hier 'n ongeskrewe stiltereël. Selfs in die kampterrein gesels mense suutjies en druk hulle bakkiedeure saggies toe. Hier in die weste is mens en dier ewe skugter.

Die maklikste manier om Olifantsrus te bereik is deur die park se westelike Galton-hek, só genoem na 'n neef van



Kortliks | Olifantsrus



Kampplek 10 staanplekke (maksimum 8 mense per staanplek) waarvan 3 teen die wildheining is.

Ablusiegeriewe 1 gebou het aparte toilette en wasbakke vir mans en vroue, en 'n ander het aparte storthokkies en wasbakke. Dit is nie vuil nie, maar effens afgeskeep. Die toiletpapier was ook gedurig skraap. Daar is 'n opwasplek onder 'n afdak teen die buitemuur.

Prys R510 p.p.n. plus 'n daaglikse bewaringstarief van R100 p.p. (R50 vir o.16's) en R50 per voertuig.

Aankoms- en vertrektyd Sonsopkoms en sonsondergang. (Die tye word elke Sondag aangepas.)

Kontak reservations@nwr.com.na

nwr.com.na 00 264 61 285 700

Naaste dorp Kamanjab, 68 km suid van die Galton-hek.

Hoe lyk die pad? 'n Goeie grondpad, heelwat beter as in die ooste van die park.

GPS S18.97238 E14.86100

Ry & Sleep sê Maak jou voertuig se tenk vol op Kamanjab. Die volgende vulstasie is in die Okaukuejo-kamp (130 km). Daar die pompe is egter dikwels leeg, en dan moet jy die Etosha Trading Post (25 km verder) kan haal.

die beroemde Charles Darwin. Francis Galton, 'n Britse verkenner, was die eerste Europeër wat, saam met die Sweedse Charles John Andersson (na wie die hek naby die Okaukuejo-kamp genoem is), die massiewe pan aanskou het – in Mei 1851. 'n Halwe eeu voordat die gebied in 1907 deur Friedrich von Lindequist (jip, hy't ook 'n hek gekry!) tot 'n wildreservaat verklaar is.

Van die Galton-hek af loop 'n goeie grondpad vir 65 km tot by Olifantsrus. >

“

Jy kom nie Olifantsrus toe
vir geriewe nie. Nee, jy kom
vir die beste watergat in
die ganse park.


”

Op die hitte van die dag skuil die diere teen die son óf trek saam om die watergate. Maar dié springbok-agterlyn lyk of hulle net wag dat Faf daai bal uit sie skrum hark!





Watergate in die park is volop en maak wildkyk maklik. Maar bespied ook die boomtoppe en mopanieruigtes met jou verkyker – wie weet wie dalk daar koekeloer.



“

Ons verwyf die middag met 'n boek totdat dit tyd word om te gaan aansit. Jy kan natuurlik self kosmaak of braai, maar by 'n Gondwana-oord is die buffet-aandete 'n belewenis.

”



Gondwana se oorde is sinoniem met gehalte. En hier by hulle Etosha Safari Camp is daar nie 'n boom- of slaaiplaar uit plek nie. Die taamlike klein kampterrein het twee ablusieblokke; dus hoef 'n mens nooit vir 'n stort of tandeborselbeurt tou te staan nie.





ETOSHA-SAFARIKAMP Vang 'n bietjie gees!

Party mense vind die 130 km tussen Olifantsrus en Etosha se hoofkamp, Okaukuejo, vervelig. Maar daar's met reëlmaat 'n watergat waarby jy kan stilhou, en selfs 'n paar piekniekplekke. (Dié aftrekplekke se badkamers was met ons besoek nie in 'n bruikbare toestand nie, maar ons kon darem 'n bietjie uitklim en bene rek.)

Afgesien van 'n hele paar olifante, groot troppe springbokke en sebras het ons ook gereeld kameel-perde gesien. Dit terwyl die verkeer heeldag lig bly – die groot gewoel is rondom Okaukuejo en Halali.

Ons bereik Okaukuejo op die hitte van die dag, koop 'n roomys en gaan klim die mooi ou klip-toring (in 1963 gebou) uit om die gebied soos 'n valk te bespied. By die kamp se watergat sien ons 'n paar langnekke ongemaklik buk vir 'n slukkie. 'n Paar renosters kom ook oor die klipperige veld aangeklater. Wag, kom ons gaan kyk!

Okaukuejo se watergat is 'n poskaartprentjie. Hier's altyd diere, maar ook altyd 'n toerbusvrag uitlanders met 'n swetterjoel kameradriepote en 'n Babelse gejl oor Afrika se wonders. Ons kan dit net 'n kort rukkie verduur en gaan loer dan eerder in die ontvangskantoor vir aantekeninge oor waar daar vanoggend iets interessants gewaar is. Aha! Leeus by Salvador. Leeus by Charitsaub. Leeus by Nebrownii. Maar daai watergate wil ons op môre se rit saamsnoer. Waar nog... Leeus by Okondeka – dit kan werk.

Die twee leeumannetjies kry ons sommer nog op pad soontoe, tussen die Leeubron- en Wolfnesgat. Maar hulle verdwyn gou in die doringruigstes se karige koelte in en ons draai suid, Anderssonhek se kant toe, om self 'n skadukol te gaan soek.

Die Gondwana Etosha Safari Camp is 'n entjie suid van Andersson. Met 'n komplimentêre koue sappie in die hand drentel ons deur die winkel vol mooi aandenkings, klere, boeke en speelgoed. Hier swaai jou koop sommer vanself oop! Die Oshebeena-kroeg en swembad lyk ook heel aanloklik, maar ons wil eers gaan afsaal en 'n rukkie ontspan.

Die kampterrein met sy volvloergras en inwonende sebras is knap agter die swembad geleë, maar ver genoeg vir stilte. Die ablusiegeriewe spog binne met 'n vars lagie gultige geel verf, en alles is kraaknetjies.

Toe ons tent staan, slaan ons die kampbed onder 'n boom op en verwyl die middag met 'n boek totdat dit tyd word om te gaan aansit. Jy kan natuurlik self kosmaak of braai, maar by 'n Gondwana-oord is die buffet-aandete (R545 p.p.) 'n belewenis. Terwyl jy aan een heerlike gang ná die ander weglê, maak die personeel se orkes om die kampvuur musiek met kitare, 'n trekklavier en bekfluitjie. As jy jou weer kom kry, dans jy met 'n sonverbrande Chinees!

>





Kortliks | Etosha Safari Camp



Kampplek 20 staanplekke (maksimum 6 per staanplek) op volvloergras, elk met sy eie lig, braaidrom en kragpunt. Die staanplekke is nie uitgemerk nie; jy mik vir 'n koelteboom.

Ablusiegeriewe 2 netjiese geboue elk vir mans en vroue met storthokkies, toilette en wasbakke. Hier is ook 2 aparte opwasplekke vir skottelgoed.

Prys R325 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak gondwana-collection.com

info@gondwana-collection.com

00 264 61 427 200

Naaste dorp Outjo, 90 km suid met die C38 langs.

Hoe lyk die pad? Tussen Etosha en die afdraai is dit geteer.

GPS S19.41119 E15.92496

Ry & Sleep sê Gondwana het verskeie puik kampplekke, safaritente en lodges reg oor Namibië. Met 'n Gondwana-lidmaatskap kry Suid-Afrikaners afslag van 40% op kampering en 25% op aandetes. Dit kos R300 p.p. (R150 vir kinders van 6-13 jaar) en is vir vyf jaar geldig. gondwana-collection.com/card.



Waar koop ek 'n vleisie?

Daar loop 'n veeartslyn al op die suidelike en oostelike grens van Etosha langs. Die beteken jy kan jou tjops en wors saamneem soontoe, maar jy mag geen vleis uitbring nie. En ja, hulle deursoek jou ryding en koelboks by die hek.

Gelukkig is die Etosha Trading Post – hier's ook 'n vulstasie – geleë tussen die Andersson-hek en Etosha Safari Camp. Alles kos 'n bietjie duurder as in 'n supermark, maar jy sal die nodige dinge hier kan aanskaf. Gaan koop egter jou vleis by die Eldorado-lodge regoor Etosha Safari Camp. Hulle het enigsties van T-been (R139/kg) en biefsoetates (R123/kg) tot kerriewors (R112/kg) en skilpadjies (R98/kg).

Bestel vooraf by a4eldorado@gmail.com of 00 264 81 838 9356

ONGUMA TAMBOTI Dís nou fênsie!

Onguma Safari Camps is Etosha se direkte buurman aan die oostekant. Die “Camps” is eintlik spoggerige lodgeverblyf wat versprei staan op ’n reservaat van 350km², maar hier is ook twee kamp-plekke – Tamboti en Leadwood. Laasgenoemde se ses staanplekke lê heelwat dieper die reservaat in, by Onguma se Bush Camp (ook ’n lodge). Maar Tamboti is net 12,2km van Etosha se Von Lindequist-hek af.

As jy die vorige dag reeds al die afdraaipadjes in Okaukuejo se omgewing verken het, kan jy nou reguit met die hoofpad suid van die pan langs hou Halali-kamp se kant toe. Terloops, die paaie in Etosha word uiteindelik opgeknap. Ongeveer 20km van die C38 tussen Okaukuejo en Halali – binne die park is dit ’n grondpad – is tot November 2025 gesluit en besoekers volg tot dan ’n ompad oor die Gemsbokvlakte. Die padwerk sal daarna waarskynlik in Halali se rigting aanskuif.

Daar’s ’n paar watergate wes van Halali – Salvador, Charitsaub en Rietfontein – waar ’n mens gewoonlik ’n verskeidenheid wild- en voëlspesies te wagte kan wees. Ry so kuier-kuier van die een na die ander en oorweeg ook die Renoster-sirkelroete. Jou benerekplek vir die dag – Halali – is soos die kraai vlieg maar 100km van Etosha Safari af.

By Halali kan jy iets te ete kry by die winkel of restaurant en dan vir die kamp se Moringa-waterrat mik. (Daar is parkeerplek suid van die kampterein.) Besluit hoe lank jy hier wil vertoef; sonder enige afdraaie is dit nog 80km tot by Onguma, en jy kan eers ná 14:00 daar inklok.

’n Mens kan darem nie in hierdie park kom kuier en nié die pan besoek wat aan hom sy naam gee nie. Teen dié tyd het jy die Etoshapan al sekerlik uit verskeie hoeke bekyk, en jou ook telkens verbeel daai biggeling op die horison is ’n trop – iets! – wat al hoe nader kom. By die Etosha-uitkykpunt, wat Pan’s Edge genoem word, kan jy óp die pan gaan stilstou. Ry die 8,5km van die kamp af terug tot by die hoofpad (die C38) en ry dan 11,5km oos tot waar ’n paadjie na die uitkykpunt noord wegswenk. Die tweespoor loop oor die pan tot waar dit só plat en oop om jou is dat jy naderhand net die verblindende wit soutkors en die blou lug sien. >



“
Teen dié tyd het jy die Etoshapan al sekerlik uit verskeie hoeke bekyk, en jou ook telkens verbeel daai biggeling op die horison is ’n trop – iets! – wat al hoe nader kom.
”



Onguma Safari Camps se Tamboti-kamp is kraaknetjies en ergonomies uitgelê, met oorgenoeg neersitplek en kragpunte onder ’n afdak, ’n lappie gras vir jou tent en ’n skoon braaiplek naby die kombuisie.

KAMPBESTEMMING

Namate jy aanstoot in die Namutoni-kamp se rigting, raak die veld boomryker. Hier's ook 'n paar gawe sirkelroetes en watergate om te oorweeg, maar dit kan wag tot môre. Jy is skaars by Etosha se oostelike hek, Von Lindequist, uit, dan lê Onguma se hek links. Die Tamboti-kamp is net 3,5 km verderaan.

Onthou, Von Lindequist lê ook op die veeartslyn; dus mag jy steeds nie met enige vleis in jou motor die park verlaat nie. By Tamboti se ontvangs is darem 'n winkeltjie wat die nodigste – ook braai-pakke – verkoop. Hier's 'n kroeg en 'n res-

taurant (met wifi) en 'n stoep wat oor 'n watrgat uitkyk.

Dié kampterrein is omtrent 'n bederf! Elke staanplek is netjies gehark en daar's selfs 'n hoekie gras vir 'n tent. By die braai-plek lê 'n gratis bondeltjie hout reg en die rooster is skoongeskrop. (Die winkel verkoop ook hout en ys.) En rondom jou staanplek is dit ruig – jy kan die bure dalk hoor, maar jy gaan hulle nie sommer kan sien nie. Wie wél kom gesig wys, is wolkies naaldekokers, 'n kloeksel rooibekfisant, duikers, 'n bende dwergmuishonde wat op hulle pens op die gras

uitstrek en... 'n ratel! Dié kalant het laat-nag 'n vullisdrom kom omgooi.

Die Tamboti-kamp is 'n tjoepstil en skaduryke basis waarvandaan jy Etosha se noordelike hoek die volgende dag of wat kan verken. Mik vroegdag vir die voël-lewe op Fischerspan (genoem na Etosha se eerste veldwagter, Adolf Fischer) naby Namutoni. Die olifante geniet ook dié badplek en kameelperde is volop.

Die watrgat in die kamp self is nie te waffers nie, maar gaan eet ontbyt by die restaurant en kyk hoe lyk die fort. Namu-



Tamboti sorg vir daardie tikkie luuksheid wat – kom ons wees nou maar eerlik! – selfs kampeers kan waardeer. Prysgegewys kos dit omtrent dieselfde as om in Etosha self te kamp, maar die privaatheid, netheid en ekstra bederfies plaas Tamboti in 'n heel ander liga.



toni was in die ou dae 'n Duitse beheerpunt wat veesmokkelary uit Ovamboland na die destydse Duitswes-Afrika se plase probeer bekamp het. Die pragtige ou fort is in 1902 naby 'n fontein gebou. Ongelukkig word dié geskiedkundige monument ook nie meer in stand gehou nie.

Noord van Namutoni strek 'n pad van 43km verby die Tsumcor- en Stinkwaterwatergat tot by die Koning Nehale-hek. Dis oop vlaktes, jagluiperdwêreld.

Met al dié draaie klaar gery, kan jy lekker by Tamboti deur die swembad gaan duik en die middag in die kamp leegle.

Ongelukkig mag 'n mens nie op jou eie in Onguma se omliggende reservaatgebied rondgaan nie, en 'n wildrit of begeleide stap kos 'n stewige R890 p.p., maar 'n drie uur lange besoek aan die Onkolo-watergatskuiling is darem effens goedkoper – R650 p.p. 'n Veldwagter kom haal jou by Tamboti en op pad soontoe behoort jy heelwat wild te sien. Die skuiling is só gebou dat die luike op watervlak oopvou, en jy word getrakteer op koffie, tee, drankies en heerlike peuselhappies terwyl jy rooi-bekeende, veereiers, bontkiewiete en waterskilpaaie dophou.

Kortliks | Onguma Tamboti



Kampplek 25 ruim staanplekke tussen bome (maksimum 4 volwassenes en 3 kinders per staanplek). Sommige is heel privaat, terwyl ander vir groter kampgroepe in trosse van drie uitgelê is.

Ablusiegeriewe Elke staanplek het 'n spiekerie badkamer met aan die een kant 'n wasbak en ruim stort, en aan die ander kant 'n toilet. Tussen die twee vertrekke is 'n afdak met opwasbakke, kragpunte en 'n betoonbank vir jou kampskas.

Prys R500 p.p.n. (R250 vir kinders 3-11 jaar; gratis vir kleuters) plus 'n bewarings-tarief van R65 p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak  onguma.com


 00 264 61 237 055

Naaste dorp Oshivelo, 43 km van die hek af met die C38 en B1.

Hoe lyk die pad? Die 12 km van die hek tot by die Tamboti se ontvangskantoor, restaurant en winkel is in 'n goeie toestand. Die kampplekke is net 'n klipgooi verder.

GPS S18.80334 E17.04535

Ry & Sleep sê Die Leadwood-kamp-terrein het dieselfde tariewe en geriewe, maar slegs ses staanplekke – en dis nie so privaat soos Tamboti s'n nie. Vir jou eie stukkie bosveldvrede is Tamboti die beter roep.





• Kinder-speelarea • Gratis WiFi • Houtvuur-pizzas • Seekos • Ontbyt, middagete, aandete • Vars tuisgemaakte pasteie daaglik • Yskoue biere • Beste koffie op die dorp

HENTIESBAAI | TEL 064-501336 | manager@mistybaycafe.com



- Woestynolifant-toere
- Sononder-toere
- Kampeerplek
- Luukse tente
- Boomhuise
- Chalets & Kamers
- Gesinskamers
- 2 swembaddens
- Kroeg & restaurant

TEL 064504406
reception@brandberglodge.com
23 KM VANAF UIS, NAMIBIË



• Houtvuur-pizzas • Koue biere • Ontbyt & middagete • Curiowinkel
TEL 0814601709 | frontdesk@brandbergwhiteladycafe.com | GELEË IN UIS



ETOSHA HANDELSHUIS



Etosha Handelshuis bied 'n oase vir kampeers wat uitstekend geleë is slegs 6.5 km van die Okaukuejo ingang na Etosha-nasionale park!

Die individuele kampeerplekke beskik oor privaat badkamergeriewe wat sy eie stort en toilet insluit, 'n afdakke met opwasgeriewe, kragpunte, piekniek-bankie en 'n braaiplek.

Ontspan op die grasperk, spring in die verfrissende swembad, lê 'n bietjie in die son en geniet ook die uitsig van die nabygeleë watergat wat gereeld besoek word deur kleinwild.

Die ruim groep kampeerplekke is ideaal vir groter groepe vriende of families wat saam toer en beskik oor groot onthaalareas en 'n netjiese gedeelte ablusiegeriewe.

Kontak

kamp@etosha-tradingpost.com

etosha-tradingpost.com 021 930 4564



Taleni Africa

021 930 4564

kamp@etosha-tradingpost.com

/EtoshaTradingPost

EtoshaTrading

etosha-tradingpost.com

STOP hier vir BRANDSTOF, kos & bande - 6.5 km van Okaukuejo ingang na Etosha!



Slegs 6.5 km voor die Okaukuejo ingang na Etosha-nasionale park sal jy die ideale stopplek vind om bene te rek, brandstof te hervul en voorraad aan te koop vir u verder reis.

Die winkel is propvol met kruideniersware, hout, ys, kos, drankies, 'n oorvloed aandenkings asook heerlike wegneemetes (of sit en geniet dit op ons stoep)!

Buiten die vulstasie en winkel, bied Etosha Handelshuis ook 'n gerieflike werkswinkel en bande vir wanneer die paaie sy tol geeis het!

+264 (0)67 312 552

info@etosha-tradingpost.com

/EtoshaTradingPost

EtoshaTrading

etosha-tradingpost.com



POORT NA ETOSHA



TRADISIONELE PASTEIE EN SOETGEBAK
TEN VOLLE GELISENSIEER
SPORTKROEG
KAGGELVUUR-PIZZA
VOLLEDIGE À LA CARTE SPYSKAART
GRATIS WI-FI
SPEEL-AREA

+ 2 6 4 8 1 2 4 4 0 7 9 3



Misty Bay @ THE FIG TREE
Restaurant Grootfontein

+264 81 353 1618
mistybaycafe@gmail.com



Misty Bay @ Figtree is 'n gesins-
restaurant, ten volle gelisensieer, oop
vir ontbyt, middagete en alles tussenin.

Houtvuurpizza • Wi-Fi • Oop Maandag
tot Vrydag 7:00 – 17:00



'N MAGDOM KEUSES

Vergelyk elke denkbare nuwe woonwa of kampsleepwa
op die mark vir jou volgende vakansiebelegging.



- ☛ 72 vervaardigers met 305 modelle
- ☛ Wissel vanaf R64 630 tot R1 084 110
- ☛ Boswaens tot tradisionele padwoonwaens
- ☛ Sleepvoertuiggewigte en rybewyskategorieë
- ☛ 164 bladsye met meer as 780 foto's
- ☛ Handelaars, pryse en spesifikasies

Hierdie is die derde uitgawe van ons jaarlikse *Koopgids* en soos die geval met die
voriges, het plaaslike vervaardigers weer vir 'n stewige aanbod nuwe modelle gesorg.

Leon Botha Redakteur: *Koopgids*



Prys
R140

Pak Lig KAMP LANK

ERVAAR DIE BUITELEWE IN STYL MET ONS TOPKLAS
ALUMINIUM DAKTENTE EN KAMPTOERUSTING.



LAAT DIE KOMPAS JOU LEI

www.bushcosa.co.za



Slagveld toe!

Sit vier dae opsy en steek 20 bergpasse oor op pad na 10 slagvelde in die KwaZulu-Natale Battlefields-streek.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

Val in Mkhondo (voorheen Piet Retief) in die pad en ry met Krugerstraat uit die dorp tot hy mettertyd die R543-streekpad word. Die teerpad is voos gery en dis onvermydelik dat jy nou en dan 'n slaggat gaan tref.

Presies 8 km buite Mkhondo se middedorp draai jy links waar 'n padpredikant jou na Lüneburg en die Ntombe-slagveld op die P45 beduie. Dié pad se teeroppervlak is in 'n nóg slegter toestand as die R543, maar hier is aansienlik minder verkeer en jy het genoeg tyd om uit te swenk vir slaggate én jy kan so stadig ry as wat jy wil – heerlik in hierdie pragtige Mpumalanga-landskap.


Jy ry verby denneplantasies en groente-, bees, en veevoerplase, en oral is mense te sien wat besig is om slaggate met grond op te vul. Sowat 36 km nadat jy op die P45 afgedraai het,

sien jy 'n tweede padteken wat jou stuur in die rigting van jou eerste besienswaardigheid, die Ntombe-slagveld (jy is nou in KwaZulu-Natal). Daar is verskeie spelvorme vir die naam; in Engels is dit Intombe en in Zoeloe eNtombe, maar al wat jy hoef te weet is dat die grafte en gedenknaald vir die Britse soldate wat hier gesneuwel het, sowat 1,5 km van die padteken af is, op die oewer van die Ntomberivier. Die GPS-koördinaat vir die gedenktekens is S27.27324 E30.68010.

Die Slag van Ntombe het op 12 Maart 1879 plaasgevind toe 104 Britse soldate 'n konvooi ossewaens moes verdedig teen nagenoeg 600 Zoeloe-krygers. Die geveg is deur die Zoeloes gewen, met 30 sterftes teenoor 80 aan die Britse kant. Die hoofrede vir die nederlaag word toegeskryf aan Lt. Henry Hollingworth Harward wat gevlug het toe die Zoeloes opdaag en sy



FORT. Altesame 464 Voortekkers het 64 wegwaens in 'n D-vormige laer getrek. Die monument is 'n 1:1-skaal van die oorspronklike laer.



manskappe leierloos gelaat het. Hy is later in hegtenis geneem en van lafhartigheid aangekla.

'n Verdere vernedering vir die Britse ryk was dat die Zoeloes honderde Martini-Henry-gewere, derduisende koeëls en 102 kg buskruit gebuit het wat later in skermutselings met die Britte gebruik sou word.

Keer terug na die teerpad en hou stil by 'n padpredikant wat lees: Braunschweig Church. Hier staan 'n pragtige Lutherse kerkie en 'n kerkhof met huldeblyke in Duits en Afrikaans op die grafstene gegraveer. Dit is die nasate van Duitse sendelinge en vakmanne wat in 1854 in Suid-Afrika geland het.

Mettertyd tref jy 'n vrug in die pad aan. Links vat jou Paulpietersburg toe en regs na Lüneburg, waarheen jy op pad is. Die teerpad word hier grondpad, en voor jy die dorpie bereik, hou stil by die inligtingsbord vir die Filter en Larsen-gedenkbaken. >



Jy klim met 'n leertjie oor 'n draadheining en stap sowat 100m na die monument toe wat omring word deur 'n denneplantasie. 'n Gedenkplaat verduidelik die monument is opgedra aan ene Johann Heinrich Filter en 'n jong Deense luitenant met die naam Larsen.

Larsen en sy bevelvoerder, 'n maj. Schermbrucker, is in 1897 deur Zoeloes aangeval. Die majoor se perd is onder hom doodgeskiet en Larsen het sy eie perd aangebied sodat sy bevelvoerder kon ontsnap – wat hom uiteindelik sy lewe gekos het.

Daar is meer inligting oor Heinrich Filter as oor Larsen. Die 17-jarige Filter het op Lüneburg grootgeword en hy is in 1897 deur Zoeloes doodgesteek toe hulle 'n trop beeste gesteel en hy hulle probeer keer het. Dis nie duidelik of die twee jong manne mekaar geken het nie, maar die kanse is goed.

Skaars 9 km van Braunschweig se kerkie af vind jy Lüneburg se gemeente. Die dorpie se verhaal begin op 26 November 1869 toe die 2-jarige Heini Meyer in 'n sloot verdrink het. 'n Dominee is uit 'n nabygeleë dorp ontbied om die seuntjie

te begrawe en gevolglik is ander Duitse setlaars naby klein Heini ter aarde bestel.

Lüneburg bestaan uit 'n kerk, die begraafplaas, 'n kleuterskool en laerskool met 'n koshuis plus verskeie plaasgeboue. Klop gerus aan by die skool se voorportaal waar die sekretaresse, Heidi Beneke, jou gul sal ontvang. Haar Engels is gebroke en daar glip gereeld Duitse woorde in, maar sy praat vlot Afrikaans, al is dit haar tweede taal.

Heidi vertel dat die rondom 60 kinders tussen gr. 1 en gr. 3 in hulle huistaal, Duits, onderrig word en dié in gr. 4 tot gr. 7 in Afrikaans, met Duits en Engels as onderskeidelik tweede en derde taal. Sy vertel ook – terwyl sy vir jou 'n koppie tee in die personeelkamer skink – dat die Ncagaberg wat bo Lüneburg uittoon, die noordelike punt van die Drakensbergreeks is.

Groet Lüneburg en ry met die Paulpietersburgpad tot hy in die geteerde R33-streekpad doodloop. Draai regs in die rigting van Vryheid, na die tweede slagveld op jou toer.

Volg die R33 tot by 'n rigtingwyser vir die D486-grondpad. Hier is ook 'n erg ver-

roeste padpredikant vir die Kambula-slagveld, maar die letters daarop is haas onleesbaar. Die GPS-koördinaat vir die afdraai is S27.69829 E30.73003.

Jy ry nou op 'n smal grondpad – hy's soms net 'n tweespoor – wat met ons besoek moddergate gehad het waar ons viertrek moes inspan. Dit is wel die moeite werd om te besoek, want die slagveld is 'n pragtige landskap met lae golwende groen heuwels en 'n ontsaglike groot blou hemel bo jou.

Die Slag van Kambula, 'n bittere stryd tussen Zoeloe en Brit, het op 29 Maart 1897 plaasgevind – twee weke en vier dae ná die Slag van Ntombe. Die Zoeloes was teen dié tyd vol selfvertroue dat hulle die Britte kon verslaan en het 'n impi van 20 000 vegters gestuur om met 2 000 Britse soldate af te reken. Maar dié slag was die Britte goed voorbereid met 'n ossewalaer, vele klipmure, ses kanonposisies en selfs 'n veldhospitaal. Die Zoeloes was tot die tande toe gewapen met werpspiese, steekassegaie, knopkieries en Martini-Henry-gewere. Zoeloe-skutters het die Britte gedwing om dekking te slaan en agter klipmure te skuil, waarna >






“

Jy ry nou op 'n smal grondpad – hy's soms net 'n tweespoor – wat met ons besoek moddergate gehad het waar ons viertrek moes inspan.

”

GRONDSLAG. Ntombe (links oorkant) en Kambula (bo) se slagvelde lê op treffende vlaktes en die Duits-Afrikaanse gemeenskappe van Braunschweig en Lüneburg (oorkant onder) deel 'n interessante geskiedenis.



“

Anton vertel dat daar elke jaar op Versoeningsdag 'n groot klomp Afrikaners opdaag om die gelofte te eerbied...

”



duisende vegters met tradisionele wapens die Britse kamp bestorm het.

Die bulderende kanonne het die impi egter aan flarde geskiet en die Zoeloes se moed is uiteindelik gebreek toe dit blyk die Britte het 'n onuitputbare bron van ammunisie. In die vier uur van geweld het die Britte inderdaad 138 000 geweerpatrone geskiet en 1077 kanonkoeëls afgevuur. Maj. Schermbrucker, dieselfde man wat vroeër deur Larsen gered is, skryf die Zoeloes het dapper geveg en elke gesneuwelde Zoeloevegter is met volle militêre eerbetoon begrawe.

Vir die Zoeloes was die Slag van Kambula egter 'n ramp. Hulle het begin twyfel of hulle die kolonialiste kon verslaan. Die volgende veldslag, die Slag van Ulundi (in Julie 1897, skaars drie maande ná Kambula) was dan ook die einde van die Anglo-Zoeloeoorlog.

Jy verlaat Kambula nou en volg die R33 tot op Vryheid waar jy proviand kan aanskaf vir vanaand se braai. Bly op die 33 en volg hom suidwaarts oor die Scheepersnekpas in die rigting van Dundee. Sowat 48 km buite Vryheid ry jy oor die Buffelsrivier en draai kort daarna links af op 'n grondpad wat gemerk is met 'n rigtingwyser vir De Jagersdrif. Die 20 km lange

KAMP. Anton en Judean het matrasse laat maak sodat besoekende skoolgroepe in Bloedrivier se waens kan slaap (bo). Die tradisionele hutte by Ncome (oorkant middel) is egter gemakliker omdat daar lugreëling en televisie is. Die twee museums aan weerskante van die rivier vertel dieselfde storie, maar uit 'n heel ander oogpunt...





VERSOENING. Die brug (bo) wat Ncome en Bloedrivier verbind, is tans gesluit tot verdere kennisgewing. Isandlwana (heel onder) is deesdae 'n uitgebreide nedersetting en die grafte en gedenknaalde daar word goed onderhou.



grondpad bring jou na jou bestemming vir die eerste dag: Bloedrivier.

Wanneer jy by die Bloedrivier-erfenisterrein se hek inry, word jy hartlik begroet deur Judean Jansen van Vuuren en haar man, Anton. Judean behartig nie net die besprekings vir die kampsterrein en kamers nie, maar bestuur ook die winkel en restaurant by die besoekersentrum. Anton is verantwoordelik vir die personeel en instandhouding van die erfenisterrein.

Jy kan naslaan- en evangeliese boeke by die Smouswa-geskenkwinkel koop

– ons beveel ten sterkste aan dat jy die koffietafelboek *Battles of KwaZulu-Natal* (R200) deur Ken Gillings hier aanskaf. Dit was werklik van onskatbare waarde om getalle en datums vir hierdie artikel na te spoor.

Trek in by een van vyf gastekamers of slaan jou tent op in die ruim kampsterrein wat rondom 2000 mense in gemak kan huisves (of 4000 as julle soos sardyne in 'n blik ingeryg is). Anton vertel dat daar elke jaar op Versoeningsdag 'n groot klomp Afrikaners opdaag om die gelofte te eerbied wat op 16 Desember 1838 deur

Sarel Cilliers afgelê is – meer as 40 jaar voor die Slag van Kambula.

Vanaand knetter die vlamme van jou kampvuur onder 'n breë sterrehemel en jy wonder dalk hoe die gemoedere onder die Voortrekkers én Zoeloes was op die vooraand van die Slag van Bloedrivier.

Laat Anton jou op 'n toer van die laer neem, want hy deel interessante brokkies inligting – soos dat daar geen vroue of kinders by die veldslag betrokke was nie. Ook dat die waens in die laer vegwaens was – heelwat kleiner as die kakebeenwaens waarmee families getrek het. >

Oorkant die Ncomerivier (die oorspronklike naam van Bloedrivier voor die veldslag en die naam wat deesdae weer gebruik word) staan 'n groot gebou. Anton vertel dit is die Ncome-museum en die Zoeloes se antwoord op die Bloedrivier-erfenisterrein. Jy moet beslis hier besoek aflê, want die waarheid lê dikwels tussen twee kante van 'n saak.

Die twee erfenisterreine weerskante van die rivier het inderdaad uiteenlopende benaderings oor die bekende veldslag tussen Voortrekker en Zoeloe. Die Bloedrivier-erfenisterrein fokus op geskiedenis en godsdiens, terwyl die Ncome-museum eerder fokus op kultuur en tradisies. Mandla Nkosi is ons gids by Ncome en hy vertel van al die Zoeloe-konings sedert Shaka. Sy gunsteling is koning Mpande wat 'n einde gebring het aan die alewige oorloë teen Boer, Brit, Swazi en Sotho. Mandla verduidelik ook dat "ncome" die Zoeloewoord is vir "eerbetoen". Aangesien die Ncomerivier 'n bron van water is vir bad en kook, maar ook klei vir hutte en pottes, is die rivier vir die plaaslike Zoeloes van groot belang.

Tussen die twee besienswaardighede staan 'n voetbrug oor die Ncomerivier wat versoening simboliseer. Die brug is egter beskadig en onveilig verklaar, en nóg die Ncome-museum (wat deur die regering befonds word) nóg die Bloedrivier-erfenisterrein (befonds deur die vakbond Solidariteit) wil vir die herstel daarvan betaal. Die ironie is geensins subtiel nie...

'n Dagbesoek aan die Bloedrivier-erfenisterrein kos R50 p.p. en by Ncome betaal jy R15 p.p., maar jou besoek is gratis as jy oorslaap. Dit kos R500 p.p.p.n. per kamer (sonder lugreëling of TV) by Bloedrivier en R200 per staanplek met elektrisiteit en kraanwater. Ncome het geen kampterrein nie, maar 'n kleinerige hut kos R420 p.n. vir twee met 'n gedeelde badkamer. 'n Groter gesinshut met vier beddens, 'n private badkamer en DSTV kos R1056 p.n. As jy wil kamp, is Bloedrivier jou enigste keuse, maar as jy onderdak in 'n bed met vars linne wil slaap, beveel ons Ncome bo Bloedrivier aan.

Anton van Bloedrivier én Mandla van Ncome is baie vriendelik en innemend, maar hulle verteenwoordig twee hardkoppige bevolkingsgroepe wat sukkel om saam te werk ondanks ooglopende ooreenkomste tussen hulle.





MONUMENT. Die slagveld van Isandlwana (oorkantste bladsy) én Rorke's Drift (hierdie bladsy) is in 'n puik toestand en sien gereeld oorsese besoekers. Die gidse vertel dat veral Britte en Nederlanders besoek aflê, gevolg deur Duitsers en dan Suid-Afrikaners.



Wanneer jy hier wegry, volg jy die P54- ondergeskikte grondpad tot op die nedersetting Nquto, van waar jy die geteerde R68-streekpad vir 13km volg tot by 'n padpredikant wat jou na die derde veldslag op jou toer stuur: Isandlwana, wat deesdae 'n groterige dorp is met negosiewinkels wat basiese proviand verkoop. Hier is ook 'n luukse lodge met pryse wat op oorsese toeriste gemik is. Kamers kos byvoorbeeld rondom R5 000 p.p.p.n.

Om die slagveld by Isandlwana te besoek moet jy eers na die besoekersentrum ry om 'n toegangskaartjie te koop. Dit kos R70 p.p. – bring liefs kontant, want hulle kaartmasjien het nie altyd selfoonontvangs nie.

Die slag van Isandlwana het op 22 Januarie 1879 plaasgevind en was die tweede ernstige skermutseling in die Anglo-Zoeloeoorlog – 40 jaar, 1 maand en 6 dae ná die Slag van Bloedrivier. 'n Impi van sowat 20 000 vegters het 1837 Britse troepe aangeval, en hoewel verliese onder die Zoeloes enorm was – rondom 1 000 dood en 2 000 gewond – was die verliese onder die Britte erger met meer as 1 300 sterftes. Die grondpad deur Isandlwana se slagveld word goed onderhou en met ons besoek was daar werkers wat die ingangshek opgeknop en bossies rondom die grafte en gedenktekens verwyder het.

Isandlwana is een van twee slagvelde in die onmiddellike omgewing; hierna kies jy koers na die ander een. Volg die D30-grondpad uit Isandlwana na Rorke's Drift. Die pad se nommer word nie op kaarte aangedui nie, maar dit is die kortste pad wat die twee slagvelde verbind. Die grondoppervlak is puik, beslis beter as sommige teerpaai in die omgewing. >



Rorke's Drift is 'n fraai dorpie met huise wat dateer uit die Brits-koloniale tydperk. Die veldslag het bekendheid verwerf danksy die 1964-flik *Zulu* waarin Michael Caine sy heel eerste hoofrol vertolk het.

Die veldslag het op dieselfde dag plaasgevind as die Slag van Isandlwana, nadat 3 000 Zoeloevegters uit die hoofaanval weggebreek en die 10 km na Rorke's Drift gedraf het om die 141 Britse soldate daar te verras. As jy Michael Caine se flik onthou, sal jy weet die Britte het die Zoeloes met uiterse dapperheid teengestaan en selfs verdryf, 'n sukses wat vandag nog met trots oorvertel word deur die inwoners van die Britse eilande.

Die stelling dat tyd alle wonde genees, sien 'n mens duidelik op Rorke's Drift. Zoeloes hou die Britse kasernes, kerk en begraaflase skoon en netjies, terwyl Britse welwillendheidsorganisasies die geld verskaf om die slagvelde in stand te hou. Jy kan 'n private gids huur (pryse wissel) of die frase "Electronic information leaflet – Amafa Institute" Google om 'n digitale traktaatjie op jou foon af te laai met basiese inligting oor die veldslag. Toegang tot Rorke's Drift se museum-terrein kos R40 p.p.

Verlaat Rorke's Drift en volg die Dundee-grondpad vir 5 km tot by die afdraai na Helpmekaar waar jy links draai. Die ongenommerde grondpad neem jou oor die Noustrooppas en steek die R33 oor tot op die gehuggie Helpmekaar.

Helpmekaar het sy naam gekry omdat transportryers mekaar moes help om die nabygeleë Noustrooppas en Elandskraalpas oor te steek. Daar word ook vertel dat kannibale onder leiding van hoofman Ulupalule tussen 1820 en 1830 in die omliggende berge gewoon het voordat Dingaan hulle gevang en tereggestel het.

Jou volgende stilhouplek is die tweelingdorpe Dundee en Glencoe, albei genoem na Skotse kusdorpe, hoewel die omgewing maar min in gemeen het met die Skotse kus.

Van Glencoe af volg jy die R602 oor die Glenluce-pas tot by Elandslaagte. Dit is hier waar Boer en Brit op 21 Oktober 1899 slaags geraak het – 20 jaar en 7 maande ná die Slag van Rorke's Drift. Die Britte het die veldslag oorheers met 3 500 troepe en 18 kanonne teenoor die 1 000 Boere met net 3 kanonne. Dit was ook die eerste – en laaste – keer dat die Hollanderkorps,



GROEN EN GOUD. Elandslaagte se oorloggrafte (bo) word netjies gehou deur plaaslike inwoners. Die Normandienpas (oorkant) is uitdagend wanneer dit reën, maar beslis 'n besoek werd as die weer saamspeel.





“

Draai hier links op die P270-grondpad en bestyg die skouspelagtige Normandienpas, naas die Sanipas die hoogste bergpas in KwaZulu-Natal.

”



'n groep van 150 Nederlandse vrywilligers, vir die Boere geveg het.

Twee van dié Hollanders was Frederik Mondrian, broer van die skilder Piet Mondrian wat bekend is vir die rooi, geel en blou blokkuns wat Volkswagen Suid-Afrika in die jare tagtig geïnspireer het om ons Citi Golfs in dié drie kleure te verf (dalk onthou jy die TV-advertensie se lirieke, “Rooi, geel, blou, geen groen...”) en Cor van Gogh, broer van Vincent.

Frederik het die veldslag oorleef, maar is na die eiland St. Helena gestuur. Cor is noodlottig gewond by Elandslaagte.

Die Britse gedenktekens vir Elandslaagte lê reg langs 'n treinspoor by die GPS-koördinaat S28.41346 E29.94784. Let wel dat hier nie omdraaiplek by die oorloggrafte is nie; indien jy 'n boswa sleep, moet jy jou storie ken om 200m teen 'n opdraande terug te stoot – op 'n tweespoorpad.

Dit is die einde van dag twee en jy mik nou Ladysmith toe. Hier is talle Anglo-Boereoorlogverwante besienswaardighede – sorg dat jy oplees oor die Beleg van Ladysmith, 'n sage wat veels te ingewikkeld is om op hierdie blaaie te verduidelik.

Ons het aanvanklik gemik om in Ladysmith se woonwapark te kamp, maar die munisipale kampterrein is tot niet en nagvuilvrugmotors en watertenks staan deesdae op die plekke waar vakansiegangers vroeër jare gekamp het. Al uitweg is dus om by 'n gastehuis aan te klopf – ons kan Farquhar-lodge aanbeveel, want die parkeerplek is groot genoeg vir 'n bosbakkie met 'n wa op die haak.

Rus vanaand goed, want môre is 'n dag van bergpasse – 12 van hulle, waarvan 2 redelik uitdagend is.

Jy verlaat Ladysmith met die N11-snelweg Newcastle toe, maar 25 km buite die dorp draai jy links op die Matiwane-Collingspas-pad. Jy gaan egter nie die Collingspas takel nie; eerder by die Slangdraaidam regs draai op die Lusitaniapad.

Nadat jy verby die Lusitania-plaasgemeenskap is, ry jy oor die Sondagsrivierpas. Dit is 'n kort dog pragtige grondpadbergpas en jy stryk noord aan tot jy 'n rigtingwyser vir die Normandienpas raakloop. Draai hier links op die P270-grondpad en bestyg die skouspelagtige Normandienpas, naas die Sanipas die hoogste bergpas in KwaZulu-Natal (1995 m bo seespieël). Die afgronde is soms loodreg en senutergend, en as dit dan nog reën, raak dit skrikwekkend >

om die pas te takel, selfs met 'n viertrekryding. Ons raai enigiemand ten sterkste af om die Normandienpas te ry as dit sneeu.

Op die spits van Normandienpas is 'n stilhouplek wat die Ark gedoop is. Hier is twee aftrekplekke waarvan die onderste een toeganklik is vir 'n ryding met 'n lekker hoë grondvryhoogte. Die boonste stilhouplek – met die beste uitsig – kan jy egter net met 'n 4x4-voertuig of 'n ryding met 'n agterste ewenaarslot bereik.

Bestudeer die sandsteenvloer by die Ark en jy sien dalk die spore van Voortrekkerwaens wat 200 jaar gelede hierlangs getrek het. Dis moeilik om jou voor te stel hoe op dees aarde ossewaens oor hierdie berg kon trek.

Van hier af ry jy afdraande en dan oor

die makker Grootpoortpas, tot die P270 doodloop in die obskure S19 (of dan die Mullerspaspad). Die afdraai is by die koördinaat S27.82331 E29.65017.

Ná die Mullerspaspad loop die pad dood in die D96, waar jy links draai na Waterfall Hill. Daar is inderdaad 'n waterval in die Incandurivier, maar dis op private grond en jy kan nie tot daar ry of loop nie. Stryk eerder aan met die pad en ry oor die Visierkerfnekpas tot op die dorp Newcastle. Van Newcastle af volg jy die Memelpad (die R34) oor die Brinkshoogtepas en dan oor die Skuinshoogtepas tot by die Slag van Schuinshoogte (S27.61581 E29.87966). Die slagveld is nie gemerk met 'n toerismepadteken nie en jy ry maklik verby sonder die koördinaat.

Die boer op wie se grond die oorlogsgrafte is, laat besoekers toe om oor sy

draadheining te klim – hier's 'n leer wat dit maklik maak – maar die vergunning is slegs vir ernstige belangstellendes. Moet dus nie 'n braaidrom uithaal en pieknik hou op sy grond nie.

Die Slag van Schuinshoogte, ook bekend as die Slag van Ingogo, was 'n skermutseling tussen die Suid-Afrikaanse republiek en Britse magte. Die eerste skoot het op 8 Februarie 1881 op die noenuur geklap – 18 jaar voor die Slag van Elandslaagte – en van die 400 Boerekrygers het net 8 gesneuwel, terwyl die Britte 66 van hulle 278 troepe verloor het. Die Boere het die oorlewende soldate toegelaat om te vlug – iets wat dalk 'n fout was omdat die Britte twee kanonne saam met hulle geneem het wat 19 dae later by die Slag van Majuba teen die Boere gebruik sou word.



AFSPRAAK. Toegang tot Majuba (onder en inlas) kos R50 p.p. Jy moet hulle 48 uur vooraf laat weet jy is op pad, anders kom jy dalk voor dooimansdeur te staan.
☎ 079 274 7978 🌐 majubaberg.co.za





Kort ná Skuinshoogte draai jy af op 'n teerpad wat Main Road 186 heet. Volg hom tot waar jy die agtste slagveld van die toer aantref.

Tussen Mei en Junie 1900 was daar drie skietvoorvalle tussen Boer en Brit. Die eerste was by Helpmekaar op 13 Mei waar Britse magte onder die bevel van genl. Redvers Buller geseëvier het. Die tweede veldslag was op 8 Junie hier op Bothaspas waar Buller 22 000 Britse soldate teen 2 500 Boerstryders gestuur het en ook hier geseëvier het.

Van Bothaspas af volg jy die See-koeivleipoortpad tot by die plek waar die derde skermutseling plaasgevind het wat die begin van die einde was vir

Hier het ons gebly

SUNDOWNER-LODGE, MKHONDO

Hier is 5 ruim staanplekke en 'n netjiese ablusie-blok asook verskeie selfsorghuise wat wissel van enkelkamers tot drieslaapkamereenhede en selfs 'n luukse wittebroodsuete.

Kontak 📞 reservation@sundownerlodge.co.za

🌐 sundownerpietretief.co.za 📞 017 826 0885

Pryse R578 p.n. vir 2 mense om te kamp en vanaf R935 p.p.p.n. vir 'n kamer.



BLOEDRIVIER-ERFENISTERREIN, VRYHEID

Hier is 180 staanplekke, elk met elektrisiteit en water, en 5 kamers wat op Geloftedag vir die dominee en ander belangrike gaste bespreek word, maar die res van die jaar beskikbaar is vir my en jou.

Kontak 📞 judean@kultuurtuiste.org.za

🌐 bloedrivier.org.za 📞 065 549 6681 (Judean)

Pryse R100 per staanplek en R80 p.p.p.n. om te kamp, en R430 p.p.p.n. vir 'n kamer.



FARQUHAR-LODGE, LADYSMITH

Hier is geen kampplek nie, maar die parkeerterrein is ruim genoeg om met 'n boswa aan jou bakkie se haak te parkeer. Hier is 'n kroeg, swembad, restaurant, wasgoeddiens en braaiplek.

Kontak 📞 booking@farquharlodge.co.za

🌐 farquharlodge.co.za 📞 036 631 0847

Pryse R800 p.p.p.n. tot R1 250 vir 2 in die presidentiële suite.



3 PROVINSIES-4x4, VOLKSRUST

Hier is 2 kampplekke, die Boskamp en Rooibek-tiptolkamp. Jy't 'n 4x4-ryding nodig om hulle te bereik en boswaens word nie toegelaat in die Boskamp nie omdat die roete daarheen te taai is. Verskeie selfsorghuise is ook beskikbaar.

Kontak 📞 3provincies4x4@gmail.com

🌐 3 Provincies-4x4.co.za 📞 082 785 8002 (Ronel)

Pryse R280 p.n. vir 2 om te kamp en vanaf R790 p.n. vir 2 in 'n berghut. Elke 4x4-roete kos ekstra en wissel van R130 tot R390 per voertuig.



die Boererepublieke. Anders as by die meeste slagvelde op jou toer tot dusver is die monument op Allemansnek opgedra aan Boerestryders. Hier lees jy name soos Bekker, Botha, Jordaan en Kruger op die gedenksteen.

Jy is nou in die pylvak van die toer. Slegs 7 km van Allemansnek af draai jy in by die 3 Provinsies-4x4-vakansieplaas (S27.40856 E29.75270). Môre besoek jy een laaste slagveld voor jy huiswaarts keer.

Volg die R543 tot op Volksrust waar die Britte twee jaar ná die Slag van Allemansnek 'n konsentrasiekamp vir vroue en kinders opgerig het. Jy is egter op pad na Majubaberg, waar Boeremagte op

27 Februarie 1881 die Britse leër verslaan het – 21 jaar voordat die Verdrag van Vereeniging geteken is en vyandighede tussen Boer en Brit gestaak is.

Plak jouself neer op die grasvlakte aan die voet kan die majestueuse spits en kou aan 'n halm. Daar is soveel geweld in ons geskiedenis, maar ook dapperheid en respek vir die opponent, hetsy dit Zoeloe, Boer of Brit was. Waardeer jou land, want daar is tot die dood geveg vir elke stuk grond. Waardeer ander kulture, want ons het almal saam gebloe.

Dit was nou vir jou 'n gewigtige toer en vir ons volgende landreis mik ons kus toe, na 'n plek waar daar geen sprake van oorlog is of ooit was nie.

Op Kaapstad se voorstoep

Daar is kere wanneer 'n mens sommer op jou eie voorstoep wil uitspan. Miller's Point is die Kaap se voorstoepkamplek – en hy is wawyd oop vir almal.

Teks en foto's **Leon Botha**

Simonstad is een van die blinkste juwele in die Kaap se toerismekroon wat al interessante besoekers ontvang én groot oomblikke in wêreldgeskiedenis ervaar het.

Charles Darwin, die vader van evolusie, het byvoorbeeld 'n paar eeue terug hier kom vasmeer terwyl hy die omgewing se geologie kom bestudeer het, en vandag kan jy 'n foto van sy bronsbeeld op die kaai gaan neem. Ook in dié geweste is die wrak van die HMS Pelorus, 'n oorlogskip

uit die Tweede Wêreldoorlog wat in die water oorkant die Miller's Point-kamplek gesink het.

Stadig maar seker

Dit is die einste Miller's Point waarheen jy op pad is vir die naweek. Hier voel dit of jy op 'n verhoog teen die see is met die beste uitsig oor Valsbaai.

Miller's Point is skaars 45 km van die Kaapse middestad af, en die pad wat jy soontoe ry, is welbekend onder fietsryers

omdat dit deel vorm van die jaarlikse Kaapstad-fietstoer, vroeër bekend as die Argus.

Dis skaars 30 km voor jy Muizenberg bereik, en die 5 km van hier af Vishoek toe is pure dorp, hoewel dit opmerklik is hoe baie ander reisigers skielik om jou is. Jy ervaar dit eerstehands as jy gou bene rek by die Seaside Coffee & Snack Bar.

Wees op die uitkyk vir die Long Beach-strandbordjie soos jy Simonstad binnery; dis links in Drie Gebroedersweg.

Dit lyk soos 'n smal steeg, maar jy kan maar met jou woonwa hier indraai, want skaars 50m verder is 'n oop parkeerterrein. Heelwat vissermanne trek ook hier in met hulle skuite, wat beteken hier is genoeg plek om met jou wa op die haak om te draai wanneer jy verder ry.

Op die hoek van die parkeerterrein sal jy 'n klomp mense by 'n ou 1990-model Gypsy 3 sien wat koffie en iets te ete bestel. Joan Atkins en Vionna Solomons beman die diensluik en sê hulle spek-en-eier-broodjie (R37) is die gewildste. Hulle bedien ook geroosterde toebroodjies (R32-R42), worsbroodjies (R35) en hamburgers (R65). Bestel 'n americano of flat white (R25 en R30) as jy 'n kafeïenopkikker nodig het vir die laaste stuk pad.

Joan en Vionna is elke dag van die jaar op hulle pos en jy kan van 07:00 tot 17:00 kom aanklop.

Buiten buitelanders sal jy ook plaaslike inwoners hier teëkom: iemand wat 'n hond uit haar kar help en afstap strand toe; 'n paartjie wat by die badkamers met die helder muurskildery die soutwater van hulle lyf afspoel; dalk iemand wat sy Land Rover Discovery terugstoot om 'n boot in die water te kry.


Terwyl jy oor die see uitkyk, is die naaste kant van Suid-Afrika se grootste vlootbasis skaars 700m van jou af. Die naam van die straat waar jy indraai, is genoem na die Drie Gebroeders, 'n skip van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie wat in die laat 18de eeu hier gestrand het.

Nou is dit nog net 7km tot by Miller's Point, en dan wag Simonstad se hoofstraat met sy tipiese toeristeplekkies. Maar dis haas onmoontlik om met 'n woonwa op die haak te parkeer, en daarom is dit dus beter om eers in die kampplek af te saal en later hier te kom rondrent.

Die borsstuk van Charles Darwin is vroeër vanjaar op die punt van die kaai onthul, ter viering van sy geskiedkundige besoek aan Simonstad. Die gedenkplaat bring verder hulde aan die rol wat die omgewing gespeel het in die ontwikkeling van Darwin se evolusieteorie.

Sy besoek was net 'n jaar ná die begin van die Groot Trek in September 1835, en die 27-jarige Darwin het 'n perdekar gehuur en 'n groot sirkelroete van Simonstad af tot Kaapstad en 'n wye draai deur die Paarl en Franschhoek gery. Sy skip, die HMS Beagle, het 19 dae op anker gelê in Simonstad. Darwin het Kaapstad beskryf as 'n pragtige en unieke plek aan die voet van 'n enorme muur wat tot in die wolke strek.

Darwin het klipmonsters versamel van onder meer die pad tussen Simonstad en Kaapstad, die pad na die Paarl en die >



“

Die eerste groepie regs van die pad is die uitsoekstaanplekke – hulle is op die laer terras en het die beste uitsig oor die see.

”



VERSKEIE GEDAANTES. Miller's Point is omtrent soos 'n versamelnaam: Hier kry jy 'n boothelling om jou boot in die water te kry, een van die mooiste getypoele in die Kaap én 'n lieflike kampplek. Dis 'n verhewe afsaalplek met die blou waters wat die hele horison vol lê.



sandgebiede tussen die Skiereiland en Kaapstad – dis blykbaar vandag nog te sien in die Sedgewick-museum van aardwetenskappe in Cambridge, Engeland.

Die afdraai na die kampplek is duidelik gemerk op die hoofpad. Skaars 60m nadat jy afgedraai het, virk die pad waar jy links hou na 'n hek waar 'n wag naderstaan om dit oop te maak. (Die pad regs loop na die oorspronklike plaasgeboue van Edmund Miller – later meer oor hom.)

Dis 'n munisipale oord en die bespreking oor die foon verloop sonder haakplekke. Jy kry 'n kaart van die oord wat duidelik elkeen van die 26 staanplekke wys én ook waar die groot koelbome staan. Die oordmense sê vir jou watter staanplekke nog beskikbaar is.

Hou ná die hek weer links, maar ry ver-

sigtig en draai wyd om die skerp draai wat volg, veral met 'n lang sleepkombinasie. Die see is nou 100m voor jou en die pad krul terug sodat jy parallel met die strand die kampplek binnery.

Die pad vorm 'n singel deur die kampplek met die staanplekke aan weerskante. Die eerste groepie regs van die pad is die uitsoekstaanplekke – hulle is op die laer terras en het die beste uitsig oor die see. Hier is heelwat koelbome en die gras groei welig, maar met ons besoek het dit gelyk of hier lanklaas iemand met 'n gras-snyer was.

Elke twee staanplekke deel 'n kragpunt (blou sok en driepunt) en saam met die stroombrekers lyk dit nuut. Hier is egter nie 'n vullisdrom naby nie.

Bring jou eie braaier saam, want hier is gemeenskaplike geriewe op die verste

punte van die kampplek, maar niks op jou staanplek nie. Die ligte skakel saans outomaties aan en staan lukraak rond.

Die badkamers laat ons dink aan 'n ou staatsdiensgebou. Mans en vroue het aparte geriewe, met die skottelgoed-opwasplek tussen die twee. Die geriewe is so oud as wat die gebou lyk en van die teëlwerk kort aandag, maar dit is besonder skoon. Albei kante het twee storthokkies met 'n droë kant en 'n ry wasbakke van vlekvrystaal. Die vrouegeriewe het 'n ekstra storthokkie wat lekker ruim is. Hier is ook 'n toilet agter die gebou vir mense in 'n rolstoel.



'n Plakker teen die badkamermuur

waarsku besoekers teen bobbejane en raai 'n mens aan om minstens 20m van hulle af weg te bly.

>



ALMAL IS WELKOM!
Kapenaars het 'n voor-
deel omdat Miller's
Point om die draai
is. Kampeerdere van
elders is ewe welkom,
maar bespreek liefs
voor jy opdaag – hier
is altyd kampeerdere.



NAWEEKKAMP

Die grootpad loop teen die rug van die kampplek verby en 'n mens hoor die verkeer, maar saans bedaar dit. Die sekerheidswagte se skofte ruil ook saans en kort voor lank kom stel die een wat nou aan diens is hom voor.

'n Mens kan nie die parkie sien nie, want dis aan die voet van die voorste staanplekke op die volgende terras. Die trappies soontoe is in die draai waar jy inry en die klouterraam het vele vlakke om die jong klomp besig te hou.

Hiernaas is 'n strandjie, maar hy is nie regtig bedoel vir swem nie omdat dit taamlik klipperig is. Ongeveer 100m verder is 'n strand waar jy wel jou handdoek kan oopgooi.

Terwyl jy in dié rigting stap, maak 'n draai by die getypoel. Volg die effens vervalde betonpaadjie net verby die strand tot jy naderhand oor twee houtbruggies vorder. Die voetpad neem jou tot langs 'n boothelling en die getypoel is omtrent 200m verder.

Daar is omtrent honderd getypoele aan die Suid-Afrikaanse kuslyn waarvan die meeste hier in die Kaapse Skiereiland en die KwaZulu-Nataalse Suidkus te vinde is. Miller's Point se getypoel is een van 22 in die omgewing en sekerlik een van die mooistes. Daar's selfs 'n glyplank aan die een kant en 'n bruggie aan die ander.



Kortliks | Miller's Point



Kampplek 23 genommerde staanplekke op gras met heelwat koelte. Die voorste staanplekke het die beste uitsig oor die see, maar staan ook voor as die wind opsteek. Die selfoonsein is wisselvallig.

Ablusiegeriewe Oud en netjies met 'n skottelgoedopwasplek.

Prys Afhangend van die seisoen R204-R358 p.n. vir 'n staanplek wat tot 6 mense huisves.

Aankoms- en vertrektyd Nie gespesifiseer nie, maar jy moet teen 12:00 in die pad val.

Kontak ☎ 021 444 6770 🌐 capetown.gov.za

✉ MillersPoint.Bookings@capetown.gov.za

Naaste dorp? Miller's Point is aan die buite-wyke van Kaapstad.

Hoe lyk die pad? Teer tot in die kampplek.

GPS S34.228959 E18.470326

Ry & Sleep sê Terwyl jy in die omgewing is, maak 'n draai by Kaappunt. Die ingang is 6 km van hier af. (Cyril vertel jou op bl. 76 hoe om dié wonderlike bestemming behoorlik te waardeer.)

Wanneer jy terug op jou staanplek is en wonder waar die HMS Pelorus onder die water lê, gaan staan haaks met die kuslyn. Die wrak lê effens links – teen 11:00 op die denkbeeldige horlosie – sowat 800m see-in en 22m onder water.

Die Pelorus is in 1942 in Skotland gebou en vyf jaar later aan die Suid-Afrikaanse vloot verkoop toe dit tot die HMSAS Pietermaritzburg herdoop is. Die Pelorus was 'n mynveër en aan die spits van die ganse vloot gedurende die D-dag-landings in Normandië in 1944. Dis in 1994 hier gesink met die oog op 'n kunsmatige rif, en die omliggende 300m is in 2013 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Die gebied is genoem na Edmund Miller. Hy het die grond in 1825 gekoop en 'n walvisfabriek begin. Die Molteno's het in die vroeë 1900's by hom oorgeneem en verder met melkbeeste gewoeker. Die plaashuis staan nog – in die gedaante van die Black Marlin-seekosrestaurant, skaars 200m van die kampplek af.

Dié eetplek is gewild onder toeriste en jy moet bespreek. Die voorste deel is op 'n stoep met 'n lieflike uitsig oor Valsbaai. Nou moet jy net besluit waarmee jy gisteraand se braaivleis wil afwissel: Springbok-carpaccio (R145), tunasteak (R319), volstruisfillet (R299) of dalk iets soets. Wat van malvapoeding (R69)?



DRIEGANG. Sorg vir drie regmerkies op jou naweekspyskaart: Drink koffie by die Seaside Coffee & Snack Bar; geniet jou eie braaivleis op jou staanplek; en sluit die naweek af by die Black Marlin-seekosrestaurant.



Fyn beplan. Moeiteloos bespreek.

Oorgrens-reis was nog nooit so maklik nie!



ULTIMATE
Routes

Jy is nou in die Zambesistreek – jou pa het dit die Caprivistroom genoem – 'n deel van die land wat nommerpas is vir selfrytoeriste wat op soek is na vryheid, verskeidenheid en avontuur. Die span van Ultimate Routes het onlangs die gebied besoek en teruggekeer met net een klagte: Hulle moes langer gebly het!

Hoekom is die Zambesistreek so bekoorlik vir selfrytoeriste?

Dit sorg vir 'n bietjie afwisseling van die gewone Namibiese ervaring. Ja, die woestyn en verlate vlaktes het 'n unieke bekoring, maar dieselfde geld vir die Zambesistreek se groener bosveldomgewing met sy riviere, boomeilande in 'n amperse delta.

Die afstande tussen bestemmings is nie te groot nie, en daarom het jy hope tyd om die nasionale parke te verken, óf jy kan net in die kampplek ontspan. Die riviere is 'n lewensbron vir 'n ongelooflike verskeidenheid van wilde diere en voëls, terwyl 'n mens die aktiwiteite op die water, soos 'n skemerkelkiebootvaart of hengeluitstappie, móét ervaar.

Die Zambesi se hoofroetes is geteer en in 'n goeie toestand, maar dinge raak erg lekker wanneer jy afdraai en op sanderige 4x4-paadjies in nasionale parke soos Bwabwata, Nkasa Rupara of Mudumu se rigting ry.

Hier is nie 'n magdom mense nie en jy het 'n uitstekende kans om olifante, buffels en sebras teë te kom. Die kans is ook goed dat jy wildehonde en ook vuilbaarde sal sien – die leeuëbevolking is besig om toe te neem. Ook die poekoe, rietbok en waterkoedoe is hier rond.

Met al die riviere, vloedvlaktes en bosveld is hier heelwat om kranige voëlkykers van sonop tot skemer besig te hou – van waterploeërs en rooiborsbyvreter tot 'n verskeidenheid roof- en watervoëls.

Nét die plek vir mense op soek na 'n rustiger safari-ervaring, of hoe?

Ja, want vergeleke met Etosha of die Chobe-rivierfront is hier aansienlik minder besoekers vir wie jy moet koes; dus kan jy die Zambesistreek se ongerepte en afgeleë natuurskoon op jou eie tyd beleef. Dis ook opmerklik

Namibië se Eden

Wanneer jy afdraai van die teerpad wat jou al die pad deur Namibië se droë hartland gevat het, word jy skielik omring deur riviere, vloedvlaktes en digte groen bosveld.



Foto Willem van der Merwe

watter groot verskeidenheid natuursoorte hier is. In 'n kort rukkie beleef jy enigiets van oewerbosse tot vloedvlaktes en bosveld, elkeen met sy eie unieke wilde diere. Parktoegangsgeld is oorwegend nog redelik bekostigbaar vergeleke met ander gewilde bestemmings en daarom spog die streek met die bynaam "die arm man se delta".

Vertel ons 'n bietjie meer oor verblyf in die omgewing.

'n Uitstekende staanplek is hier so te sê gewaarborg. Of dit nou langs die oewer van die Kavango of diep in die hart van 'n nasionale park is, by die meeste kampplekke het jy private badkamergeriewe en ordentlike koelte, en snags hoor jy seekoeie nurk en rin-

Foto Ben Krog



Foto Ultimate Routes



Foto Lee Ann Erasmus



Foto Ultimate Routes



Foto Lee Ann Erasmus



Foto Ultimate Routes



Foto Lee Erasmus



“

In 'n kort rukkie beleef jy enigiets van oewerbosse tot vloedvlaktes en bosveld.

”

kink. Die meeste van die kampplekke kan jy met jou 4x2-ryding bereik mits hy 'n hoë grondvryhoogte het. Hier en daar is wel plekke wat 'n viertrek-voertuig vereis. Jy kan jou woonwa hierheen sleep en hier is 'n klompie kampterreine waar jy lank kan staan. As jy jouself so dan en wan wil bederf, is hier 'n verskeidenheid keuses vir selfsorg- of luukse verblyf, waar jy in die skemerlig op 'n dek staan en jou drankie geniet terwyl die olifante deur die water stap. Dit gaan jou boonop aansienlik minder kos as in Botswana.

Is dit maklik om kos, drinkgoed en brandstof in die hande te kry?

Ons was aangenaam verras met die winkelrakke in die streek se dorpie. By winkels soos Shoprite en Metro is oorgenoeg vars en ingemaakte kos, terwyl elkeen 'n drankwinkel langs-aan het. Jy sukkel nie om brandstof te kry nie, en omdat jy met jou rande óf Namibiese dollars kan betaal, is dit moeiteloos. Dorpe soos Kongola, Divundu en Katima Mulilo het betroubare vulstasies, maar dit is altyd raadsaam om vol te maak wanneer jy ook al kan.

Wanneer moet ek kom?

Elkeen van die seisoene bied iets anders. As wildkyk vir jou belangrik is, mik vir die droë maande van Mei tot Oktober. Daar is egter ook 'n besonderse bekoring aan die pragtige groen landskap en intense donderbuie van die somer. As jy uiteindelik wil probeer om 'n tiervis uit te katrol, reël jou dinge so dat jy in die Desember-vakansie kom kuier.

Hy hoort dus beslis op die lysie?

Dit sal hartseer wees as iemand nooit hierdie juweel van 'n bestemming besoek nie. Dis soveel meer as net die strook aarde waar jy van Namibië af Botswana of Zambië toe ry. Dit is 'n bestemming in eie reg wat geduldig lê en wag dat jy sy ongelooflike natuurskoon kom ontdek.

KONTAK

071 471 4900 • ultimateroutes.co.za

hello@ultimateroutes.co.za

Maak 'n punt daarvan

Wanneer jy Kaapstad besoek, is daar drie dinge wat jy móét doen: bestyg Tafelberg met die sweefspoor, eet seekos langs 'n kaai en verken die Kaappunt-nasionale park met jou vakansiebakkie.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

Kaapstad geniet 'n gemiddeld van 3094 uur sonskyn per jaar – die naaste wat 'n Europese stad daaraan kom, is Athene in Griekeland met 2769 uur. Die kans is dus goed dat die weer gaan saamspeel wanneer jy die Moederstad besoek.


Haal jou ID-kaart of rybewys by die Kaappunt-nasionale park se hoofhek uit om te wys jy's 'n burger. Die toegangsgeld is R455 p.p. maar met jou SA ID betaal jy net R105 (R55 vir kinders).

Volg die Smitswinkelpad vir 2,5 km tot by 'n padpredikant wat jou regs na Olifantsbos toe stuur. Die 11 km lange teerpad neem jou deur kliprantjies en fynbos tot by 'n strand met die geroeste skeepswrakke van die Thomas T. Tucker en Nolloth. Hier is 'n grasperk vir jou piekniek en ook ablusiegeriewe, maar jy mag ongelukkig nie hier braai nie.

Ry terug na die Smitswinkelpad en draai regs in die rigting van Kaappunt. Die eerste aftrekplek is die Smits-

winkelvlaktes se staproete. Die parkeerplek is by die GPS-koördinate S34.28981 E18.44888 en hier is 'n bankie van waar jy die vlakte kan bespied. Die staproete is net 200 m lank en is 'n goeie geleentheid om bene te rek.

Sowat 2,5 km verderaan met die Smitswinkelpad is 'n afdraai na links wat jou neem na die Bordjiesrif-piekniekplek op die Valsbaaise kus. Ry eers verby die replika van Vasco da Gama se klipkruis wat in 1497 geplant is en parkeer dan >



“

Die 11 km lange teerpad neem jou deur
kliprantjies en fynbos tot by 'n strand
met geroeste skeepswrakke.

”



KYK HOE MOOI. Ongelooflike uitsigte, natuurskoon wat
jou kamera voltyds gaan besig hou, geskiedkundige
besienswaardighede, interessante staproetes... jy het
beswaarlik meer motivering nodig om hier te draai.



“

Die strand is idillies en herinner
aan die Mediterreense kus, maar
hier is geen geriewe nie
– dis net jy en die natuur.

”



langs 'n groot getypoel. Hier is 'n braai-plek en ablusiegeriewe, en op vakansiedae is die piekniekplek stampvol gepak met dagbesoekers.

Die volgende aftrekplek is die Buffelsfontein-besoekersentrum waar jy meer oor die park en sy besienswaardighede kan leer. Oorkant die pad is 'n klein geboutjie waarin die Skaife-museum gehuisves word – dit is genoem na Sydney Skaife, 'n plant- en goggakenner wat allerbelangrike bydraes tot die natuurkunde gemaak het.

Skaars 800m verderaan met die Smitswinkelpad draai jy links en ry afdraande tot by Buffelsbaai, 'n piekniekplek wat baie soortgelyk is aan die een by Bordjiesrif, maar kleiner en gewoonlik stiller. Buffelsbaai het ook 'n lang strand waarlangs jy kan stap, iets wat Bordjiesrif nie het nie.

Die volgende afdraai op die Smitswinkelpad draai regs in die rigting van die Atlantiese Oseaan. Die pad loop verby nóg 'n Da Gama-kruis (hierdie een is selfs groter as Bordjiesrif s'n) tot by Platboomstrand waar branderplankryers gewoonlik saamdrom.

'n Volgende afdraaipad neem ons na Kleinbaai en Maclear se strand en loop dood teenaan 'n enorme bakkrans onder



die punt van Kaappunt. Dit is 'n tref-fende attraksie, maar dit raak soms bedrywig met die busvragte vol oorsese toeriste wat hierheen stroom.

Die parkeerplek by die bakkrans is egter 'n gawe plek om jou voertuig te los en na die park se besbewaarde geheim te stap: Volg die Kaap die Goeie Hoop-voetpad tot op die weggesteekte Diasstrand. Die strand is idillies en herinner aan die Mediterreense kus, maar hier is geen geriewe nie – dis net jy en die natuur.

Ons laaste stilhouplek is by die Kaap-

punt- nasionale park se hoofparkeer-terrein op die punt. Parkeerplek is gratis en hier is 'n restaurant en openbare ablusiegeriewe. Verder op teen die berg staan Kaappunt se ou vuurtoring. Daar is wel 'n pad wat na die vuurtoring toe loop, maar dit word slegs deur Transnet en die park se personeel gebruik.

Jy het een van twee keuses om by die ou vuurtoring uit te kom. Jy kan die steil voetpad vir 600m volg of in die Vlieënde Hollander ry, 'n sweefspoor (of dan funicular in Engels) wat jou in 'n japtrap tot



OP 'N PUNT VAN ORDE. Jy en jou mense moet 'n punt daarvan maak om 'n dag opsy te sit vir Kaappunt tydens julle Desemberavakansie by die see. Hier is baie om te sien, eienaardige goed om te beleef en heelwat om die hele gesin besig te hou. Boonop kan jy met enige ryding kom.



bo sal neem. Dit kos R105 p.p. (R60 vir pensioentrekkers; gratis vir 0.6'). Jy kan ook net R90 betaal vir die opgaanslag en dan terugstap na jou bakkie toe.

Die uitsig van die ou vuurtoring af is verstommend en ons moedig jou ook aan om die voetpad verder te volg tot by die nuwe vuurtoring op die heel verste punt van Kaappunt.

So ja, grondpaaie neem jou dalk na die interessantste plekke, maar soms is daar inderdaad teerpaaie wat ook roep om gery te word.

Wat jy moet weet



Maksimum getal voertuie? Sanparke bepaal hoeveel voertuie toegelaat word.

Kry ek 'n kaart? Nee, jy volg bloot die Smitswinkelpad en verken al die afdraaipaadjies.

Sal my voertuig krap? Nee, die pad is breed en die fynbos laag.

Moet ek 'n kompressor neem? Nee, dis 'n teerpad.

Kan ek halfpad braai? Daar is braai-plek by verskeie piekniekplekke. Kennis-gewings sal jou waarsku waar jy nie mag braai nie.

Is daar selfoonsein? Ja, amper oral.

Beste tyd van die jaar? Heeljaar, maar dis uitaard lekkerder in die somermaande. As die wind aan die Atlantiese kant waai, is die Valsbaaikant gewoonlik windstil, en andersom.

Kan ek my gesin saamneem? Beslis! Die kinders sal die getypoele en sweefspoor terdeë geniet.

Net vir die dag of die naweek? Hier is selfsorghuises in die park, maar andersins is dit 'n dagbesoek. Die Kaappunt-nasionale park het nie kampplek nie.

Hoe lank neem dit? Jy kan die hele park binne twee uur deurry, maar vat jou tyd en bestee eerder die hele dag in hierdie pragtige omgewing.

Is daar ablusiegeriewe? Ja, by al die piekniekplekke.

Aanwysings? Volg die M3-streekpad uit Kaapstad na Muizenberg en van daar af die M4 deur Vishoek en Simonstad tot by Kaappunt. Ons gunstelingroete is egter die M6 (die Victoriapad) deur Clifton en Houtbaai, oor Chapmanspiek na Kommetjie en van daar af met die M65 (die Misty Cliffs-pad) tot by die park.

Oubaas se plaas

Tyd om slapende honde wakker te maak... Hier is agt diervriendelike kampplekke in elke hoek van die land.

Saamgestel deur **Leon Botha**

UMZIKI-CHALETS



Troeteldiervoorwaardes Klein tot middelslag-honde – verkieslik aan 'n leiband. Hier is wilde diere soos vlakvarke en buffels wat vrylik rondloop.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 2 staanplekke langs mekaar, elk met plaveisel en 'n afdak. Hier is ook koeltebome en jy het jou eie boma en plonspoel. Wifi by die hoofgebou.

Ablusiegeriewe Jou eie op jou staanplek. Jy het 'n binne- en buitestort plus opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00-11:00.

Kontak umzikilodge@gmail.com

umzikichalets.co.za 083 857 8297

Naaste dorp eMkhuze 13 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad.

GPS S27.543858 E31.953730

VROLIKHEID



Troeteldiervoorwaardes Slegs honde.

Hulle moet aan 'n leiband wees wanneer jy die omheinde kampgebied verlaat.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 1 bespreking vir tot 10 mense (minimumtarief geld): 6 kampeersers en 2 A-raam-huisies vir 4. Die warm water van die swembad kom uit 'n donkie.

Ablusiegeriewe 1 badkamer vir almal se gebruik met 'n stort, wasbak en toilet. Die kombuis het 'n yskas, tweeplaatgasstoof, opwasplek en eetgerei en breekware vir 4.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 10:00, tensy anders gereël.

Kontak 082 595 4888

vrolikheidlandgoed@gmail.com


vrolikheidlandgoed.co.za

Naaste dorp Tulbagh 7 km.

Hoe lyk die pad? 1,5 km mooi grondpad.

GPS S33.223829 E19.148201

KALAHARI MONATE-LODGE



Troeteldiervoorwaardes Diere moet gesosialiseer wees, want hier is ander diere soos honde en springbokke op die werf.
Was ons al hier? Ja, Mei 2016
(WegSleep #88).

Kampplek 31 staanplekke met heelwat koeltebome – party met gras en ander op grond. Jy het 'n kraan, kragpunt en geboude braaiplek op jou staanplek.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue plus 'n kombuisie vir skottelgoed.

Aankoms- en vertrektyd 14:00-19:00 en 10:00.

Kontak 082 445 8324

kalahari.monate@gmail.com

upingtonmonatelodge.co.za

Naaste dorp Upington 13 km.

Hoe lyk die pad? Teenaan die teerpad tussen Upington en Askham.

GPS S28.378067 E21.158658

SUNDOWNER-LODGE



Troeteldiervoorwaardes Klein honde aan 'n leiband. Hier is onder meer poue op die werf.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 6 staanplekke op gras, elk met 'n geboude braaiplek en kragpunt – koeltebome op 2 van die plekke.

Ablusiegeriewe Naby die staanplekke, met aparte geriewe vir mans en vroue plus opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd Die aankomstyd is buigsaam, maar jy moet teen 10:00 op pad uit wees.

Kontak 071 612 5094

reservation@sundownerpietretief.co.za

sundownerpietretief.co.za

Naaste dorp Aan die buitewyke van Mkhondo (Piet Retief).

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S26.989767 E30.797557

>

SAN CHA LEN



Troeteldiervoordes Kleinrashede is welkom, maar hulle moet aan 'n leiband wees as julle rondloop en nie 'n steurnis wees nie.

Was ons al hier? Ja, Februarie 2011 (WegSleep #30).

Kampplek 31 geplaveide staanplekke met wisselende koelte en losstaande braaiers. Twee staanplekke het elk 'n private badkamer. Die jongste toevoeging is 'n boskamp vir langstaankampeerders met 9 geplaveide staanplekke en 3 gesinsbadkamers.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue met opwasplek plus 2 opwasplekke eenkant en 2 gesinsbadkamers. En dan die geriewe in die boskamp.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00, maar in stiller tye is dit nie so streng nie.

Kontak ☎ 072 215 6882 of 072 478 5181
✉ info@sanchalen.co.za 🌐 sanchalen.co.za

Naaste dorp Bela-Bela 11 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,5 km is 'n grondpad waaraan tans gewerk word.

GPS S24.891502 E28.374174

RIVER RUN-OORD



Troeteldiervoordes Groot honde wat nie gesosialiseer is nie, moet aan 'n leiband wees.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 3 kampplokke (A, B en C) langs die Vaalrivier met onderskeidelik 16, 23 en 16 staanplekke. Jy staan op 'n stuk plaveisel van 6 x 6 m met 'n kraan, kragpunt en braaiplek op jou staanplek.

Ablusiegeriewe Blok A en C deel 'n badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue. Hier is opwasplek en 'n gesinsbadkamer. Blok B het gedeelte geriewe (ook met opwasplek).

Aankoms- en vertrektyd In besige tye 14:00 in en 09:00 uit, maar in stiller tye is dit minder streng.


Kontak ✉ bookings@riverrunresort.co.za
🌐 riverrunresort.co.za ☎ 071 584 2160

Naaste dorp Vredefort 34 km.

Hoe lyk die pad? 17,5 km grondpad. Die toestand hang af van die weer, maar die pad word deurentyd onderhou.

GPS S26.949474 E27.181851

NAHOON-WOONWAPARK



Troeteldiervoorwaardes Diere moet aan 'n leiband wees.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 'n Munisipale kampplek met 53 staanplekke op gras – party met koelte en ander daarsonder. Jy het 'n braaiplek (los of permanent) en deel 'n kragpunt.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue, elk met aparte geriewe vir mans en vroue, plus 'n afsonderlike opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:00.

Kontak ☎ 043 740 0571 of 078 236 5004

✉ cynthiany@buffalocity.gov.za

🌐 nahooncaravanpark.co.za

Naaste dorp In Oos-Londen.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S32.985650 E27.947828



SMUTS-WOONWAPARK



Troeteldiervoorwaardes Honde moet aan 'n leiband wees of in 'n kampie op jou staanplek.

Was ons al hier? Ja, Januarie-Februarie 2013 (*WegSleep* #52).

Kampplek 32 staanplekke met plaveisel of op gras. Die meeste het koelte en die braaiplek is deel van 'n gemeenskaplike piekniekplek. (Die oordmense is besig om 'n aparte deel vir tentgroepe te ontwikkel.)

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue, plus 'n opwasplek en dreineerplek vir kasset-toilette. (Die badkamers is ongeveer 2 jaar gelede vernuwe.)

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 11:00.

Kontak ✉ david@smutshouse.com

🌐 smutshouse.co.za ☎ 082 383 6024

Naaste dorp Irene 3 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S25.888528 E28.232762



'n Billike bakkiebederf

'n Mens merk deesdae al hoe meer GWM-voertuie op ons paaie op en dit wil voorkom of die nuwe P300 dieper in Suid-Afrikaanse harte inkruip.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

GWM P300



“

Hy lyk nou meer na 'n bakkie as 'n kar, en ons het glad nie 'n probleem daarmee nie.

”

Die Chinese vervaardiger GWM se P300 is 'n opgedateerde model van die P-reeks wat einde 2020 in Suid-Afrika bekend gestel is. (GWM het die bakkie eintlik Poer gedoop, maar om verstaanbare redes het hy hom hier by ons 'n ander naam gegee.)

Die P300 is die kleinboet van die P500, maar "klein" is allermens die woord om hom te beskryf, want hy is 10 cm langer as 'n Toyota Hilux en weeg 20 kg meer as die lywige nuwe Ford Ranger.

Ons het die Groen-Kalahari in die Noord-Kaap met die P300 ingevaar om op die grondpaaie en bergpasse langs die Oranjerivier te sien waartoe hy in staat is.

Buite en binne

Die GWM P300 herinner sterk aan die bestaande P-reeks, maar die nuweling spog nou met 'n aggressiewer vooraansig wat hom amper kwaad laat lyk. Die voorbuffer en sierrooster is groter en hoekiger, en van die sagte kurwes op sy voorganger is niks te sien nie. Hy lyk dus nou meer na 'n bakkie as 'n kar, en ons het glad nie 'n probleem daarmee nie.

Tog is daar vriendelike luukshede, soos die laaibak se klap wat danksy skokbrekers saggies oopvou en nie met 'n "kaplaks" oopval soos ander bakkies nie. Soos met die vorige model het die klap ook 'n ingeboude leertjie waarmee jy makliker agterop kan klim.

Die kajuit sorg vir 'n gevoel van weelde, met sagte materiale op die instrumentepaneel en deure; en ferm, gemaklike sitplekke wat herinner aan dié van 'n Mercedes-Benz uit die jare tagtig. >



YANK. Die P300 is selfs groter as die ouer P-reeks en hy vergelyk amper met die Dodge-bakkies wat jy deesdae uit Amerika kan invoer en laat ombou tot regterhandstuur.





SEDAN. Die P300 is pure bakkie buitelangs, nes dit hoort, maar binnelangs is dit 'n ander storie. Die instrumentasie en weelde herinner aan 'n luukse gesinsmotor.



Knoppies en skakelaars is tot die minimum beperk en oorwegend vervang met 'n raak-skerm (12,3 duim) in die middelkonsole. Die fisieke knoppe wat behou is, is vir dinge soos die agterste ewenaarslot, laestrektratte, die noodflikkerligte en die lugreëling.

Die sondak is 'n welkome toevoeging en verdien 'n pluimpie. Dis nie iets wat 'n mens gereeld in 'n bakkie teëkom nie, maar die P300 s'n maak lekker wyd oop en laat die binneruim selfs groter voel.

Dit beteken egter nie daar is nie dinge wat pla nie. Ons het gesukkel om toegang te kry tot die ritrekenaar tussen die spoed- en toerelezer. Jy gebruik gewoonlik die pyltjie-knoppies op die stuurwiel om inligting op die ritrekenaar te sien, maar ons het ontdek dat jy eers die vastrapbeheer moet afskakel voor jy die ritrekenaar kan gebruik. Ons vermoed (hoop) dit was 'n geïsoleerde voorval, want dit kan tog nie normaal wees nie, of hoe?

Hoe ry hy?

Ons toetsmodel was toegerus met 'n 2,4 l-turbodieselenjin wat ons behoorlik beïndruk het. Hy trek nie net sterk nie, maar loop ook stil vergeleke met die gekletter van ouer dieselmotore. Dan is hy boonop ook heel ekonomies met 'n gemiddelde brandstof-

verbruik van net 9 l/100 km op 'n kombinasie van grondpaaie, 'n bietjie 4x4-ry en snelweë. 'n Kollega by 'n ander publikasie vertel hy het selfs beter vermag met 'n gemiddeld van 8 l/100 km. Dit is iets wat vir Chinese rygoed tot baie onlangs toe nog ongehoord was.

Die ritgehalte in 'n voorstedelike buurt is gaaf, maar jy kan voel jy ry met 'n bakkie. Anders as met die nuwe Volkswagen Amarok wat die ritgehalte van 'n sedanmotor het, voel jy in die P300 elke ongelykheid op 'n teerpad.

Die groot bakwerk en breë enjinkap maak jou ook effe senuagtig om in 'n knap parkeerplek in te wurm of in 'n smal agterstraat tussen geparkeerde motors deur te ry. (*Hou op om in die agterstrate rond te ry, Cyril. – Red.*)

Die GWM P300 blink wel uit op grondpaaie en snelweë waar jy meer ruimte om jou geniet en heerlik hoog sit om duidelik rondom jou te sien.

Die mededingers

Teen R649 900 bied ons toetsmodel, die P300 2.4 LT 4x4, aansienlik meer waarde vir geld as amper enige Europese of Japannese bakkie. Jy sal 'n stoere Ford-aanhanger moet wees om jouself te oortuig dat die mees basiese Ranger XL 4x4 wat R888 000 kos, 'n beter kopie is as die GWM P300.

Ons vergelyk die GWM P300 eerder met ander Chinese produkte, want ons weet alte goed hoe kwaad die Mitsubishi- en Toyota-manne kan raak as jy hulle rygoed met Chinese voertuie vergelyk. Die JAC T8 is 'n eenvoudiger bakkie as die P300 met 'n kleiner enjin, handratte eerder as outomaties en net twee lugsakke teenoor die P300 se ses, maar hy kos net 'n bietjie meer as R500 000, wat spotgoedkoop is vir 'n nuwe dubbelkajuitbakkie.

Ons kan amper dieselfde sê oor die LDV T60, maar hy't darem ook 6 lugsakke en meer luukshede as die JAC, en sy 2 l-enjin skop 120 kW en 375 Nm uit teenoor die JAC se 104 kW en 320 Nm.

Dan het ons die BYD Shark 6 wat prys-gewys teen R960 000 meer in lyn val met bakkies uit Japan en Europa. Die BYD is egter 'n tegnologiese wonder vergeleke met die JAC en LDV, met hibriede aandrywing en allerlei elektroniese katoeters.

Slotsom

Ons sou die GWM bo die JAC T8 en LDV T60 kies, ondanks sy effens hoër prys. Die BYD Shark 6 lyk dalk op papier na die beste bakkie, maar dit gaan hier oor rand en sent, en daarom maak die P300 vir ons meer sin. 🚗



SPESIFIKASIES

Model getoets.....	P300 2.4 LT 4x4
Enjin	2,4 l, viersilinder-turbodiesel
Krag	135 kW @ 3 600 r.p.m.
Wringkrag	480 Nm @ 1 500 r.p.m.
Ratkas.....	9 spoed-outomaties
Brandstofverbruik.....	9 l/100 km (getoets)
Tenk.....	78 l
Vraggewig (BVM – Tarra).....	925 kg
Sleepvermoë	3 500 kg (gerem)
Afmetings.....	5 416 (l) x 1 947 (w) 1 884 mm (h)
Grondvryhoogte	228 mm
Wielgrootte	265/60 R18
Veiligheidsgradering	Ongetoets
Diensplan	7 jaar/75 000 km
Waarborg.....	7 jaar/200 000 km
PRYS.....	R649 900



MEDEDINGERS

Chinese dubbelkajuit-
bakkies wat kan 4x4



R514 900

JAC T8 4x4 Super Lux

Uitstekende prys, maar hy voel vir ons soos
'n werkesel eerder as 'n vakansiebakkie.



R640 000

LDV T60 Pro 4x4

Prysgewys eenders as die GWM, maar die P300
bied meer waarde in die vorm van luukshede.



R959 900

BYD Shark 6 Premium

Hy's 'n mooi ryding, maar waarom sou jy hibriede
tegnologie in 'n bakkie wou hê?



MEERKAT premium kamptoeerusting -
vir dié wat gehalte eerste stel, waar
hulle ook al gaan.



Spiertier

Wanneer dinge rof raak, kan die Bruiser 4x4 se frisgeboude Expander sy man staan. Maar dié sterkman is nie net vol spiere nie; hy het ook heelwat luukshede.

Teks en foto's **Helenus Kruger**

BRUISER 4x4 EXPANDER



Al is Bruiser 4x4 'n gedugte naam in die boswamark, is die man aan die stuur, Brandon Hardie, allermens. Brandon is eerder bekend vir sy UniPod-boswoonwaens.

Volgens Brandon is Bruiser 4x4 die luukse vleuel van die reeks wat spog met ernstige veldryvermoë.

'n Mens sien nie baie waens met 'n donker kleur nie, en veral swart is skaars. Met sy kontrasterende rooi kentekens tref Bruiser

4x4 behoorlik die oog. Die Raptor-afwerking aan die buitekant het 'n growwe tekstuur en is krapbestand, en indien daar wel 'n paar ligte krappe en klipmerke verskyn, kan dit maklik herstel word.

Boonop kan die Expander pasgemaak word vir elke kliënt se behoeftes en smaak. Buite kan die kombuis se uitleg verander word en binne is daar tientalle verskillende afwerkingkeuses, soos die kleur van die mure en die soort vloerbedekking.



Opslaantyd

Die wa se slaapplek moet eers reg-gekry word voordat jy kan inklim om die dak te lig. Die bed trek as 'n soliede eenheid – byna soos 'n kapsule – aan die agterkant uit, wat dan vir beweegruimte binne die wa sorg sodat jy by die swaai-arms kan bykom wat die dak oplig. Onthou om eers die vier knippe aan die buitekant los te knip.

Nou is dit die afdak se beurt: Die

270°-dak het ses arms en swaai bo-oor die kombuis en bedeenheid uit, waarna dit deur die stroppe styfgespan word. Dit is vas aan die buitenste arms en trek vas deur die metaalogies aan die voor- en agterkant van die wa.

'n Paaltjie by elke arm hou die dak bo – as dit afslaantyd is, word dit binne die arms gebêre. Die afdak op sy breedste is 'n skaflike 2,5 m.



Kombuissake

Die kassies waarin die glase en bottels met drinkgoed is, is naby die ys-vrieskas geplaas. As jy voor die yskas staan, is die kassie met die glase – twee vonkelwyn- en vier steellose mengeldrankie-, koeldrank- en likeurglase – regs bo die yskas. Die kassie waarin vyf wynbottels pas, is aan die sykant van die yskas (die verste weg van die romp). As jy die bottelkassie se deur oplig, word dit 'n tafelblad van 52 x 40 cm, wat handig te pas kom om glase neer te sit wanneer jy 'n drankie skink en ys uit die vrieskas haal. Die glase-kassie het 'n LED-liggie binne,

en bo teen die romp is 'n verstelbare LED-liggie wat die yskas en tafeltjie verlig.

Die wa se deur (143 x 55 cm) is regs van die yskas en het 'n losstaande trappe en 'n LED-liggie regs bo die deur sodat jy nie mistrap nie. In die deuropening is 'n muskietnet.

Die kombuiskas met sy oplig-deur strek van die as tot amper by die agterkant van die wa.

Iets wat jy nie aldag sien nie, is die hortjiesdeur aan die kas se agterkant wat wanneer dit oop is, die kombuis oopmaak na die binnekant van die wa toe; jy het dus van buite óf binne af toegang tot

die kas. Die kas het genoeg neersitplek vir 'n klein induksieplaat, ketel en 'n kapsule-koffiemaker.

Op die hangrakkie (66 x 22 x 16 cm) is plek vir koffiebekers, tee, koffie en beskuit. Links is pakplek vir kruideniersware, hakies waaraan jy sleutels kan hang en 'n USB-sok om jou selfoon te laai.

Die kombuis het twee krane regs in die kas: Een met koue en warm water vir die skottelgoedbak, en een waar jy drinkwater kan tap (dit word deur 'n drie-fase-filtreerstelsel gesuiwer). Die water kom uit die 75 l tenk onder die wa.

Regs bo die krane is twee rak-

kies met hakies vir skottelgoed-seep, waslappe en afdroogdoeke. Jy was jou skottelgoed in 'n plastiekwasbak onder die krane aan die wand van die wa. Die smal werkblad (30 x 106 cm) wat links van die wasbak aanhaak, is nuttige neersitplek vir vuil skottelgoed wanneer jy begin was. Die kombuis se kragpunke (drie huissokke, 'n sigaret- en Hella-sok) is in 'n stofdigte huls links van die werkblad.

Die vullisdrom se deksel is in die boom van die kas ingesny en jy hang 'n inkopiesak daarin vir jou vullis. Die stoof se gassilinder en die waterfiltreerstelsel >

is in 'n kassie onder die blad. Net bo die gassilinder (ook in die kassie), is twee huissokke wat jy ook van bo af deur die dromopening kan bereik. 'n LED-strooklig sorg vir lig in die kombuiskas.

Die stoof en eetgerei is in 'n 2,3 m lange eenheid wat onder die wa se bed uittrek en op 'n paaltjie aan die verste kant weg van die wa rus.

Die eenheid bestaan uit twee uit-trekgedeeltes met die messegoedkas wat binne die stofie se kas inpas. Jy kan dus net die stofie, net die messegoed óf albei gelyktydig uittrek. Langs die stofie is 'n werkoppervlak van 47 x 49 cm.

Die kombuis is toegegerus vir vier mense met messegoed, keramiek-eetgerei en vlek-vrystaalbekers en -glase. Die kombuisuitleg kan by elke kliënt se smaak en behoeftes aangepas word.



Ry & Sleep sê Ons het die Expander se prototipe onder hande gehad. Brandon-hulle is besig om nog 'n paar veranderinge aan te bring én daar is drie ekstra modelle op pad.

Kragsake

Teen die voorkant van die wa, by die A-raam, is die geiser se gassilinder en 'n noodwiel.

In die kassie aan die regter-sykant – agter die wiel – is bêreplek vir 'n 100 Ah-litiumbattery, 12/800-Victron-omskakelaar en 'n Victron MPPT 100/20-sonkragbeheerder wat die krag van die 220W-sonpaneel op die dak beheer. Links van die kassie is waar die kamp se 220V-krag

ingeprop word en bo dit is 'n 12V-sigaretaanstekersok.

Die toilet se kasset is in die kassie aan die voorkant van die wiel met die gasgeiser se uitlaat regs bo dit. Onthou om die deurtjie oop te maak wanneer die geiser aangeskakel word.

Die kas heel voor is 'n spieëlbeeld van die kombuiskant. Die onderste kas waar die yskas is, het pakruimte langs die uittrek-

laai waar die Bruiser se vlek-vrystaalbraaioond ('n ekstra) inpas. Teen die een sykant is die waterpomp, sy skakelaar en die geiser se skakelaar, twee huissokke en 'n brandblusser.

Die kassie bo dit het uit-snyrubber waarin 'n domkrag, kompressor en elektriese wielmoersleutel (alles opsionele ekstras) inpas. Bo dit is nog 'n LED-liggie.



Wat is standaard?

'n Spatkamer met 'n stort, spoelkassettoilet, wasbak en Dewhot-gasgeiser. Die kombuis het breekware ('n stel van 6), 'n tweeplaatgasstoof, 'n uittreklai vir die ys-vrieskas, 'n skottelgoedwasbak, warm- en kouewaterkraan en 'n kraan vir gefiltreerde water.

Daar is 'n Victron-kragstelsel met 'n 12/800W-omskakelaar en 100/20-MPPT-beheerder, 220W-sonpaneel op die dak en 'n 100 Ah-litium-battery. Binne én buite die wa is verskeie USB-, sigaretaansteker- en huispropkragpunte, en daar

is LED-liggies, 'n 180°-Howling Moon-af-dak met sypanele en 'n grondseil, 3 kg-gassilinder, 75 l-watertenk en 75 l-gryswatertenk, en 'n waterpomp en driefase-filtreerstelsel.

Ekstras sluit in 'n afstandbeheerde 5 t-domkrag, kompressor, elektriese wielmoersleutel, Victron-laaier (12/12/18); batterybeheerstelsel, 90 l-National Luna- of 82 l-SnoMaster-ys-vrieskas, 'n 10 000 BTU- draagbare lugversorger, 'n 6 l SnoMaster-ysmaker en 'n ekstra 75 l-watertenk.

Binnekant

Die wa se voorportaal (60 x 65 cm) is by die deur waar jy inklm. Reg voor jou lê die spatkamer met die slaapkamer regs en 'n klerekassie links van jou. Die aantrekruiimte (80 x 127 cm) in die slaapkamer is groot genoeg sodat twee mense langs mekaar kan beweeg. In die linkerkantse hoek is 'n opslaantafeltjie met 'n spieël, handdoekreling en 'n verskeidenheid van kragpunte. As jy op die voetenent van die bed sit, is jy net mooi op die hoogte van die spieël.

Tussen die tafeltjie en die bed is 'n klerekas met drie rakke en pakplek aan die onderkant vir skoene. Die ander klerekas by die wa se deur is in twee verdeel en het drie rakke met twee mandjies aan die bokant vir sokkies en onderklere. Albei kassies het breë plat rekke waarmee jy die klere op die rakkies kan vasmaak.

Die ekstralengte dubbelbedmatras (137 x 195 cm) lê die hele breedte van die wa vol. Van die voetenent se kant af is 110 cm van die matras in die rompgedeelte van die wa en 85 cm in die kapsule. Die hoogte van die kapsule is 67 cm – as jy dus aan engtevrees ly, draai eerder om en lê met jou kop binne die wa.

Die wa het twee vensters wat boontoe oopswaai: Een by die kopponent van die bed en een aan die linkerkant as jy na die bed kyk. Die vensters het 'n aluminium-oproldeur (dieselfde

as by die kombuis) wat lig heeltemal uitbloeë en 'n gaasblindings wat lig én lug deurlaat, maar keer dat iemand van buite af kan insien. Onder die venster aan die linkerkant van die bed is neersitplek (27 x 150 cm) met 'n LED-lig bo die venster. Daar's ook een in die middel van die opwipdak wat die vertrek verlig.

As jy vinnig oorslaap, hoef jy nie die bed uit te trek nie. Lig net die dak en gebruik die voorportaal as aantrekkplek. Die toilet is ook so geplaas dat jy dit deur die nag kan gebruik.

Die spatkamer het 'n spoeltoilet, stort en wasbakkassie, sonder enige afskortings. Die vloer is 100 x 105 cm groot. Bo-op die kassie is neersitplek van 30 x 58 cm langs die wasbak. Bo die wasbak is 'n spieël, hakies en 'n seeprakkie.

Die kassie onder die wasbak is in twee verdeel met die gasgeiser aan die regterkant en pakplek aan die linkerkant. Die wasbak- en stortwater loop uit in 'n 75 l-gryswatertenk.

Pakplek vir grondseile, tentpenne en die skottelgoedwasbak is aan die voorkant van die wa, bo die kas met die yskas. Die kas (55 x 95 cm) se bokant loop skuins af en die diepte wissel tussen 21 cm en 50 cm.

Die helderkeurige sandplanke wat bo-op die kas se deur vasgemaak is, pas mooi by die kleurskema van die wa.



R500 000-R600 000 **BRUISER** 4x4 EXPANDER **BVM 1 800 kg**

VAN DIE MEDEDINGERS*
Boswone waens vir 2, BVM 1 800 kg
en R500 000-R600 000



R519 000 **TUFF CATS MBADA 2** **Tarra 1 010 kg**

Dit het 'n 2,5 t-as en 17 duim-wiele, en die romp is van aluminium.



R520 000 **BUNDU X** **Tarra 1 100 kg**

2,5 t-as, 15 duim-wiele en die romp is van staal, aluminium en heuningkoekpanele.



R540 500 **BUSH LAPA BAOBAB 3is** **Tarra 1 190 kg**


2,5 t-as, 15 duim-wiele en die romp is van vlekvrystaal en aluminium.

* Soos gelys in die 2025 Koopgids.

Ry & Sleep het die Expander by die vervaardiger geleen.

SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	UniPod
Model	Bruiser 4x4 Expander
Slaapplek.....	2
Grootte	4,98 x 2 x 2,1 m
Tarra	1 300 kg
Dravermoë.....	500 kg
BVM	1 800 kg
As	2 t
Wielgrootte	16 duim
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp	Vlekvrystaal, aluminium en veselglas
Prys	R500 000-R600 000



Handelaarsnetwerk Hoofkantoor, aanleg en handelaar in Pretoria, plus 'n handelaar in die Wes-Kaap. 📧 gary@campwildafrica.co.za 📧 sales@unipod.co.za 🌐 unipod.co.za



Bandgeletterdheid

Wat beteken al daardie syfers en letters op jou ryding se bandwande?

Teks en foto's **Cyril Klopper**

Dit is opmerklik hoe baie skryfwerk die Maxxis Razr AT-motorband op sy wand het. In hierdie artikel verduidelik ons wat dit alles beteken. Kyk na die foto hieronder: Ons begin bo by die 12 uur-posisie en ontsyfer die kodes dan kloksgewys.



01 Die eerste "kode" is maklik om te ontsyfer, want dit is dood-eenvoudig die embleem van die handelsnaam met die woorde **Made in Taiwan** daaronder. Maxxis is inderdaad 'n Taiwanees produksie en die algemene bygelofte is dat 'n band wat in sy tuisland gemaak word, beter is as dié wat van elders af kom.

Die ikoon van 'n bergspits met 'n sneeuvlokkie links van die embleem beteken die band voldoen aan of oorskry die minimumvereistes vir 'n bedryfsstandaard sneeuband.



02 Hierdie paneel op die bandwand lees **LT275/65R17** en dit is die eerste string ingewikkelde letters en syfers wat ontrafel moet word. LT is die bandtipe en dit staan vir "Light Truck" (of dan 'n bakkie). Jy kry ook P vir Passasier, C vir Kommersieel, T vir Tydelik (dus 'n dun noodwiel), ST vir "Special Trailer" en XL en HL vir "Extra Load" en "Heavy Load" (vir bande wat 'n swaar wag kan dra).

Die syfers 275 is die bandwydte in millimeter, gemeet van die vetste punt op die buitewand tot die oorkantste binnewand.

/65 is die aspekverhouding van die wandhoogte teenoor die breedte van die band. Met ander woorde die hoogte van hierdie bandwand is gelykstaande aan 65% van die band se breedte. Hoe kleiner die getal, hoe laer die profiel van die band, en hoe laer die profiel, hoe slegter is hy vir 4x4-doeleindes en slaggate.

R staan vir "Radial", en dit beteken die staalvesellaag binne die band straal van een kant van die band na die ander. Die meeste



moderne 4x4-bande is die R-soort, maar jy kry hier en daar 'n D-tipe, wat beteken die staalvesels loop diagonaal binne die rubber. 'n B-tipe band staan vir "Biased" – hierdie soort band word van een soort materiaal gemaak, gewoonlik rubber, en is aansienlik ligter as bande wat ook staalvesels bevat. Jou veldmotorfiets vir naweekpret op 'n moto-X-baan het waarskynlik B-bande, maar dis onwaarskynlik dat jy B-bande op 'n bosbakkie sal laat aanbring, tensy jy 'n voorliefde het vir gate toestop.

Die laaste syfer, 17, beteken die band pas op 'n 17 duim-wielvelling. Algemene wielgroottes wissel van 14 duim tot 19 duim, maar voertuigvervaardigers pas deesdae 18 duim-vellings as standaard aan hulle bakkes en sportnusse.

03 **121/118R 10PR** is die tweede ingewikkelde stel letters en syfers op hierdie bandwand: 121 is die vragindekssyfer – dit is 'n kode dat hierdie band 'n gewig van 1 450 kg kan dra. 'n Kode 70-band kan byvoorbeeld slegs 335 kg hanteer terwyl kode 126 aandui dat jy 1 700 kg per as kan laai (mits die as dit toelaat).

/118 is die vragindekssyfer indien jy vier bande per as gebruik, soos byvoorbeeld 'n ryhuis wat dubbele bande op die agteras het.

Die R is die spoedgradering – in hierdie band se geval moet jy liefies nie vinniger as 170 km/h ry nie. A1 is die laagste gradering met 'n maksimum toelaatbare spoed van 5 km/h en Y is geskik vir tot 300 km/h. Jy kry ook spesiale ZR- en (Y)-bande (die Y altyd in hakies) waarmee jy vinniger as 300 km/h kan ry.



10PR is die staalvesellaaggradering of dan "Ply Rating" – dit is ongewoon om hierdie kode op 'n moderne band te sien. 'n Staalvesellaaggradering van 10 beteken nie noodwendig dat die band 10 lae staalvesels bevat nie, maar eerder dat hy so sterk is as 'n band wat wel 10 lae staalvesels bevat – 'n outydse berekening wat herinner aan die eertydse perdekragsyfer. 10PR beteken dus bloot die band is opgewasse om swaar wag te vervoer. Dié effens verwarrende kode word om goeie rede toenemend met die meer akkurate vragindekssyfer vervang.



04 Die volgende paneel dui die kode **DOT 1UY L2A001** aan. DOT staan vir "Department of Transport" en beteken dat die band in Amerika getoets is om daar verkoop te word.

1UY is die kode van die fabriek waar die band vervaardig is, in hierdie geval die Cheng Shin-rubberaanleg in die Taiwanees stad Changhua. 'n 1E9-kode sou byvoorbeeld verklap dat dit 'n Bridge-stone-band is wat in sy aanleg in Brits, Noordwes, vervaardig is.

L2A001 is 'n verdere vervaardigingskode wat bandmakers help om tred te hou van 'n besending indien dit nodig is om 'n gros bande te herroep as iets fout gegaan het met die vervaardiging.



05 Die volgende stel syfers is **4524** – dit verwys na die datum wanneer die band gemaak is. In hierdie geval die 45ste week van 2024, met ander woorde hierdie band het tussen Maandag 4 November en Sondag 10 November 2024 uit 'n masjien gerol nes 'n varsgebakte Krispy Kreme-oliebol.

06 Die **SNI**-embleem waarmerk dat hierdie band in Indonesië verkoop mag word. Dit staan vir Standaard Nasionaal Indonesië.

Die woorde **Load Range E** langs die SNI-embleem is dieselde as 'n 10PR-laaggradering, maar dit dui ook aan dat die band se maksimum-banddruk 80 psi (of dan 5,5 bar) mag wees, en ook dat 'n band wat tot 80 psi opgepomp is, nie meer as 1 520 pond (of dan 690 kg) op sy eie mag dra nie. >



07 Die waarskuwing op hierdie paneel beaam die vragindeksyfer. Dit sê in duidelike woorde dat 'n as met twee wiele nie meer as 1 450 kg mag dra met 'n koue banddruk van 550 kPa nie. En dat 'n as met dubbele wiele nie meer as 1 320 kg mag dra teen dieselfde banddruk nie.



08 Die **E4-simbool** word deur die Europese Unie gebruik as 'n waarmerk dat die band voldoen aan die standaarde vir alle EU-lidmaatlende. In hierdie geval weet ons die band is deur Nederland goedgekeur, want die 4 ná die E is dié land se unieke unienommer. As die band deur Duitsland goedgekeur was, sou die simbool E1 gewys het. Die syfers langs die E-simbool ken die spesifieke sertifikaat uit wat aan die vervaardiger uitgereik is.

09 Hierdie paneel op die band wys uit van watter materiale die band hoofsaaklik gemaak is. Ons sê "hoofsaaklik", want die presiese bestanddele geniet dieselfde geheimhouding as kolonel Sanders se 11 speserye vir KFC-hoender.



10 In hierdie paneel word verder beaam dat die staalvesels binne die band van een kant van die band na die ander straal en dat die band nie 'n binneband nodig het nie. Die ander simbole is verdere internasionale waarmerke, soos die CCC in 'n ovaal wat wys die band mag in China verkoop word.

11 Die laaste paneel op hierdie bandwand (in die 5 voor 12-posisie) is 'n veiligheidswaarskuwing. Dit beskerm die vervaardiger teen enige verantwoordelikheid indien jy skade ly omdat jy nie die aanwysings op hierdie bandwand gevolg het nie. Jy kan dus nie vir Maxxis dagvaar omdat jou band gebars het nadat jy meer as die toelaatbare gewig gelaai het nie.



Ander letters wat op hierdie band verskyn, is M+S wat aandui die band is ontwikkel om ook in modder en sneeu te werk – tot 'n mate – en die letters AT agter die band se naam staan vir "All Terrain". 'n Band met MT daarop beteken "Mud Terrain" en hy is selfs méér geskik vir modder en sneeu as 'n AT, maar nie noodwendig geskik vir sand nie, en hy's gewoonlik té raserig vir teerpaai.

So ja, nou weet jy dalk meer van 4x4-bande as 'n groentjie-verkoopsman by Tiger Wheel & Tyre!

Die professor se toerusting

Hier is vier produkte wat jou bande ondersteun en jou lewe net soveel makliker maak.

HOLTS TYREWELD-NOODHERSTEL

Bandhersteldiens in 'n blik

Wanneer 'n skerp voorwerp 'n gat in jou band steek, is dit die beste om na 'n professionele bandhersteldiens te gaan, maar soms is jy haastig en moet noodgedwonge 'n tydelike oplossing gebruik. Hierdie blik is gevul met 'n watergebaseerde skuim en saamgeperste lug. Dit is geensins 'n blywende oplossing nie, maar dit help jou in 'n kits om jou band op te pomp en hopelik die gaatjie ook te seël – al is dit net totdat jy by jou kamp uitkom waar jy beter herstelwerk kan uitvoer.

Prys R279 by Outdoor Warehouse.



AIR BULLET-POMP

Tweede asem

Hierdie draagbare kompressor pomp 'n allemintige 180 l per minuut danksy 'n 62 mm-suier. Hy kan bande tot by 150 psi (of dan 10,3 bar) oppomp en ingeboude sensors sorg dat hy nie oorverhit nie. Die toestel is in 'n duursame en sluitbare metaalkis van 33 x 25 x 22 cm ingebou en weeg 11 kg. Hy werk met 'n 12V-stroom en trek 540W en 45 A, en jy kry 'n 6 m lange luggyp met 'n banddrukmeter en 'n 2,5 m lange kragkoord met kroko-dikklampies op die koop toe.

Prys R2 350 by 4x4 Direct.



TENTCO 4x4-NUTSSAK

Sak en pak

Tentco se deftige nutssak is presies wat jy nodig het om 'n bandherstelstel, 'n banddrukmeter en ander bandverwante gereedskap in te bêre. Die sak is van duursame Oxford-nylon gemaak en sy opening is lekker groot sodat jy nie sukkel om iets daar binne te vind nie. Die sak het 'n verwyderbare skouerstroep en die afmetings is 31 x 20 x 23 cm.

Prys R549 by Camp & Climb



STEEL MATE DIY TP-V3-BANDDRUKMONITOR

Polisieman vir jou bande

Dit gebeur maklik dat 'n band op jou voertuig druk verloor sonder dat jy bewus is daarvan – veral op 'n grondpad – en teen die tyd dat jy onraad vermoed, is dit te laat en jou band is reeds aan flarde. 'n Banddrukmonitor waarsku jou sodra jou bande lug verloor, sodat jy dadelik kan stilhou en kan red wat te redde is.

Hierdie monitor het ses sensors vir jou ryding en boswa se wiele. Die sensors is vooraf geprogrammeer om saam met die monitor te werk, en al wat jy hoef te doen is om hulle aan die lugkleppe van die bande vas te skroef.

Prys R3 000 by Outdoor Warehouse.

KRY DIE PRODUKTE HIER

4x4direct.co.za | outdoorwarehouse.co.za | campandclimb.co.za

Pure pitkos

Gooi mielies...
maar doen dit
oor die kole!

Resepte en stiling **Johané Neilson**
Foto's **Ed O'Riley**

ROMERIGE HOENDERPOT MET MIELIES EN SAMPIOENE Vol stronk

My gesin hou (tot my geweldige spyt) nie van vleis aan die been nie. Vir hulle maak ek hierdie pot met beenlose hoenderdy-filette wat ek deursny en dan somer saam met die uie braai pleks van oor die kole soos die ware Jakob.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 8 hoenderboudjies
- 3 preie, wit gedeeltes gesny, of 1 ui, gekap
- 2 eetlepels olie
- 200 g sampioene
- 2 knoffelhuisies, in dun skyfies gesny
- 3 mielies, elk in 3 wiele gesny
- ½ koppie droë witwyn of sider
- ½ koppie hoenderaftreksel
- ½ koppie gerasperde parmesaan
- 2 lourierblare
- 1 koppie room

Só maak jy

1 Geur die hoenderboudjies oraloor met sout en peper en braai dit in 'n toeklap-rooster oor matige kole tot mooi goudbruin en halfgaar.

2 Braai terselfdertyd die preie in 'n plat-boompotjie met die olie tot geurig. Voeg die sampioene en knoffel ook by en hou aan braai tot alles mooi kleur kry.

3 Roer die mielies by en meng deur. Tjirts al die wyn by en kook alles driftig saam vir 'n paar minute.

4 Roer die gebraaide hoender, aftreksel, die helfte van die kaas plus die lourierblare en room by. Krap die kole uit sodat die potjie net-net prut en gee dit so 20 minute om saam te prut, sonder 'n deksel.

5 Sit die hoender voor op rys of slappap met die res van die kaas oorgesprinkel.

Ry & Sleep sê As jy van 'n dikker sous hou, voeg 'n eetlepel mel by die gebraaide groente voor jy die vloestof byvoeg (soos wanneer jy witsous maak).

GEVULDE VLEISBROODJIE Sê 'cheese'!

Saam met broodrolletjies en slaai is dié vleispaleis met sy kaashart 'n luukse bederf.

Jy benodig

(genoeg vir 8)

- 1 kg repiespek (*streaky bacon*)
- 900 g maalvleis
- 1 eier
- ½ koppie panko-broodkrummels
- 1 teelepel droë Italiaanse kruie
- ½ teelepel elk fyn komyn en koljander
- 1 klein ui, gekap
- 2 eetlepels blattang

VIR DIE VULSEL

- ½ koppie gaar mieliepitte (geblikte mielies werk goed)
- 1-2 ingemaakte jalapeño's, fyngekap
- 1 koppie gerasperde mozzarellakaas

Só maak jy

1 Smeer 'n gietysterpan of platboompotjie (ons s'n was 24 cm) met 'n bietjie olie en

voer dit uit met die spek sodat die hele boom bedek is. Laat die spek oorhang sodat jy dit later oor die vulsel kan vou. (Sien die foto's onderaan die blad.)

2 Meng die maalvleis met die eier, krummels, kruie, speserye, ui en blattang en geur dit na smaak met sout en peper. Skep twee derdes van die maalvleis op die spek en vorm dit sodat dit 'n lagie om die rand en boom maak met 'n holte in die middel.

3 Meng die mieliepitte, jalapeño en kaas en skep bo op die maalvleis.

4 Skep die res van die maalvleismengsel bo-op die kaasvulsel en vou versigtig die spek wat oorhang, bo-oor die maalvleis.

5 Bedek die vleisbroodjie met 'n deksel of tweede pan sodat dit amper soos 'n gewig daarop rus, en braai dit stadig oor die kole totdat die vleis gaar is. Pak ook 'n paar kole op die deksel sodat die spek reg rondom kleur kry. Sit dit voor in skywe.

Ry & Sleep sê Glaseer die gaar spek met 'n bietjie heuning, soet rissiesous of jou gunstelingbraaisous vir 'n sweempie soetheid.





MIELIERIBBE MET GEURBOTTER Slyp die messe

'n Gekookte mielie, gebraai en dan in botter gebaai, is 'n meesterlike ding in sy eenvoud, maar dié mielieribbe is 'n nuwe, prettige manier om hierdie gunsteling voor te sit. Boonop kan jy jou staal wys met die deursny van die stronke – wees net versigtig.

Jy benodig

(genoeg vir 4 as bykos)

- 4 mielies, gekook en in ribbe gesny

VIR DIE GEURBOTTER

- ½ koppie botter
- 'n paar kerrieblare, gekneus
- 'n bossie vars koljander of pietersielie, gekap
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 1 teelepel matige kerriepoeier
- 1 knoffelhuisie, fyngekap

Só maak jy

1 Meng al die bestanddele vir die geurbotter saam. Rol die botter in 'n rolletjie – ek rol dit sommer in 'n velletjie bakpapier

op en hou dit in die yskas tot benodig. Dit vries ook goed in 'n lugdigte houer.

2 Kook die heel mielies in soutwater vir 8 minute. Skep dit uit en laat afkoel tot jy daarmee kan werk.

3 Sny die gaar mielies elkeen versigtig in 4 ribbe. Hou die mielie regop op 'n stewige snyplank – sit sommer 'n nat lappie onder die bord sodat dit nie rondgely nie – en sny versigtig af na die plank toe.

4 Geur die mielieribbe met sout. Ek hou van braaisout, maar jy kan dit suiwer hou indien verkies.

5 Braai die ribbe oor die kole tot dit krul en die pitte hier en daar mooi skroeimerke kry.

6 Sny 'n paar geurbotterskyfies en baai die ribbe behoorlik daarin sodat dit oraloor tussen die pitte insmelt. Onthou, daar is rou knoffel in die botter en daarom wil jy hê dit moet 'n bietjie borrel en braai. Eet die mielies warm!

Ry & Sleep sê Oorskietkerriebotter is baie lekker as jy dit by geroosterde groente inroer – of laat dit in 'n aspatat smelt.

HOENDER IN PRUIMSOU MET MIELIESLAAI

Hou die jammerlappie naby

Jy kan die slaai ook met geblikte mieliepitte maak as jy nie oorskietbraai mielies het nie.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 8 hoenderdyfillette
- 2 eetlepels pruimsous (te kry by Oosterse supermarkte)
- 2 gaar mielies, pitte afgesny
- 1 groot avokado, in blokkies gesny en met lemmetjie- of suurlemoensap besprinkel
- 100 g feta, gekrummel
- 80 g vars koljander (jy kan ook blokkies komkommer byvoeg vir kleur en geur)
- 2 eetlepels bros uievlokkies (crispy onion sprinkle)
- ½ koppie suurroom
- 4 groot of 8 klein tortillas, verhit

Só maak jy

1 Geur die hoender met sout en peper óf jou gunsteling-braaispeserymengsel en braai dit in 'n dikboompan tot mooi goudbruin en so te sê gaar. Ek hou van 'n riffelpan omdat dit mooi skroeilyne op die vleis maak.

2 Bedruip die hoender met die soet sous en gee dit 'n laaste paar minute in die pan om lekker taai te word. Haal dit af voor dit brand.

3 Meng die mieliepitte, avokado, feta, koljander en uievlokkies saam.

4 Smeer 'n lepel suurroom op elke warm tortilla. Sit een of twee hoenderfilette bo-op saam met 'n houpie mielieslaai, vou dit toe en eet dit warm.

Ry & Sleep sê As jy sukkel om die pruimsous te kry, kan jy dit met jou gunsteling-braaisous vervang.



TEX-MEXRYS

Op reis met rys

Dié veelsydige bykos is heerlik saam met enigiets van boerewors tot gebraaide varkrepies. Vir 'n vegetariese hoofgereg kan jy gekrummelde feta byvoeg en elke porsie saam met 'n skep guacamole in 'n warm tortilla voorsit. 'n Gebakte eier is nog 'n lekker byvoeging as jy baie honger is.

Jy benodig

(genoeg vir 6 as bypot)

- 1 groot ui, gekap
- 1 eetlepel olyfolie
- 1 koppie jasmynrys
- 2 knoffelhuisies, dungsny
- 1 blik gekapte tamaties met Mexikaanse speserye (ek gebruik Rhodes s'n)
- ½ koppie bevrore mieliepitte (of geblik of vars van die stronk gesny)
- 2 lourierblare, vars of gedroog (opsioneel)
- 1 blik rooi niertjebone, gedreineer
- lemmetjiesap na smaak

Só maak jy

- 1 Braai** die ui in die olie tot mooi goudbruin en geurig. Voeg die rys en knoffel by en roerbraai tot al die korrels vol geurige olie is en die rys so lig-gies rooster.
- 2 Voeg** die tamatie by en geur dit na smaak met sout. Spoel die blik met 'n bietjie water uit – nie te veel nie, want jy wil nie pap rys hê nie – en voeg dit ook by die pot.
- 3 Roer** die lourierblare, mielies en bone by en bring die pot tot kookpunt. Krap dan die kole uit en prut die rys oor redelik lae hitte tot gaar. Dit neem sowat 15-20 minute vir jasmynrys – raadpleeg jou verpakking en proe! Vul die vloeistof aan soos nodig.
- 4 Geur** die rys met lemmetjiesap en, indien nodig, nog 'n knippie sout. Onthou om die lourierblare uit te haal.

Ry & Sleep sê Voeg ekstra gekapte brandrissie en kruid na smaak by.



MAKLIKE MIELIEBROOD In 'n kits

In haar nuwe boek, *Cooking with Kim Bagley: A South African Fusion of Flavours*, bak Kim 'n mieliebroodjie met net drie bestanddele. Hierdie is my kampvuurweergawe. Dit is 'n wenner.

Jy benodig

(maak 1 brood)

- 500 g bruismeel
- 1 blik (410 g) geroomde mielies
- 1 blik (380 g) ingedampde melk
- 3 takkies tiemie (opsioneel)
- 1 eetlepel olyfolie
- ½ koppie gerasperde parmesaan

Só maak jy

- 1 Voorverhit** jou nr. 3-platboom-pot met sy deksel solank oor die kole terwyl jy die beslag maak.
- 2 Roer** die bruismeel, mielies, ingedampde melk en tiemie saam om 'n klewerige beslag

te maak. Ek hou daarvan om dit met my hand bymekaar te bring en met 'n bietjie olyfolie te smeer.

3 Haal die deksel van die warm potjie af en plaas versigtig die beslag daarin – onthou, die pot is warm. Werk vinnig en maak dit effens platter. Sprinkel dan die kaas oor en sit die deksel op.

4 Krap die kole oop en sit die pot met die brood in die middel van die kole sonder dat dit direk aan die pot raak. Bak die broodjie vir 30 minute. Sit 'n paar kole op die deksel en bak dit vir nog 15 minute.

5 Laat die broodjie afkoel voor jy dit sny.

Ry & Sleep sê Die warm broodjie se tekstuur is nog effens kluitjierig, maar die korsie is onweerstaanbaar met botter en ek kan myself nooit inhou om te begin proe voor dit afgekoel het nie.



Weg! Ry & Sleep KOOFGIDS



Hou jou
KOEL
in die somer...
en **WARM**
in die winter!



Lugversorger



Lugversorger buite-eenheid



Auto Ewik karavaanskuiwer



Manual Ewik karavaanskuiwer



Purple Quattro skuiwers



Daklugversorger-eenheid



Trukameras

Lugversorger:

- Karavane
- Kommersiële
- Residensiële
- Daklugversorger
- Installasies
- Herstelwerk
- Dienste

Skuiwers:

- Karavaanskuiwers
- Ewiks
- Quattro

Trukameras:

- Purple-trukamer
- Draadlose trukamera

Ons doen ook:

- Spaarwielhak
- Volledige outomatiese waterpasstelsel



CJ Aircon's

072 413 3899 Jacques/Cindy
www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

Safe-T-Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

**Commissionerstraat 307A,
Boksburg**

083 226 3003 or 011 917 2016



caravan mover
www.ewiks.co.za



Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za

1 Jaar
Garantie

30kg

MAKLIKE
INSTALLERING

Vervaardig in
Suid-Afrika

DIY vir slegs
R 16000
VAT en vervoer ingesluit

* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg

Caravan Movers



Ons installeer EWIKS KARAVAANSKUIWERS


by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, North West, Limpopo and the Free State.

**Goeie
gehalte
draadlose
tru-kameras
vir karavane
R5 900**



**EWIKS
AUTO
NOU
BESKIKBAAR**

KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za



BLOKRAAI-OPLOSSING

**OM HIER TE ADVERTEER,
KONTAK:**

DANIE NELL
danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH
083 583 1604
sharlene.smith@media24.com

SANETHA MEINTJIES
sanetha.meintjies@media24.com

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Beste Pryse

Die NR. 1 winkel met KAMPKRAG
VIR ENIGE VOERTUIG OF KARAVAN INSTALLASIES

DUBBELE BATTERYSTELS
Ook litium



MPPT



50A DC-DC



154Ah



Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos
Tel: **066 2288 919** / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer

powrtouch
EVOLUTION
auto



outomatiese karavaanskuiwer

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel
benodig vir dubbelas-woonwa.

KONTAK ONS GERUS VIR NAASTE AGENTSAP.

**GRATIS
5 JAAR**
GEEN GEKIBBEL
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

SOMILL PTY LTD,
RIETFontein, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

KANTOOR TEL: 058 821 0006
infopowrtouch@somillfs.co.za

BOOXE
CUSTOMISED VEHICLE ACCESSORIES

Hou Dit Netjies

Pasgemaak en beskikbaar in verskeie afwerkings vir alle fabrikate en modelle.

info@booxe.co.za
066 176 2522



Vloer- en Kattebakmatte



Invoeg-bakkievoerings



Fortuner-bykomstighede



Universele bykomstighede

Koop aanlyn
www.booxe.co.za

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | E-pos: maclaren@ust.co.za

Maclaren ondertoonbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

Algehele Afmetings (mm): 395 B x 340 H x 735 L

- ▶ Maklike Doen-dit-self installasie
- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (onderdele en patroonplaat ingesluit)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak

Maclaren 'Slimline' Dakwoonwa/Ryhuis Lugversorger

Algehele afmetings met bedekking (mm): 736 B x 253 H x 1054

- ▶ Eenheid gemaak vir strawwe Afrika toestande
- ▶ Omliggende beligting in drie kleure
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit 3500W
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit 3500W
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) 1300W/1100W
- ▶ Installasie-Opening se afmetings in dak (mm): 370 x 370



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAN/KAMPEERWA NIE

WILD

Accessories

BYKOMSTIGHEDE:

- KOMBUIS EENHEDE
- AMMO KRAT GLYERS
- DAKGEMONTEERDE TAFELS
- DAKRAKKE
- LAAIKSTELS
- INSTALLASIE VAN DAKTENTE EN SONSKERMS
- LAAIKSTELS
- SEKURITEITSMAS
- YSKASGLYERS
- LED KAJUITLIGTE



VAN WERK TOT
SPEEL, ONS
KAPPIES HET JOU
GEDEK

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS BY:

TEL: 012 771 7940

SEL: 083 284 6929

E-POS: SALES@WILDACC.CO.ZA

INFO@WILDACC.CO.ZA



PRYSE BEGIN VANAF:

STANDAARD:

- DUBBELKAJUIT-R24,000.00
- EKSTRAKAJUIT-R26,900.00
- ENKELKAJUIT-R30,500.00

GROTER:

- DUBBELKAJUIT-R28,900.00
- ENKELKAJUIT-R33,500.00



Weg!
Ry & Sleep
AKKOMMODASIE



KHOWARIB
LODGE AND SAFARIS



- Elke eenheid het slaapplek vir 2 persone
- Elke eenheid het sy eie badkamer, mini-kombuisie, 'n stoep en sy eie braaigeriewe
- 24 uur warm water en 220V elektrisiteit

Besprekings: +264 64 402 779
Lodge direk: +264 64 81 219 3291
E-pos: reservations@khowarib.com
www.khowarib.com

GOANIKONTES OASIS

DIE VERSTEEKTE JUWEL IN DIE HARTJIE VAN DIE MAANVALLEI

Weggesteek in Namibië se treffende Maanlandskap, net 50 meter van die Swakopmundrivier af, lê 'n groen hawe waar die woestyn lewendig word.

Dit is 'n ware oase.

By Goanikontes Oasis vind jy skaduryke kampeerplekke, knus bungalows, unieke glanskamptente, A-raam bungalows en gesinskamers, alles omring deur asemrowende natuurskoon en rustigheid.

Begin jou oggend met 'n stewige ontbyt in die sonskyn, of geniet 'n heerlike tuisgemaakte maaltyd van ons bekroonde à la carte-spyskaart.

Verken staproetes en voëllewe, probeer visvang in ons dam, of ontspan eenvoudig langs ons swembad en laat die tydlose woestynhemel sy towerkrag bewerk terwyl jy omring word deur vriende en familie.

Of jy nou opsoek is na 'n gesinswegbreek, 'n groepswegbreek of 'n stil ontsnapping in die natuur, Goanikontes is die versteekte juwel wat die perfekte ontsnapping van die gewone na die buitengewone bied.

T: 00264 64 405 979/6 • www.goanikontesoasis.com • E: info@goanikontesoasis.com

ADVENTURE CAMPING HIRE

VERHURING VAN:

- Grondtente
- Harde dop- en sagte daktente
- Satellietfone
- 12v-yskaste
- Sleepwaens
- Tweerigtingradios
- Alle kampeerbykomstighede



www.adventure-camping-hire.com

E-pos: info@adventure-camping-hire.com

Tel: +264 83 724 0100 / +264 81 129 9135 | Acaciastraat 8, Suiderhof, Windhoek





JOU TOEVLUGSOORD IN DIE ERONGO-BERGE, NAMIBIË

- 8 UNIEKE KAMPPLEKKE
- TIEN GERIEFLIKE KAMPTENTE
- GEMERKTE STAPROETES
- ROTSUNS-STAPROETE
- ROTSKLIM
- UITKYKPUNTE
- JEEPPAADJIES MET UITSIGTE
- VOËLKYK
- PLAASHUIS-KIOSK

Vir diegene wat daarvan hou om in afsondering te kamp, met die natuur te skakel en 'n liefde vir stap het!

KONTAK
reservations@erongorocks.com
+264 81 210 2427

www.erongorocks.com

Volg ons op:
@erongorocks

SKANDEER VIR WEBBLAD



Tel: +264 81 128 7129 / +264 81 349 4846
E-pos: booking@gelnhausensafaris.com
www.gelnhausensafaris.com

JOU OUTENTIEKE NAMIBIESE AVONTUUR WAG!

Gelnhausen SAFARIS

Gelnhausen Game Lodge, genestel in die hartjie van Namibië se ruwe skoonheid, is die perfekte oase vir elke reisiger. Na 'n dag van verkenning, ontspan met 'n koue drankie by ons kroeg of geniet 'n heerlike maaltyd by ons restaurant. Ons ruim kampeerplekke en gemaklike selfsorgverblyf bied 'n onvergeetlike ontsnapping onder die sterrehemel.



OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK

DANIE NELL

danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH

083 583 1604

sharlene.smith@media24.com

SANETHA MEINTJIES

sanetha.meintjies@media24.com



Dolf en Kinna de Wet het in 1995 Die Withuis met baie liefde en geesdrif geopen om gaste as deel van die gesin te verwelkom. Sedertdien is Die Withuis sinoniem met gasvryheid in Namibië. Dolf jr. en Nita het in 2015 na die plaas verhuis om deel van hierdie span te wees en die erfenis met hul eie unieke styl voort te sit.

LIGGING

12 km noord van Grunau

KONTAK ONS

00264 81 351 0534 | 00264 63 262 061

WEBWERF

www.withuis.net





Geleë op die M29-pad 35 km buite Mariental op die Mata-Mata-pad, 200 km vanaf die kokerboomwoude en 215 km vanaf Keetmanshoop of die Mata-Mata-hek (Kgalagadi- nasionale park). 300 km vanaf Windhoek.

Die wonderlike hoofgebou huisves ontvangs, die geskenkwinkel, restaurant, kroë en sitkamers wat almal uitkyk oor die kamers, swembad en watergat onder spreiligte waar daar 'n groot verskeidenheid van wild onder andere sables, kameelperde en renosters te sien is.

Akkommodasie in die vorm van uitsers luukse en luukse chalets in die beste posisies op die rand van die watergat verseker jou van wonderlike wildkykgeleenthede. Luukse kamers met volle fasiliteite kyk uit oor die watergate en die lodge rondom die fontein en swembad.

Alle kampstaanplekke is op lowergroen gras elk met eie ablusie, elektrisiteitspunte, ligte, krane, wasbak en verskuifbare braai.

Tel: 00264 632 41801
E-pos: lapalange@gmail.com



Nie net het die Khoisan en stamme van die outyd 'n ware kultuurerfenis nagelaat nie, maar die hele gebied word gekenmerk deur natuurwonders soos die Doros-krater, Brandberg, Orreltype en die Versteende Woud.

Verskillende aktiwiteite en ekskursies word aangebied en sal sorg vir onvergeetlike ervarings. Twyfelfontein is 'n bestemming op sy eie.

Kom vind weer jou wortels, luister na die hartklop en ervaar die prag van Afrika.



KONTAK ONS

Lodge Direk: +264 (0) 83 769 7021

Na ure: +264 (0) 81 330 3095

Besprekings: +264 (0) 61 374 750

Na ure: +264 (0) 81 162 5155

twyfelfontein@ncl.com.na

www.twyfelfontein.com.na

20°34'15.3"S 14°22'09.6"E

Die lodge smelt pragtig saam met die omliggende omgewing. Asemrowende uitsigte vanaf die dek oor die Aba-Huab vallei, woestynvlaktes en berge in die verte, sorg vir ure van ontspanne gerief, vrede en rustigheid.



JOU SAFARI-AVONTUUR BEGIN BY DIE KAMPVUUR



Aan die oostelike grens van Etosha-nasionale park, slegs 50 meter van die parkhek af, bied die **Onguma Natuurreservaat** die perfekte basis vanwaar hierdie ikoniese wildernis verken kan word. Onguma, wat 35 480 hektaar privaat reservaat beslaan, is die tuiste van leeu's, renosters, olifante, luiperd, jagluiperd, kameelperde en tallose vlaktewild. Gaste kan sonsopkoms- en sonsondergangritte bespreek, begeleide boswandeling bywoon, tyd in die Onkolo-skuijling deurbring, 'n spa-behandeling geniet, of selfs 'n eenmalige oorslaap op Onguma se Dream Cruiser geniet. Die reservaat bied twee kampeerplekke aan – **Tamboti en Leadwood** – vir diegene wat hul safari-avontuur by die kampvuur wil begin.

So watter kampplek is vir jou? **Tamboti or Leadwood?**



TAMBOTI LUUKSE KAMPTERRAIN

Geniet privaatheid en gemak met jou eie stort, aparte toilet, opwasplek, braai-area en kragtpunte. Die hoofarea sluit 'n restaurant met uitsig oor 'n watervat, WiFi (in die hoofgebou), 'n klein winkeltjie vir basiese benodigdhede, plus 'n swembad in. Elke staanplek word daagliks skoongemaak.

LEADWOOD KAMPTERRAIN

Hierdie kampterrain bied ses staanplekke naby Onguma Boskamp. Elke staanplek word daagliks skoongemaak en het 'n stort, toilet, braai en kragtpunt, terwyl 'n gedeelte opwasarea tussen die twee staanplekke beskikbaar is. Gaste is welkom om Boskamp se restaurant en swembad te gebruik.

Onguma Natuurreservaat | Tel. +264 61 237055
reservations@onguma.com | www.onguma.com

Onguma
ETOSHA | NAMIBIA



Natuur en Sterreheem

Ervaar die opwinding van die woestyn by Kanaan Desert Retreat! Ons agt selfsorgkampterreine bied skadu-net, ablusiegeriewe en privaat braaiplekke, jou toegang tot die ongetemde skoonheid van die woestyn.




+264 61 228 869

collectioninfo@naankuse.com

www.naankusecollection.com



VERFRISSEND PLAT OP DIE AARDE



Geskep deur Namibiërs, met die doel om ons liefde vir kamp uit te beeld, bied ons 'n aardse ervaring sonder om op die klein bietjie luuksheid in te boet. Ontspan in ons volledig toegeruste selfsorg-glamping tente of kamp op die tradisionele manier op ons sonkrag-aangedrewe privaat staanplekke. Onomhein en eenvoudig is Camp Namibia die perfekte manier om weer terug te keer na die natuur.

+264 61 228 869

collectioninfo@naankuse.com

www.naankusecollection.com



KAMP IN DIE NATUUR, KAMP NAMIBIË

Ervaar Namibië se mees outentieke kampeerplek met Whipps Wilderness Safaris – drie unieke bestemmings, een onvergeetlike reis.



MADISA CAMP DAMARALAND

Privaat kampeerplekke, elk met sy eie badkamer op stelte. Koel af in die swembad, verken die ruwe woestyn en gaan soek na die woestyn-aangepaste olifant.

bookings@madisacamp.com
www.madiscamp.com



WÜSTENQUELL NAMIB NAUKLUFT

Eksklusiewe woestynkampeerplekke omring deur rooi granietrotse en eindelose Namib-uitsigte. 'n Vreedsame basis vir stappers, fotografe en enig- iemand wat van wyd oop landskappe hou.

bookings@wuestenquell.com
www.wuestenquell.com



LIVINGSTONE'S CAMP ZAMBEZI

Ons eksklusiewe kampeerplekke bied privaatheid terwyl dit jou naby die natuur hou. Geleë aan die rand van die Nkasa Rupara Nasionale Park en sy ryk wildlewe.

info@livingstonescamp.com
www.livingstonescamp.com



WWS
Whipps Wilderness Safaris cc
For the love of Africa

Van die Namib tot die Zambezi bied ons kampe sterreheemel, warm vure en die ware gees van wildernisgerief.

iloveafrica@whippswilderness.com
www.whippswilderness.com



NamibRand Family Hideout

net jy en die woestyn





Ervaar die uitgestrektheid en stilte van die privaat en pragtige **NamibRand Natuureservaat by die Family Hideout**, óf by die rustieke selfsorgplaashuis óf by een van die drie afgeleë en privaat kampeerplekke. Avontuurlike en skouspelagtige aktiwiteite word aangebied. Geleë 2 uur se ry suid van Sesriem.

Sel/WhatsApp: +264 81 1272957 • E-pos: info@nrhideout.com
www.nrhideout.com








Welkom by

Oppi-Koppi Ruskamp in Kamanjab, Kunene-streek, Namibië.
60 km vanaf Etosha-ingang (Galton-hek)

Dit is die perfekte bestemming, of jy nou vir sake of plesier reis. Ons bied verblyf in 12 luukse chalets, 2 standaard chalets, 1 gesinschalet en 3 selfsorg-chalets en 8 kampeerplekke. Ons kombuis is daaglik oop van 07:00 tot 20:30.

Ons bied die volgende uitstappies aan: Peet Alberts-rotsgraverings, Omusauna Himba-dorp, skilderagtige sonsondergang, vierwielmotorfietstoere en staproetes.

Tel: +264 (0) 67 330 040
E-pos: info@oppi-koppi-kamanjab.com
www.oppi-koppi-kamanjab.com






Reise deur Namibië en Suider-Afrika

– met sorg ontwerp



MEME Africa

TRAVELS

By **Meme Africa Travels** word elke reisplan saamgestel met kennis en jare se ervaring. Van kampeeravonture onder sterbelaaide hemelruim tot luukse wegbreke. Ons bied betroubare diens en ondersteuning 24 uur per dag, sodat jou reis moeiteloos verloop. Lande waar ons reisreëlings tref: **Namibië, Botswana, Zambië, Zimbabwe, Angola, Suid-Afrika, Eswatini en Malawi.**

Let US take YOU there!





★★★★★ Vischgat GAME LODGE

Dit is 'n 14 000 hektaar-wildplaas met skaap en vrylopende wild. Die selfsorg-lodge is perfek vir klein groepies van tot 20 mense. Daar is sewe chalets, en die hoofgebou het twee slaapkamers en 'n badkamer.

Tel: 054 511 0008 | E-pos: info@molopolodge.co.za



ASKHAM

★★★ Molopo KALAHARI LODGE

4-Ster-kampplekke met privaat badkamers en elektrisiteit. Selfsorgverblyf. Die à la carte-restaurant op die perseel bied binne- en buitesitplekke. Slegs 60 km vanaf die Kgalagadi-oorgrenspark, 70 km vanaf die Namibiese grens en 4 km vanaf die Botswana-grens geleë.

Tel: 054 511 0008 | E-pos: info@molopolodge.co.za



ASKHAM

★★★★★ KALAHARI LIFESTYLE LODGE

Luukse 5-ster-kampplek op 'n pragtige grasperk. Elke staanplek het privaat badkamer, stoep met braai en kombuisie. Elk van die sestien weelderige selfsorg-villa's het 'n privaat badkamer, kombuisie en stoep met of sonder 'n braai.

Tel: 054 333 1126 | E-pos: info@klodge.co.za



UPINGTON

★★★★★ Tshahitsi LODGE

Ons 18 selfsorg-chalets (een eenheid is rolstoelvriendelik) is volledig toegerus, met lugversorging en buitekombuisgeriewe. Elke chalet het 'n ingeboude braai op die stoep met uitsig oor die tuin.

Tel: 054 333 1126 | E-pos: info@tshahitsilodge.co.za



UPINGTON

oranjerus RIVER RESORT

Kampplekke op groengras asook keuses van selfsorgverblyf op die oewer van die Oranjerivier by Kanoneiland. Red Ox Pantry sal op die perseel open vir gaste.

Tel: 082 772 5896 | E-pos: info@oranjerus.com



UPINGTON

★★★★★ Letsatsi LIFESTYLE LODGE VANRHYNSDORP

Die 5-ster-kampplekke bied 12 staanplekke op 'n grasperk, elektrisiteit, 'n privaat kombuisie, 'n badkamer en 'n onderdakbraai-area. 'n Wye verskeidenheid luukse selfsorg-eenhede om van te kies.

Tel: 027 219 2828 | E-pos: info@letsatsilodge.co.za



VANRHYNSDORP

ASKHAM

- 1 Molopo Kalahari Lodge ★★★
- 2 Elandspoor Bush Camp
- 3 Vischgat Game Lodge ★★★★★

UPINGTON


- 4 Tshahitsi Lodge ★★★★★
- 5 Silver Spoon Morning Bistro
- 6 Kalahari Lifestyle Lodge ★★★★★
- 7 Bernie's Fitness Centre ★★★★★
- 8 Red Ox Steakhouse ★★★★★
- 9 Just Eat / Fast Food
- 10 Oranjerus River Resort
- 11 Red Ox Pantry

VANRHYNSDORP

- 12 Letsatsi Lifestyle Lodge ★★★★★
- 13 Remhoogte Villas ★★★★★
- 14 Red Ox Steakhouse ★★★★★
- 15 Letsatsi Venue & Conference ★★★★★

VREDENDAL

- 16 die Keldery Venue & Conference ★★★★★
- 17 Red Ox Steakhouse ★★★★★



N.C. FAMOUS


LIFESTYLE LODGES

HOOFKANTOOR 054 333 1126
E-pos: info@tshahitsilodge.co.za

Hierdie blokraai is n   die ding om jou brein 'n bietjie te laat oefen terwyl jy rustig in jou kampstoel agteroor sit. Navorsing het bevind blokraai hou talle voordele in en is goed vir dinge soos jou geheue en konsentrasie. Hou daai verstand dus skerp, nes jou potlood, en s   hierdie ene die stryd aan. En selfs al is jy iemand wat nie juis sterk gevoelens het oor di   soort navorsing nie, gee dit jou minstens iets om te doen tot jou o   te swaar raak. Die oplossing vir die vorige uitgawe se blokraai verskyn op bl. 101.

		Neder- setting in die Noord- Kaap		Nano- sekonde (afk.)		Nie uit nie Damp- kring	Leeg		Dorp in Limpopo			
Patio Draai						Gesluit				Asook		
						Helde- epos						
Skoon- heidsleer	'n Kelt	VIII		Af en toe Ellendige						Ysterstut	Haatlik- heid	
Baie koud										Lae stem	Wrange	
				Ry (boot) In die kol			Sopies Musiek- spel					
Viervors									Steun op			
Her en ...						... die daad			Benoud- heid			
			Borskwaal Peins oor			Kletsery Mesdeel						
Natuur- kunde	Vrou Papperig					Knaap Taal in Nigeri��				Onder die mond		
					In orde bring							
Stanley- fles, bv.				Afge- prent								
Kul in 'n eksamen					Natmaak Nobelium (simbool)			Aan die kortste ... trek	Kamp in die Kgalagadi			
		Teenoor- geslote	Kretie en die ...			Bel- toestelle				... volle Na die see toe	Been- skerm Betrekking	Dankie
					Organiese sout Aaptwak							
		Bordspel Heeltemal				Wilde meloen Kelk						
Uitkykpunt in die Au- grabies- waterval- park	Braai-area Ongekook	Na ... van (namate) Resies						Uitroep by Europese sokker			Begryp ('n grap) Besoeker	
					Kerm Van stapel gestuur						Uiter	
Vakature Kleur- skakering						Oud- Franse digsoort				Suid- Afrika (afk.)		
					In die pad steek				Viering			

Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en kleur die toneel in.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

D A N H Q C P M F K N U I N M R P R I C E Y
R S H U A C K E R M A N S Z J I O V C N Y J
D S O M I F N B Q O O J W T B N O H Z E S F
I E B U S S V S A S O L E C O P L U M E U A
J T Q O T D U E E I T O O U F T C W C E S A
M A P E H H T M G A U T R A I N H N Y M C S
I U E V A X A D Z A N I Z T R D A L J R K P
T R C O T N U F I O J Z G P H I A M H R U E
S B Y R B Z S I R B O N D U L I B Z T J L N
Y N T E E R J N T I X S Z P O D S E B K U P
S S D O E U T N G W C R P U E J N P M T L H
L H C V O C W A P C Y A X R F S N X A U A A
T S O F W Q G Y Q T Y I N D N A O F V J C R
Y L X P J C O V F F L L H A W J M K F O O M
C E S F R K T H E T I O R O I H A Q V D M A
L S K W N I O D W S Y T L W M R S C P W E C
U I T G B O T L R S Z F V H X O W W T A Y A
P T O X N O B E U H O Y J W C U T A F K T R
S R C D Q K P V H K S O A M T E J D Y M U E
M U Z T I S B Z Q O W V L N W G Z E S J T
H W R C A M Z T A Z L F A L I U D V S B T E
O O X N W I V M T O S D A O V O D A C O M Q
F R R B M Y E T A U N L I F Z J M G J S C N
N T F S A P P I Y E C C L N D J S A W O N T
M H W B Y N W J H P N J X S G G U T G D A J
O S E T J K G C G U Z Z E D U S J N C V N H
M C Y G W M S U J O H U J W H Z L S T I D S
Q Y U V E O F Z T E L K O M G P A T Y E O E
L C S H B J U S O I L O E C U D Y N D V S X
B Z P P I C K N P A Y S T O R E S O G T A M


PLAASLIKE HANDELSNAME

Ackermans	Mr Price	Shoprite Holdings Ltd
Aspen Pharmacare	Nando's	South African Airways
Boschendal	Naspers	Steers
Clover	Pick n Pay Stores	Telkom
Defy Appliances	Sappi	Transnet
Gautrain	Sasol	Truworths
Kulula.com		Vodacom

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



PIKKEWYNE (SPHENISCIDAE)

- Al 18 pikkewynspesies behalwe die Galápagos-pikkewyn kom in die Suidelike Halfrond voor.
- Keiserpikkewyne is die grootste en swaarste – hulle word 1,1-1,3 m hoog en weeg tot 40 kg.
- Hulle dik lae vere en ekstra reserwes liggaamsvet sorg vir uitstekende beskerming teen die koue.
- Hulle is puike swimmers en kan tot teen ongeveer 35 km/h deur die water klief.
- Anders as ander voëlspesies het pikkewyne soliede bene – dit is sodat hulle kan sink en vinnig kan duik.
- 'n Klomp pikkewyne bymekaar word 'n kolonie genoem. In Engels is die versamelnaam 'n colony, maar ook 'n waddle, huddle of rookery.

'n Nuwe siening oor hibriede enjins

Hoewel hy nie juis opgewonde raak oor elektriese voertuie nie, moet selfs hy erken dat Toyota se hibriede enjins ongelooflik doeltreffend is, sê **Mic van Zyl**.

Ek het dit dalk al voorheen in hierdie rubriek gesê en ek sê dit weer: Min dinge is so opwindend as om 'n splinternuwe voertuig in ontvangs te neem. Die afwagting, die aflewering, die eerste rit as nuwe eienaar, die eerste aand by die huis in die oprit waar jy alles oop- en toemaak. Ek wil my verstout om te sê dit is nét huiskoop wat opwindender is, maar ek sal in die moeilikheid beland as ek nie sê 'n mens se troudag is 'n groter gebeurtenis nie.

Oor die afgelope 30 jaar of wat was ek baie gelukkig dat ek nog nooit my eie voertuig besit het nie. Ek het altyd maatskappymotors gehad en elke vier jaar of so 'n nuwe een gekry. Ek het ook nie in daardie tyd my eie onderhoudskoste of brandstofrekening betaal nie.

Sedert die einde van Julie vanjaar is ek nie meer betrokke by Ironman 4x4 nie, nadat ek 31 jaar lank by die Autoquip-groep gewerk het. Dit het natuurlik 'n beduidende uitwerking op my status as voertuigeienaar.

Terwyl ek oor die volgende stap in my loopbaan besin, moes ek ook ondersoek instel na my volgende ryding, wat ek nou self gaan moet koop, met al die gepaardgaande kostes. As alles volgens plan verloop, sal ek uiteindelik my eie onderneming bestuur en 'n maatskappyvoertuig hê met al die lopende koste wat deur die onderneming gedra word. Maar omdat ek my eie ding begin, beteken dit die ryding sal steeds 'n koste wees wat ek aan my sak gaan voel, selfs al is dit indirek.

Dit het my perspektief oor 'n klompie dinge nogal verander. Ons is 'n gesin met twee rygoed. My vrou, Elma, ry met 'n Corolla Cross, wat volgens my een van Toyota se beste modelle is. Die kar

is maklik om te bestuur, gerieflik, spog met goeie brandstofverbruik en bekostigbare diens- en versekeringskoste én is betroubaar. Al hierdie eienskappe is vir ons belangrik.

Aangesien ons gesin van oorlandreise hou en 'n boswa sleep, moet ons ook 'n 4x4-voertuig hê. Met my uittrede uit my vorige maatskappy het ek gereël om my maatskappybakkie, 'n 2023 Hilux GR-S 4x4-dubbelkajuit, te koop.

Die Hilux is natuurlik heeltemal die teenoorgestelde van die Cross. Hoewel dit maklik genoeg is om in die dorp rond te ry en hy baie betroubaar is, is die brandstofkoste aansienlik. Die grootste struikelblok is egter die versekeringspremie wat ongelooflik hoog is. My versekeraar, by wie ek al my eien- dom én my eie lewe verseker, wou nie die voertuig dek nie en ek moes elders om dekking gaan aanklop. Dit beteken waarskynlik dat ek van die Hilux ontslae gaan moet raak.

Maar nou dat die Land Cruiser 76-

stasiewa met 'n outomatiese ratkas en viersilinderenjin beskikbaar is (en beslis nie so dors soos my V8 sal wees nie), lyk dit na goeie keuse. Tensy ek iets miskyk.

As jy hierdie rubriek gereeld lees, sal jy weet ek is nie juis 'n aanhanger van elektriese voertuie nie. Maar Toyota se hibriede voertuie is ongelooflik doeltreffend – en hulle het steeds 'n enjin wat onder jou bewe en wat jy kan hoor.

Ek het onlangs verskeie hibriede huurmotors bestuur, en ek is elke keer verbaas oor hoe die stelsel in die agtergrond werk sonder om jou reis of jou genot van die voertuig te onderbreek. Met 'n minder afkeurende houding het ek dus selfondersoek gedoen en begin oplees oor hibriede tegnologie, en ek glo nou dit is 'n goeie keuse vir iemand wat in die mark is vir 'n nuwe motor.

Elma se Cross het nie 'n hibriede enjin nie en gebruik 8,5ℓ/100km vir die daaglikse heen-en-weerryery in die stad. Teen 110km/h op die snelweg daal die verbruik tot 6,9ℓ/100 km.

Die laaste twee kere toe ek 'n hibriede Cross in Kaapstad gehuur het, het ek 4,5-6,9ℓ/100km gekry terwyl ek die Wes-Kaap platgery het van die een vergadering na die ander. Dit is verstommend ekonomies.

Ek verneem die nuwe Hilux wat binnekort bekend gestel word, gaan 'n volledig ontwikkelde hibriede weergawe hê. As dit die geval is, is daar mos geen rede waarom hy nie ook in die Land Cruiser 70-reeks kan opeindig nie, of hoe?

Dit is goeie nuus vir die toekoms van die 70-reeks én vir my beursie. Ek gaan dalk 'n rukkiewag en kyk wat gebeur, want dit lyk of daar opwindende ontwikkelings om die draai is.





BULL RUN 2025

- STOF, EIENAARDIGHHEDE, AKSIE.

Ondersteun jou span en kry vandag nog jou toegangskaartjies vir die wildste naweek op 'n eindelose stofpan in die Karoo.

Ons kan al amper die enjins hóór brul, so erg sien ons uit na vanjaar se **Weg Ry & Sleep Bull Run in samewerking met Stanley!** Van 9 tot 12 Oktober 2025 keer die jaarlikse Bull Run terug na Vanwyksvlei in die Noord-Kaap en omskep ons dié plattelandse dorpie vir 'n klompie dae in 'n paradys vir petrolkoppe.

Daar is karskoue, en dan is daar die Bull Run. Hier is niks doodgewoon nie. Die

toereteller bly in die rooi en die stof draai deurgaans wanneer die deelnemers kom speel. En ons kuier dat die biesies bewe. Kom kuier saam... jy hoef nie in 'n ou skedonk te wees om te kom nie. Trouens, dis ewe lekker om van die kant af dop te hou hoe die Bull Runners jaag, want terwyl hulle met die stuurwiel stoei, kan jy al jou vuurtjie aansteek.

Die Bull Run gaan in sy wese oor brullende enjins,

saamkuier en die herinneringe wat jou vir jare nog gaan bybly.

Toeskouerkaartjies is nou te koop teen R1 800, wat jou volle toegang gee tot die naweek se feestelikhede wat die byeenkoms so onvergeetlik maak. Daar is baie kampplek beskikbaar waar jy jou tent vir die hele naweek kan opslaan.

Jy sal nie jammer wees nie. Boonop is vanjaar se borge topklas handelsname – die onvernietigbare

Stanley, die mes wat almal wil hê – **Leatherman** – en die handelsnaam wat jou alles kan vertel van karre koop en verkoop, **WeBuyCars**.

Kom ondersteun jou maters, kyk hoe kry ou enjins nuwe lewe, en geniet die voordele van die fantastiese borge teenwoordig. Boonop sal jy waarskynlik 'n klomp lekker nuwe mense ook ontmoet! Bespreek jou kaartjie vandag nog. Ons kan nie wag nie!



9-12 OKT
2025



**TOESKOUERKAARTJIES BESKIKBAAR BY
quicket.co.za**

Hulle weet nie wat ons weet nie

Ondanks tegnologiese vooruitgang en die onrealistiese idees van mense wat kamp net as 'n manier sien om te wys hoe deftig hulle is, bly die kern van die leefstyl dieselfde, sê **Neels van Heerden**.

Ek was 'n klompie jare gelede betrokke by pogings deur deur drie instellings wat onderskeidelik probeer het om die kampbedryf te verbeter. Die veldtog van die Toerisme-graderingsraad van Suid-Afrika (TGCSA) was die omvattendste, maar nie sonder sy tekortkominge nie. Die groot probleem was die gebruik van sogenaamde meester-assessors, wat 'n beduidende sê gehad het in gradering, maar in baie gevalle erg tekort geskiet het wanneer dit by praktiese kampervaring kom.

Hierdie assessors moes alle graderings-verslae goedkeur, wat onvermydelik tot konflik gelei het. In een saak het hulle daarop aangedring dat die badkamers van die weelderige Mount Nelson-hotel en dié van Mbizi, Suid-Afrika se eerste vyfster-woonwapark, aan dieselfde standaardde moet voldoen. Dit was onrealisties, en toe die TGCSA se meesterassessor Mbizi se gradering terughou, het die eienaar sy misnoeë sterk uitgespreek. Die TGCSA het daarop gereageer deur die graderingsbeampte summier te ontslaan.

Die Automobiël-assosiasie se poging om kampplekke in kategorieë te verdeel (soos boskampe, ATKV-oorde en kampplekke wat op spesifieke marksegmente fokus) was pragmaties en verdienstelik. Ongelukkig het dié poging momentum verloor toe die projekbestuurder die organisasie verlaat en die nuwe bestuur besluit om die gehaltestelsel af te skaal.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standarde het die nasionale standaard vir die kampbedryf probeer daarstel, en ek en my goeie vriend wyle Willie Bromehead was vrywillige deelnemers aan hierdie proses.

Ons primêre doel was om die belange

van kampeers te beskerm, en hoewel ons nie vir ons tyd en moeite betaal is nie, het ons kennis en ervaring bygedra. Hierdie inisiatief het egter ook misluk. Soveel so dat net die TGCSA-graderingsstelsel sedert 2014 regtig gebruik word.

Een van die vreemdste dinge wat ek in daardie tyd ervaar het, was met die SABS-proses. Een van die selfverklaarde “kundiges” wat 'n sê in die graderingsstelsel gehad het, was 'n weeldebehepte sosiale vlinder van Sandton en haar idees was die vergestaltung van onpraktiese wensdenkery.

Sy was vasbeslote om Suid-Afrikaanse kampplekke te omskep sodat dit weelde en glans bied, iets wat volgens haar juis ontbreek het. Volgens haar was die ATKV en Forever Resorts se ablusiegeriewe niks beter as dié van mynhostels nie.

Haar lys van voorstelle was nie net onuitvoerbaar nie, maar ook skreeu-

snaaks. Toiletpapier moes aromaties wees en ysblokkies moes elke halfuur in urinale geplaas word. Spieëls mag geen kampeerder laat lyk of hulle oorgewig is nie, want volgens haar is dit “negatiewe energie” wat mense ontmoedig om 'n kampplek te besoek.


Volgens haar moes tente nie meer van kakiekleur materiaal gemaak word nie, maar eerder in bloospienk en ander pastelkleure, om iets aan die vervelige landskap van tradisionele tente te doen.

Woonwaparke moes boonop pastelkleur pepersproei en gloei-in-die-donker armbande verskaf om ape, spinnekoppe en nagadders weg te hou, en woonwaens se standaardtoerusting moes insluit 'n cappuccinomasjien en alarmstelsel.

Willie, 'n ervare kampeerder met diep wortels in eenvoudige en realistiese kampervarings, het haar probeer oorreed dat kamp oor eenvoud en 'n aanpassing met die natuur gaan, en nie oor oordrewe luuksheide nie.

Hy het vertel hoe sy oumagrootjie van Cradock met 'n ossewa na die Natal-streek gereis het – en dit sonder lekker-ruik-witgoud of 'n bloospienk tent.

Ondanks tegnologiese vooruitgang en die onrealistiese idees van mense wat kamp net as 'n manier sien om te wys hoe deftig hulle is, bly die kern van die leefstyl dieselfde. Dit is 'n geleentheid om die natuur te ervaar soos dit is, al lek jou tent, al steel apies jou beskuit of al raak die gassilinder halfpad leeg terwyl jy 'n potjie aan die gang het. Kamp is en sal altyd 'n eenvoudige dog kosbare leefstyl wees wat avontuur en 'n liefde vir die buitelewe aanwakker. 



Ruil jy in?

Vat die bul by
die horings &
besoek ons

webuycars.co.za





ILLUSTRASIE DOMINIC WIENAND

Elkeen na sy eie smaak

Die kuns van kamp lê nie in duur toerusting of volmaakte staanplekke nie, maar in die genot van elke oomblik saam, sê **Linda Brink**.

Onlangs sit ek saam met vriende om 'n vuurtjie toe ons by 'n filosofiese vraag beland: Wat is die beste manier om te kamp? Soos met enige groot lewensvraag is daar geen maklike antwoord nie. Wat wél duidelik geword het, is dat die kampspesie, of dan *Campus generalis*, uit verskeie stamme bestaan – elk met sy eie gewoontes en rituele.

Kom ons begin met die lankstaankampeerder, die soort wat al tientalle

seisoene van dié leefstyl bemeester het. Hierdie gemoedelike groep bou letterlik 'n mikro-dorpie waar jy hulle natuurlike gasvryheid kan beleef. Vra maar vir enige lankstaner – kamp (of is dit bly?... dalk leef?) gaan nie oor net 'n tentjie en twee piekniekstoele nie.

Nee wat, hulle pak alles in wat los en vas is: 'n woonwa, aanlastente vir die kleintjies en dan baken hulle boonop 'n klein tuintjie op die staanplek af, soms kompleet met 'n tuindwergie wat oor die heining loer. Die stoeptent is ook nie

sommer net 'n stoeptent nie. Dis versier met kleurrike liggies wat soos sterretjies in die bome flonker en het 'n seilvloer wat daaglik skoongegee word, 'n volledig ingerigte kombuis waar jy enigiets van beskuit tot Sondagmiddagete soos jou ouma s'n kan berei. As ek hierdie kampspesie so gelukkig en tevrede in hulle natuurlike habitat aanskou, voel dit soms vir my ek wil my huis op die huurmark sit en hier by hulle kom intrek.

Die langstaners leef ook grootliks in volmaakte harmonie met mekaar. Ja, daar

is reëls, maar dis van die ongeskrewe en informele soort: Kom kuier as die ligte aan is, bring jou eie vleisie vir die braai, jou eie stoel om op te sit, jou eie glase, borde en eetgerei... en onthou altyd om iemand

se stoepplante te bewonder.

In hierdie gemeekskap is kamp nie net 'n leefstyl nie, maar 'n kuns. Stel jou voor hoe hulle in georganiseerde aktiwiteite hulle spanhempies dra – rooi vir jukskei, blou vir hoefies, en dalk geel vir die rugby-ondersteuners. En dan is daar dié van hulle wat met 'n swembadnoedel in die water dryf... 'n mens kan hulle seker die direksie noem, of nee, die parlement. Hier

word ernstige kwessies bespreek – van die volgende klompie dae se weerpatrone tot wie se braaihout vir die beste kole sorg.

Nou verskuif ons ons aandag na die geleentheidskampeers, wie se natuurlike habitat die wildernis is. Hierdie kampeers word altyd aangetref in plekke soos die Krugerwildtuin – waar jou uitsig oor die veld die toppunt van alles is en waar die geur van oggendkoffie en die roep van 'n visvanger vir 'n vroegoggend-glimlag sorg.

Hulle staanplekke is nie so eensoortig soos dié van die langstaners nie. Dit wissel van jong paartjies se tweemantentjies, waar hulle soos vlakvarkies knus neskop, tot tegnologie gevorderde dubbelaswone waens met lugreëling.

In die wildtuin is 'n staanplek langs die heining heel boaan die lys van begeerlike dinge. Dis te verstane, want jou kans is soveel beter om 'n onverwagse olifant of ander dier te sien terwyl jy niksvermoedend vanaand se braaivuur aansteek. Daardie staanplekke word uit die aard van die saak dus heel eerste beset en jy is, om doodeerlik te wees, baie gelukkig as jy jou daar bevind.

As dié ry beset is, moet jy elders 'n plekke vind. Maar dis nie sommer net vir vind nie; elke sentimeter van 'n potensiele staanplek word bestudeer, ontleed en

bereken. “Hoe waai die wind? Is ons naby die badkamer? Sal die kinders se geraas die voëls verdryf? Van waar af kom die reën?” Dit kan nogal vermaaklik raak vir toeskouers, want daardie onvoorspelbaarheid skep baie opwinding en afwagting.

Die visvangkampeerder is 'n baie spesiale spesie en enig in sy soort. Sy kamptuiste is eenvoudig en beslaan selde meer as 'n basiese tent wat jou net-net genoeg skuiling bied teen die fel middagson.

Hier val die klem nie op gerief nie. Hier maak net één ding saak: hengel. Waar hulle dus tekort skiet wat kamptoerusting betref, vergoed hulle dubbel en dwars met die blinkste, nuutste en gevorderdste hengelgerei. Die woord “indrukwekkend” is heeltemal onvoldoende om dinge te beskryf soos die visstokke in presiese formasies, die kunsas wat glinster soos 'n trofeeversameling, en natuurlik die magiese mielibom wat glo 'n geoorloofde aggressiewe lokmiddel is.

As daar ooit 'n vyandige aanslag sou plaasvind uit die dieptes van Loskopdam, is dit hierdie manne wat jy aan jou kant wil hê. Hulle is volkome daarop voorbereid en 'n skitterende eerste linie.

Aan die meer avontuurlustige kant het ons die 4x4-kampeerder. Hierdie spulletjie vind vreugde in die slegste moontlike paaie – en in sommige gevalle die totale afwesigheid van paaie.

Min dinge laat hulle harte vinniger klop as 'n moeilike klippad, rivierloop of sandduin – die soort hindernisse waarvoor die meeste mense nie die moed het nie. Die 4x4-kampeerder se toerusting is minimalisties dog indrukwekkend: daktente wat soos 'n magie oopvlek, veldrywaens wat lyk of hulle enige oomblik vir Nasa kan werk, en 'n enjin wat brul soos 'n roofdier.

Hulle voel letterlik hoe die bloed harder deur hulle are pomp wanneer hulle oorkant 'n afgrond of oor 'n rotspunt kan uitkyk.

Laastens kyk ons na die eenvoud en prag van die rugsakkampeerder. Hierdie mense se benadering tot die lewenstyl behels die vermoë om jou hele wêreld in een rugsak te pak. Maar die belonings is onbeperk.

In die stilte van die veld, ver van enige selfoonsein af, rol hulle saans hulle slaapsakke uit en sit langbeen agteroor terwyl 'n kampvuurtjie knetter.

Onder die weelde van 'n nag vol sterre vra hulle nie vir enigiets meer nie – die wêreld is dalk groot, maar hier, op hierdie plek, is hulle presies waar hulle veronderstel is om te wees.

Een van die grootste vreugdes van kamp is die mense wat jy ontmoet en die stories wat hulle met jou deel. Soos wanneer die lankstaner oorkant jou wat elke aand sy vuur op presies dieselde tyd aansteek, jou oornooi om te kom eet, en voor die aand verby is, is julle goeie vriende. Of die geleentheidskampeerder wat instemmend knik as jy vra of jy ook deur sy teleskoop na die sterre kan kyk. En dan vertel hy jou 'n klomp dinge wat jy nie geweet het nie en jy keer as 'n slimmer en meer ingeligte mens terug na jou staanplek toe. Dis sulke mense wat ons herinner dat kamp dié leefstyl is waar 'n mens jou medemens en die natuur die meeste waardeer.

Jy mag dalk effens skepties wees oor die hengelaars se sogenaamde geheime, maar in elkeen van daai stories wat hulle vertel, word 'n bietjie insig in die kampgees weerspieël. Geduld en deursettingsvermoë is al wat tel. En dan, wanneer die vis uiteindelik byt, deel almal 'n oomblik van kollektiewe vreugde.

Die 4x4-kampeerder bring weer 'n heel ander soort charisma. Hulle het altyd die beste katoeters om te wys hoe vooruitstrewend hulle is – van draagbare sonpanele tot waterfilterstelsels wat lyk soos iets uit 'n toekomsfiksieflik. Maar só maak hulle seker dat selfs die mees basiese kampplekke soos 'n luukse lodge voel.

Hoe antwoord ons dus die vraag oor die beste manier om te kamp? Daar blyk net een antwoord te wees: Wat jou ook al gelukkig maak. Vir sommige is 'n dubbelaswa met 'n stoep tent en 'n tuindwerg die droom, terwyl ander net 'n rugsak en die sterreheemel soek.

Ongeag jou voorkeur, onthou altyd dat die rykdom nie lê in die manier van kamp nie, maar in die herinneringe wat jy met jou saamneem.



Een van die grootste vreugdes van kamp is die mense wat jy ontmoet en die stories wat hulle met jou deel.



Maar jy lyk mos bekend?



Isuzu Trooper

Deesdae is dit algemeen dat verskillende vervaardigers dieselfde ryding vat en hulle eie kenteken daarop plak. Een voertuig het egter aansienlik erger deurgeloop as die res.



Het jy dalk iewers 'n seldsame sleepselsel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na rysleep@weg.co.za



Acura SLX



Honda Horizon



Opel Monterey

Die Amerikaanse voertuigreus General Motors was bekend daarvoor dat hy geaffilieerde maatskappye se rygoed vat en skynbaar lukraak ander kentekens aanbring – dink maar aan die Isuzu mu-X wat aanvanklik in Suid-Afrika as die Chevrolet Trailblazer verkoop is.

Die tweede geslag Isuzu Trooper het egter die swaarste onder GM se manewales deurgeloop. Die Trooper is in sommige Suid-Amerikaanse markte verkoop as die Chevrolet Trooper. In Brittanje is hy die Vauxhall Monterey genoem en op die vasteland het Euro-peërs hom as die Opel Monterey geken.

Australië het die Holden Jackaroo gekry en ook die HSV Jackaroo, met 'n V8-enjin (HSV staan vir "Holden Special Vehicles"). Later ook die Holden Monterey met 'n V6-enjin.

In Isuzu se tuisland is die Trooper verkoop as die Subaru Bighorn en die Honda Horizon.

Amerika het die Acura SLX gekry. Acura is die luukse weergawe van Honda, Nes Lexus 'n luukse Toyota is, maar die Amerikaanse Acura SLX was identies aan die Japannese Honda Horizon. Die ironie is dat die Isuzu Trooper ook in Amerika verkoop is, op dieselfde tyd en teen 'n aansienlik laer

prys – vir presies dieselfde ryding!

Motorskrywers het Honda (en GM) se gekonkelry uitgewys en verkope van die Acura SLX is kort daarna gestaak.

'n Chinese maatskappy met die naam Sanji (geen verbintenis met General Motors nie) het die Sanji Trooper in China verkoop en Maleisië het die Trooper geken as die Isuzu Citation.

Die Trooper is van 1991 tot 2002 vervaardig, en in daardie 11 jaar was daar 9 verskillende kentekens op sy sierrooster en 12 modelname op sy voordeure.

In Suid-Afrika was hy egter altyd die Isuzu Trooper, soos dit hoort. 📧



Holden Jackaroo



HSV Jackaroo



Vauxhall Monterey

PIONEERING BRILLIANCE.

DIE P-REEKS: HERDEFINIEER

PROGRESSIEWE VOLHOUBAARHEID

Intuïtief om te beheer, met 'n briljante liggehalte en meer volhoubaar as ooit tevore: Die hele P-reeks is herdefinieer. Gewortel in ons erfenis as vroeë LED-pioniers, het ons ons flitse na die volgende vlak gebring.



**VERKEN
DIE NUWE
P-REEKS**



TYD VIR SKEMERKELKIES IN ONS TWILIGHT REEKS.



Neem jou avontuur na die volgende vlak met Stanley se nuwe **Twilight-kleurreeks** koelers, waterkanne, reisebekers, tuimelaars en 'flip straw' bottels. Met kenmerke soos dubbelwandige isolasie en lekbestande deksels, is hierdie reeks ontwerp om jou kos en drankies warm of koud te hou van sonop tot sononder.

STANLEY®

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24